

HOE OM TE SKRYWE

DEUR

E. C. PIENAAR

en

C. J. LANGENHOVEN



HOE OM TE SKRYWE

HOË OM TË SKRYWE

Hulpboekie by die Studie van die Stelkuns

deur

E. C. PIENAAR, B.A., Litt.D.,

Professor in Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit
van Stellenbosch

en

C. J. LANGENHOVEN, B.A., LL.B.,

Hon. D. Litt., Stellenbosch



[Alle Regte Voorbehou]

NASIONALE PERS, BEPERK,
Kaapstad, Stellenbosch en Bloemfontein.

1932.

VOORWOORD

As sinoniem met *Algebra* is *Stelkuns* in Afrikaans onbekend en in Nederlands noueliks nog gangbaar. Daarom het ons die vryheid gebruik om die term in diens te neem vir hierdie doel — as naastenby 'n ekwivalent vir die Engelse *Composition*.

En die doel, soos ons probeer het om in die Inleiding verder uiteen te sit, sluit enersyds die gewone elementêre spraakkuns, en andersyds die meer gevorderde letterkundige studie uit.

As daar van die Vrae en Oefeninge beskou word as "swaar", meen ons dat so 'n swarigheid alleen maar daarin bestaan dat hulle intelligente nadenking vereis. Die boek is nie vir papegaai-leerlinge bedoel nie.

Aan die ander kant raak ons vrae en oefeninge maar deeltjies van die behandelde veld — wat self maar deeltjies van die behandelbare geheel vorm. Die verstandige onderwyser — of self-onderwysende leerling — sal natuurlik beide lesse en toetse aanvul. Met die oog op die algemene behoefte waarin dit ons strewe was om enigermate te voorsien, het ons ons opséttelik weerhou van so 'n uitbreiding van die werklike dat hy kon gelyk het asof hy bedoel was as 'n teksboek vir gespesialiseerde studie. Alle leerplanne, laer en hoër, is alreeds so veel-eisend dat daar nie aan te dink is om vir nuwe vakke plek te soek of ou vakke se plek te vergroot nie. Maar tog — die aanwendsel van suiwerheid van gedagte en noukeurigheid van woord kan nie beskou word as 'n weelde-vak nie maar as die eerste noodsaaklikheid van alle opleiding.

By kollaborasie tussen 'n praktiese skrywer wat nie alte bekend is vir onderdanigheid aan gesag nie, en 'n teoretiese vakman wat uit langjarige beroeps-gewoonte

enigsins geheg is aan dië pedagogiese tradisie — 'n lid van die klas wat deur eersgenoemde roekeloos bestempel is as "akademiese fariseërs" — is dit begryplik dat 'n tamelike mate van wedersydse kompromis nodig was. Maar by die uiteindelijke resultaat is dit vir albei van ons — en vir die leraar in die lettere nie te minder nie — 'n genoeë om ons bereidwilligheid te betuig om afsonderlike sowel as gesamentlike verantwoordelikheid te dra vir die volle inhoud van die boek.

E. C. P.

C. J. L.

Stellenbosch,
November, 1931.

INHOUD

<i>Hoofstuk</i>	<i>Bls.</i>
I. Inleiding	1
II. Voorvereistes en Oefenmetodes ..	7
III. Woordekeus	27
IV. Sinsbou	44
V. Indeling en Sy Hulpmiddels	65
VI. Die Taalele	81
VII. Figuurlike Taalgebruik	107
VIII. Mikpunte	122
Onderwerpe vir Opstelle	154

HOOFSTUK I

INLEIDING

Die doel van hierdie handboek is natuurlik nie om leerlinge op te lei tot skeppende kunstenaars nie. *Poeta nascitur non fit* kan met waarheid in 'n baie algemener omvang gestel word: Die kunstenaar word gebore, nie gemaak nie.

Dit wil nie sê dat die kunstenaar nie net soos enige ander mens sy materiaal moet leer hanteer nie; net maar dat die kunsvermoë wat nie aangebore is nie, nie aangekweek kan word nie. Tot op 'n sekere hoogte is daar dieselfde noodsaaklikheid van opleiding vir almal wat aan hulle gedagtes en gevoelens uitdrukking te gee het — dit wil sê, die laaste een van ons. Hierdie werk gaan nie verder as daardie hoogte nie.

Maar almal van ons gaan praat-praat ons lewe deur. Gedagte-wisseling is 'n noodsaaklikheid van ons alledaagse bestaan. En skrywe is maar 'n besondere manier van praat. Dis waar, skrywe is kunsmatig, maar praat is ook kunsmatig: dis nie 'n aangebore vermoë nie, ons moet elkeen van ons dit aanleer. Omdat ons so vroeg daarmee begint en so onafgebroke ons lewe lank dit beoefen, word dit deur gewoonte so goed as natuurlik — 'n tweede natuur. So word skrywe minder en minder bewustelik kunsmatig en meer en meer onbewustelik natuurlik, hoe meer dit beoefen word. Barbare skryf gladnie; onder min of meer beskaafde nasies is daar sogenaamde "laer" stande wat omtrent nooit skryf nie. Opstygende tot meer en meer bevoorregte stande vind ons dat daar meer en meer geskryf word. Daar is

besondere beroepe soos byvoorbeeld, die van die leraar, hoogleraar, predikant, prokureur, notaris, advokaat, regter, waar skryfbevoegdheid 'n noodsaaklike deel van die beroep is. By die belangryke hedendaagse beroep van die joernalistiek is dit letterlik die hele beroep.

Al hierdie vakmense is nie kunstenaars nie, hoef dit ook nie te wees nie. As een of ander van hulle dit is, is hy dit toevallig. Maar elkeen van hulle kan vir sy doel goed skryf of sleg skryf, en hy behoort goed te skryf.

Dus vir hierdie en ander beroepskrywers is 'n behoorlike opleiding in wat ons sal noem die skryfambag, om dit te onderskei van die letterkundige skryfkuns, onontbeerlik, netso onontbeerlik as die ander bevoegdhede wat in die betrokke beroep vereis word. Maar ook die ander van ons, by wie dit geen ambagsbehoefte is nie, vind dit gedurig nodig om ons gedagtes op papier te sit. Dit kan intieme briewe wees aan vriende of famieliebetrekkings; dit kan politieke propaganda wees wat ons dit nodig vind om te versprei; dit kan bydrae wees tot die bespreking van belangryke vraagstukke van die dag, by wyse van korrespondensie in die nuusblaaie of andersins. In al hierdie gevalle behoort ons, terwille van diegene aan wie ons ons woord rig, en terwille van onsselwe, omdat ons fatsoenlike mense is en ons selfrespek wil handhaaf, die beste te maak van wat ons te sê het. Netsomin as wat ons dit kan bekostig om onbeleefd te wees in ons omgang, onverskillig in ons gedrag, slordig op ons klere — netsomin het ons die reg om by wat ons skryf, vir welke doel ook, kort te kom aan deeglikheid.

Nou, ons het almal op skool, selfs op die laer skool, geleer skrywe; nie net geleer om met pen en inkt letters te maak nie, maar om die letters tot woorde saam te stel en die woorde tot sinne en die sinne tot opstelle en so voort. Hier word veronderstel dat daardie gewone skoolopleiding voldoende was sover as dit gegaan het, en deur die leerling voldoende benuttig is. Maar

om nie taalfoute te begaan — om jou-nie skuldig te maak aan foutiewe spelling en spraakkunstige gebreke nie — is nog maar negatief. In hierdie opsig, soos elders, skuld 'n mens dit aan jouself om meer te doen as om net nie kwaad te doen nie: jy moet positief deugdelik wees. Dis so 'n ietsie van daardie deug (wat moet bykom nadat die ondeug vermy is) wat die skrywers met hierdie boek beoog. Daarvoor, moet hulle erken, kon hulle nie veel meer doen nie as een en ander aan die hand gee by wyse van aanduiding en waarskuwing. Hulle is maar, skoolmeesterlik, grotendeels ook weer tot negatiewe “moenies” beperk. Maar die moenies is in hierdie geval bedoel om verder te gaan as die blote verbod van taalfoute.

En 'n mate van moenie-waarskuwing lyk vir ons, met die meeste beskeidenheid gesê, in óns dae nodig. Tot onlangs was ons oor die algemeen byna 'n nie-skrywende volk, gedeeltelik deur verwaarlosing, deur gebrek aan voorregte, deur beroeps-omstandighede, maar ook gedeeltelik deurdat ons wel ons eie taal had om te praat maar nie ons eie taal om te skryf nie. Sodra ons nodig had om te skryf in plaas van te praat, is-die misopvatting by ons ingeskoolmeester dat die skryftaal nie maar 'n praattaal deur 'n besondere medium van voorstelling is nie, maar 'n besondere medium van uitdrukking. Daarvoor moes ons 'n vreemde taal gebruik, Engels of Nederlands. En die was nooit natuurlik — selfs in die sin van tweede-natuurs soos ons dit hierbo genoem het nie — maar moellik-, dikwels pynlik-, kunsmatig. Nadat die omwenteling gekom het, en ons almal aan die skryf gegaar het in ons gladvloelende, eenvoudige, natuurlike Afrikaans, het die nuwe openbaring met so 'n skok van verrassing gekom dat ons geneig was om tot die teenoorgestelde uiterste te gaan. Skryf nou soos jy praat, maklik en sonder inspanning; daar is geen lastige tug meer om onder te buk nie. Asof Afrikaans nie netso goed as enige ander taal, en meer nog as ander tale omdat hy soveel eenvoudiger is, tot hoogtes en laagtes, tot waardigheid en platheid, bruikbaar is nie! Hierby

kom, wat nie net vir Afrikaans geld nie maar vir die skryfgehalte van ander beskaafde volke se tale, dat die hedendaagse opvoedings-vereistes so geweldig vermeerder het dat baie van vammelewe se kostelike dissiplienes by die taalonderwys meer en meer afgeskaf is, eenvoudig omdat die opvoedings-tydperk van die menslike lewe nie gelykelyk verleng is met die uitbreiding van opvoedings-eise nie. Die klassieke, byvoorbeeld, word allengs uitgeskuif; en watter waarde die studie van Grieks en Latyn ook anders had, hierdie waarde had dit sekerlik, dat dit die leerling versigtig gemaak het met wat hy sê en hoe hy dit sê en dat dit hom met onverbiddelike strengheid van logika geleer het, juis deur die vreemde segswyse, hoe die spraakdele aanmekaar voeg om die geheel uit te maak. Maar wat ook die oorsake mag wees, daar is 'n algemene vervlakking van skryfgehalte bespeurbaar — en ons praat nog altyd hier, nie van die skryfkuns nie maar van die-gewone skryfambag. Hierdie verskynsel is nie beperk tot die verbygaande dagblaai en tydskrifte, pamflette en traktate nie. 'n Mens merk dit by werke wat die stempel van geleerde deeglikheid behoort te dra. Dikwels lyk dit na meer as blote luffigheid of onverskilligheid; dit lyk na onkunde, na 'n gebrek aan begrip van elementêre stelbeginsels. So 'n toestand kan nie regstreeks met onderrig, met reëls en voorskrifte, verbeter word nie — daar hang te veel van die individu af; elkeen van ons is maar groteliks 'n produk van sy eeu; tugteloosheid en gebrek aan naarstigtheid is in die lug wat ons almal inasem. Maar sonder onderrig bestaan die gevaar dat die verkeerde van die toestand naderhand, gladnie herken nog minder erken word nie. Het ons gepraat van 'n skrywer se eerbied vir sy lesers en vir homself? Daar is eerbied verskuldig aan ons Afrikaanse taal, ons kostelike, nuut-ontdekte besitting. Ons leef in 'n vormings-tyd; ja meer, ons is almal vormers; elke nuusblad, elke boek, elke openbare geskrif, is 'n moontlike invloed om ten goede of ten kwade te geld vir die toekoms. Op almal van ons rus daar die

verantwoordelikheid om ons skat nie alleen skoon nie maar blink ná te laat aan dié wat kom.

Laat ons 'n rede aangee waarom hierdie boek nie die naam dra van "stylboek" of "styleer" nie. Die styl van 'n geskrif is 'n kenmerkende eienskap, en die eienskap kan meer algemeen wees of meer besonder of selfs individueel. Ons stip dié volgende soorte styl aan:

(a) Die styl van die betrokke volk en taal. Gedeeltelik omrede van verskille van volkskarakter, gedeeltelik deur verskille van taalstruktuur, is daar 'n ander styl in 'n Franse boek as in 'n Duitse en in 'n Afrikaanse as in 'n Nederlandse. En hierdie andersigheid is so diep vasgeveg in die weefsel van die verskeie voortbrengsels dat dit selfs by vertaling oorgedra word.

(b) Die styl van die betrokke geskiedkundige tydperk. Daar is 'n ander styl in die Ou Testament van die Bybel as in die Nuwe, weer 'n ander in die klassieke Griekse en Romeinse lettere, 'n ander in die moderne tale soos in die Middel-eeue geskryf, en 'n ander soos hulle vandag geskryf word.

(c) Die styl van die betrokke onderwerp of doel of geleentheid. Daar is een styl in 'n preekbundel, 'n ander in 'n regterlike uitspraak, weer 'n ander in 'n wetenskaplike verhandeling, nog weer 'n ander in 'n stuk humor, in 'n koerant-artikel, in 'n doodsberig, in 'n sportverslag, en so tot in die oneindige. Die verskil van vorm word natuurlik teweeggebring deur verskil van inhoud, want inhoud en vorm werk wederkerig op mekaar in, en somtyds is die twee onafskeibaar van mekaar. Maar dis byna of daar iets meer is. Die oogmerk van die boodskap bepaal die gees van die woorde waardeur hy oorgedra word.

(d) Die styl van die betrokke skrywer. By gewone gesels, by redevoerings, by alle gebruik van die spreektaal, het een mens nie alleen 'n ander stem as 'n ander nie, maar 'n ander manier om sy woorde te kies en agtermekaar te sit. Daarom is die een spreker, ook waar

die inhoud dieselfde is, meer boeiend, dit wil sê meer doeltreffend, as die ander. En netso is dit by die gebruik van die skryftaal. Natuurlik is die een mens in hierdie opsig meer van 'n kuddedier en sy styl meer enersalgemeen, en die ander is sterker individualisties en sy styl meer persoonlik-eienaardig. Somtyds kan die eienaardigheid in plaas van 'n deug 'n gebrek wees, soos in die spreektaal by die stotteraar. Maar ons is maar nie eners van binne nie en nie eners na buite toe nie.

Nou, dis klaarblyklik dat die soorte styl wat ons hier genoem het, selfs die laaste, nie soos die spraakkuns uit reëls en voorskrifte aangeleer kan word nie. Maar daar is skryfeienskappe wat nie eintlik as styleienskappe behoort beskou te word nie omdat hulle nie kenmerke of onderskeidingstekens van die een geskrif teenoor die ander behoort te wees nie maar deur alle geskrifte van alle tale en alle tye en alle skrywers, behoort besit te word. Byvoorbeeld, om enkele daarvan te noem, elke stuk skryfwerk behoort netjies te wees en nie slordig nie, eenvoudig en nie ingewikkeld nie, helder en nie troebel nie, welluidend en nie wanklinkend nie, logies en nie verward nie, waardig en nie verspot nie, natuurlik en nie gekunsteld nie. Dis waar, aanleg het daar baie mee te doen; die een skrywer sal beter daarin slaag om hierdie en verdere vereistes ná te kom as die ander, netsoos die een mens, al is hy nie 'n meester-musikus nie, beter sal leer klavierspeel as die ander. Maar dit sluit nie die wenselikeid van opleiding en oefening uit nie. Daarsónder is ook die goeie aanleg onbekwaam, en vir die swakkere is dit te meer nodig. Om hierdie soort hulp te gee aan wie ook skryfwerk te doen het, en wat hy ook te skryf het, of dit 'n persoonlike brief is of 'n advertensie of 'n politieke pamflet of 'n preek of 'n kontrak of 'n verslag of wat ook, is die doel van hierdie boek.

HOOFSTUK II

VOORVEREISTES EN OEFENMETODES

Sonder die teorie is opleiding in enige vak nou, darem nie moontlik nie. Ons moet reëls en voorskrifte hê om te weet waarom ons 'n ding só moet doen en nie netso goed anders kan doen nie. Ons moet reëls hê as maatstaf om ons voortgang te toets. Waar ons ons eie foute agterná raaksien, of waar ons onderwysers of ander ons tereg wys, veronderstel die tereg wysing dat ons een of ander gebiedende voorskrif oortree het. As redelike wesens vra ons: Waarom? Voordat daar aanspraak kan wees op gehoorsaamheid moet daar regverdiging wees vir die gesag. En hierin is daar 'n beskerming vir die gesag self: daar is nou geen verskoning-meer vir tugteloosheid en ongehoorsaamheid nie — daar is wet in plaas van willekeur.

Maar geen reël het ander waarde as by sy toepassing nie. Vir alle opleiding is die praktyk onvergelykelyk meer wêrd as die teorie. Op hierdie selfde gebied waarmee ons nou te doen het, dié van die taalgebruik, het elkeen van ons sy eerste en belangrykste opleiding gehad deur praktyk sonder teorie. Ons het almal van kleins af ons moedertaal leer praat met oefening sonder om hoegenaamd van reëls te weet. En daardie opleiding was tegelyk die maklikste en doeltreffendste van alle leerplanne tot enige bekwaamheid wat ons in ons lewe bereik het. Ongeletterde volke gebruik hulle taal, en gebruik hom suiwer, sonder om ooit taaleëls bewustelik toe te pas. So, deur honderd jaar en langer, het ons ons eie Afrikaans gepraat sonder geformuleerde reëls. Ja, en so is hy ontwikkel en gevorm, stap vir stap, van

geslag tot geslag, sonder dat sy voortgang deur gestelde reëls voorgeskryf is. Reëls maak ook nooit 'n taal nie; die taal maak die reëls. Wanneer die taal daar is, word sy vorm bestudeer en die reëls, wat niks anders is nie as 'n beskrywing van wat so en so bestaan, bepaal dan, nie wat die gebruik behoort te wees nie, maar wat hy is. Omdat ons, in die generasie waarin ons leeftyd geval het, skielik aan die skryf gegaan het, het ons die voorreg van 'n frisse, natuurlike, lewende medium wat nog nie deur skoolse reëls aan boei en bande gelê is nie. En daarom kan hy in ons hande nog vry voortgroei en verder natuurlik ontwikkel. Daarom ook is die gevaar van tugteloosheid te groter. Dus die twee, teorie en praktyk, voorskrif en vóorbeeld, stelling en oefening, moet maar hiervandaan saamwerk. Maar verreweg die vernaamste van die twee is die oefening, die oefening wat so lank aanhou met die toepassing van reëls dat alle bewustheid van reëls naderhand oorbodig word en verdwyn.

Hierdie hulpboek by die studie van die stelkuns bepaal hom tot voorskrifte. Die beoefening moet aan die leerling oorgelaat word. In hierdie hoofstuk word wenke aan die hand gegee omtrent een en ander van die belangrykste vorms van oefening. En dan weer word die beoefening van die oefenings-voorskrifte aan die leser gelaat.

SPREEKOEEFENING

Een van die kostelikste gawes wat die mens ontvang het, is sy stem, sy spraak; dis die vernaamste middel tot uiting van sy gedagtes en gevoelens. En tog, hoe weinig mense is daar wat die regte gebruik maak van hierdie wonderlike gawe, wat hulle daarop toelê om mooi en sulwer te praat. En daarby moet ons nie vergeet nie dat spraakslordigheid weer aanleiding gee tot skryfslordigheid.

Die grondoorsaak van hierdie algemene verskynsel lê voor die hand: van jongs af moet die kind maar groten-

deels self leer om te praat, moet hy sy taal so te sê self optel; en daarby is sy vernaamste "deskundige" leiding in so menige geval . . . die kindermeid. Kom hy dan later op skool, dan moet hy eers verlear om weer reg te kan leer; en in die meeste gevalle is die kwaad dan reeds so diep gewortel dat die spore daarvan hom sy lewe lank bybly.

Natuurlik yerwag 'n mens dat die publieke spreker, die kanselredenaar of die universiteitsprofessor vanself op sy hoede sal wees om wat hy te sê het nie deur slordigheid van voordrag te bederf nie. Maar hoe is dit gesteld met die omgangstaal van ons alledaagse lewe? Hoe praat die meeste van ons—om nie te praat van wát ons praat nie?

Daar is vereers die kwessie van *uitspraak*. So moet 'n mens voortdurend, selfs in ons sogenaamde beskaafde kringe, hoor van *hierie* en *darie*, *kinners* en *mirrag*, *versigttag* en *taggentag*, *pampier* en *perstes*, *gebeloof* en *gevertel*, *innie* tuin en *oppie* dorp—om maar enkele alledaagse voorbeelde op te som. Natuurlik sal jy dadelik vir 'n ridder van die velskoen aangesien word as jy jou in Engels aan 'n dergelyke doodsonde sou skuldigmaak, maar ons Afrikaanse taaltrots skyn nog nie sterk genoeg ontwikkel te wees om so 'n taalgebruik as onopgevoed te brandmerk nie.

Dan is daar die *Boelandse iesels* wat daar *boe* in die *kloef* wei, en *Djannie* wat op die *vidjool* speel, en so voort. Maar een van ons mees algemene en hinderlikste uitspraak-gebreke is seker die ontronding van vokale: *hys* (huis) en *tyn* (tuin), *mier* (muur) en *vier* (vuur), *deer* (deur) en *seen* (seun), *din* (dun) en *bil* (bul), *jille* (julle) en *hille* (hulle). Ja, selfs van die preekstoel af word die hoorder dikwels reeds by die aanvang ontstig deur: "Ik ben de Here ie God, Die ie yt Egipteland, yt het diensthys, ytgeleid heb" . . . , terwyl sy aandag verder van die inhoud van die prediker se boodskap afgetrek word na die gebrekkige en gebrekklike vorm daarvan. As daar één spreker is wat jaloers

behoort te wees op die woorde van sy mond, dan is dit die kanselredenaar; want veral hier is die woorde van die groot Spreukskrywer van toepassing: "Een rede, op zyn pas gesproken, is als gouden appelen in zilveren gebeelde schalen" (Spr. 25: 11).

Maar behalwe 'n sulwer en duidelike uitspraak is ook die *betoning* of *aksent* 'n faktor van groot betekenis om die doeltreffendheid van ons woorde te bevorder. Ons kan drie soorte of grade van aksent onderskei: 'n Spraakklank kan met meer of minder sterkte uitgespreek word, dit kan hoër of laer van toon wees, en korter of langer van duur. In die eerste geval het ons dan te doen met *toonsterkte* (ook genoem *klemtoon* of *nadruk*), in die tweede met *toonhoogte* (ook genoem *musikale* of *melodiese aksent*), en in die derde met *toonduur* (ook genoem *tempo* of *temporale aksent*).

Die toonsterkte is 'n belangryke element om die betekenis van 'n sin te bepaal, afgesien van die begripswaarde van die woorde self. Laat ons dit ophelder deur 'n eenvoudige voorbeeld. Spreek die sin "wat maak jy daar?" agtereenvolgens uit met die nadruk elke slag op 'n ander woord, en let op hoe die betekenis gewysig word.

1. *Wat maak jy daar?* (Nou is dit 'n bestraffing wat 'n arme onwetend sondigende kind die skrik op die lyf ja.)
2. *Wat maak jy daar?* (Die spreker lug sy ergernis oor 'n stuk werk wat deur 'n onderhorige verknoel word.)
3. *Wat maak jy daar?* (Jy hoort mos nie daar nie.)
4. *Wat maak jy daar?* (Dis die laaste plek waar 'n mens jou sou verwag het.)

In al hierdie gevalle dien die klemtoon dus om 'n bepaalde bedoeling van die spreker kenbaar te maak. Word daar egter geen spesiale nadruk op een van die woorde gelê nie, dan bevat die sin 'n vraag van vriende-

like belangstelling. Gewoonlik val die klemtoon op die belangrykste woord in die sin, of word dit gebruik om ons bedoeling kragtiger uit te druk, sonder om juis die betekenis van die sin te wysig.

Die klemtoon is verder 'n middel om teëstellinge skerp te laat uitkom: Alles of niks; nou of nooit; vroeër of later; nie hier nie maar daar. So'n teëstelling kan soms selfs die gewone woordaksent verplaas. So sê ons b.v.: "Die moordenaar het skuld bekén," of "die moordenaar het ontken dat hy skuldig is" (albei met die nadruk op die hoofdeel van die werkwoord). Maar om 'n teëstelling uit te druk: "Die moordenaar het nie sy skuld beken nie maar ontken" (albei met die nadruk op die voorvoegsel).

Die *toonhoogte* dien nie net om 'n vraag van 'n mededeling te onderskei nie, maar ook om 'n bepaalde "stemming" van die spreker kenbaar te maak. So sal by verskillende gemoedstoestande—soos byvoorbeeld verbasing, verwondering, ontsteltenis, twyfel, teleurstelling, droefheid, blydschap, uitgelatenheid, en so voort—die toonhoogte telkens verskillend wees. Luister maar hoe iemand praat as hy opgewonde en driftig is, of neerslagtig en treurig. So kan die sin: "Is dit regtig waar?" verskillende gemoedstemminge vertolk, al na gelang van die toonhoogte van 'n bepaalde woord.

Die *toonduur* sal weer verskil by 'n bevel of berisping (kort en vinnig) en netso by 'n versoek of vraag (lang-samer) en so voort.

Hierdie drie elemente van die sins-aksent (duidelikheidshalwe het ons hulle hier apart bespreek, maar hulle is eintlik nie van mekaar te skei nie) werk saam om die fynste verskille in die betekenis en gevoelswaarde en klankwaarde van woorde en sinne aan te dui. En dis juis die spontane wisselwerking en harmonisering van toonsterkte, toonhoogte en toonduur, met ander woorde die *taalritme* (wat weer niks anders is nie as die verklanking van *sielsritme*) wat die goeie spreker onderskei van die swakke en een van die essensieelste

kenmerke is van die woordkuns, laat dit prosa wees of poësie.

Hieruit blyk tewens watter groot voordeel die gesproke woord het bo die geskrewe woord, temeer nog omdat (afgesien van die spraakklank en sy betoning) houding, gebare en gelaatsuitdrukking van die spreker nie op papier kan weergegee word nie. En daarom temeer moet ons nóg versigtiger en sekuurder skryf as wat ons praat.

Die volgende vers van Beets (al is dit nie poësie nie) bevat behartenswaardige wenke vir die spreker sowel as die voordraer:

“Laat schone verzen glad van effen lippen vloeien,
 Maar gil, noch galm, noch kwaak, noch bulder, woest en luid;
 Weerhoud uw arm en hand van haam'ren, zwaaien, roeien;
 De molenwiekerij drukt geen verrukking uit.
 Des dichters hartstocht stijge als opgezette baren,
 Hij zij een storm, een stroom, die alles met zich voert:
 Gij, blijf uw kalmte, uw kracht, uw meesterschap bewaren,
 En daar ge een ander schokt, schijn zelf niet eens geroerd.”

DINKOEFENING

Eers dink en dan praat; eers die begrip en daarna die woord; eers die gedagte en daarna die sin — dit is die normale prosedure by die grootmens. Maar by die kind kry ons net die omgekeerde: eers praat en dan dink; hy leer eers bewustelik nadink lank nadat hy geleer het om te praat. Daarom bestempel ons dit as 'n kinderagtige redenering wanneer 'n grootmens praat soos 'n kind, dus sonder om te oorweeg wat hy sê. Want op die ou end hang die waarde of onwaarde van wat 'n man sê, en die behendigheid of onbehendigheid waarmee hy dit sê, van 'n beginsel af wat dieper lê as alle ander oefening in die teorie of beoefening van die praktyk. Die een skrywer se styl en en sy inhoud verskil van dié van die ander soos hulle gedagtegehalte verskil. Wat nie binne is nie kan nie uitgedruk word buitentoe nie.

Daarom is daar nie 'n vak van verstandelike onderwys wat nie kan meetel as 'n voorbereidende skryfoefening nie. Die leerling op skool wat rekenkunde, wiskunde, natuurkunde, aardrykskunde of geskiedenis leer, leer dink, en deur te leer dink leer hy om hom uit te druk. Sonder dat daardie opleiding so genoem word, of so bedoel word, is dit in werklikheid 'n skryfkundige voorbereiding van die essensiëleste waarde. 'n Skrywer kan nog sonder gevoel wees, hoewel dit beter is as hy dit besit, maar as hy sonder verstand is het ons geeneen vir hom tyd nie. En selfs die gevoel wat nie deur die verstand beheers word nie, omdat daar geen verstand is om hom te beheers nie, ry pérd sonder 'n toom.

Die skrywer het 'n agtergrond nodig van kennis en ervaring en belesenheid, 'n uitgestrekte agtergrond sodat hy kan uitsoek en laat bly, en meer laat bly as wat hy uitsoek — en sy werk sal wys dat hy nie verplig was om voor die voet te vat nie, maar uitverkore juwele gehaal het uit 'n groot skatkamer; 'n deurgewerkte agtergrond waarvan hy meester is omdat hy elke duim daarvan bepeins het. Hy het sy eie gedagtes "laat gaan"; hy sal ander se gedagtes kan laat gaan.

Maar dis 'n soort oefening hierdie wat aanhoudende inspanning van die brein vereis, want 'n mens kry niks verniet wat die moeite wêrd is om te besit nie. Veral geestelike eiendom kan jy nie erf nie, netsomin as wat jy dit kan nalaat: jy moet dit maar self verower. En ongelukkig lei ons hedendaagse onderwys-praktyk, met al sy eksamenstelsels en voorgeskrewe roetine-werk, onwillekeurig daartoe om die geheue te oorlaai ten koste van die dinkvermoë. 'n Massa voorgeskrewe materiaal word jaarliks deur vakeësperte vir eksamen-doeleindes pasklaar gemaak, vir die leerling ingepomp, deur hom weer op die bestemde tyd uitgepomp, om daarna as onverteerde geheue-ballas so gou moontlik vergeet te word. Want nou moet die pakhuis weer vir 'n nuwe voorraad in gereedheid gebring word.

Dit spreek vanself dat daar by so 'n metode geen sprake kan wees van 'n selfverowerde en blywende

geestesbesit nie. Maar wat nog erger is: die leerling en die student kan of wil op die ou end nie meer self dink nie; hy deins terug vir "fundamental brainwork"; hy soek die "line of least resistance"; kortom — hy word geleef en gedink. Waarom sal hy hom ook onnodig moegmaak? Die meester en die professor is mos daar om die werk te doen, om vir hom te dink. Al wat hy nou hoef te doen is net napraat en naskryf. Die noodwendige resultaat is bewuste en onbewuste plagiaat op groot skaal; orals verneem ons "his master's voice," by ge- en bedokterdes, by half- en volgeleerdes.

Hierdie ongelukkige toestand word verder nog in die hand gewerk deur die moderne tydgees. Ons kan dit elke dag rondom ons waarneem, veral in die groot stedé, hoedat die menselike strewe net op een mikpunt gerig is: om 'n maksimum van ontspanning te verkry met 'n minimum van inspanning. Die koersagtige géjaagdheid van die mensdom, met sy op-rekords-beluste motor-kâr en vliegtuig, sy sedebederwende klankprent en smaakbederwende jazz-tingeltangel, sy oppervlakkige prikkellektuur en onversadigbare hunkering na genot en vermaak en sensasie — dit alles werk daartoe mee om die dinkgewoonte soveel moontlik te ontmoedig en intellektuele luiheid aan te kweek. Die mens het nie meer tyd om stil te sit en rustig na te dink nie; hy is bang vir die stilte en die eensaamheid, bang vir afsondering en meditasie.

Maar laat die leerling dit altyd in gedagte hou dat alleen selfstandige nadenking inhoud kan gee aan sy lewe, en dat dit 'n onontbeerlike voorverreiste is van die stelkuns. En laat hom veral die volgende woorde van De Genestet ter harte neem:

"Werken en denken en leren is leven:
Wie hier niet werkt, is zijn plekken op aard',
Wie daar niet denkt, is zijn leven niet waard"....

“De eeuwigheid vraagt naar die vrucht van den tijd;
 Dwazen, die 't werkloos, gedachtloos vergeten,
 En pas te laat, aan het einde der baan,
 De ernst van het ijdele leven verstaan.”

LEESOEFENING

Dit mag paradoksaal klink om van lees oefening te praat as 'n vorm van skryfoefening. Maar as die suieling wat op pad is om te leer praat ons raad kon verstaan, en as hy die raad nodig had, sou ons hom raai: As jy wil leer praat, luister hoe die grootmense praat. Op dieselfde manier moet ons maar aan die leerling-skrywer die raad gee: As jy wil leer skrywe, lees hoe die groot skrywers skryf. En al was daar geen beter rede nie, dan tenminste is daar hierdie: jy wil jou mos bekwaam maak om as skrywer aan lesers vol-doening te gee. Maak jou dan bekwaam as leser om te oordeel watter soort voldoening deur lesers begeer word. Met watter gehalte van geskrif neem jy genoeg? Berei jou voor om jou lesers so te behandel soos daardie skrywer jou behandel.

Mense wat baie lees, loop die gevaar om die leesstof te gebruik vir 'n verdowingsmiddel; om, passief-onderworpe, hulle gees gevange te gee aan die gees van die skrywer. Die leerling behoort die gewoonte aan te kweek om, al is die leesstof hoe boeiend—ja, temeer hoe meer boeiend dit is—op sy hoede te bly, aktief-oordeelkundig, sodat hy nie sy selfstandigheid aan 'n ander se wil prysgee nie. Laat hom 'n gebruik daarvan maak om denkbeeldige vraagtekens oral in te las in wat hy lees. Het die skrywer nou reg met wat hy hier sê? En het hy dit reg gesê? Het hy die skryfreëls in ag geneem wat vir my gehoorsaamheid voorgeskryf word? Of het hy kortgekom aan die plig teenoor homself om die beste te maak van wat hy te sê had?

Maar dan weer aan die ander kánt sal die leerling beskeie wees teenoor sy meerderes. Sy vrae sal nie net krieties wees nie maar ondersoekend. Hierdie boek, of

hierdie hoofstuk, of hierdie sin het my besonder getref as 'n keurige, kragtige, rietjiese stuk werk. Wat is die geheim; hoe het die skrywer dit reggekry? Watter middels het hy aangewend? Hoe het hy sy strikke gespan dat ek hulle nie raakgesien het nie en my laat vang het? Op dié manier word die gelese boek benuttig as 'n voorbeeld; as hy 'n goedgeskrewe boek is, as 'n voorbeeld om te volg; anders, as 'n afskrikwekkende voorbeeld. Maar die voorbeeld moet insink. Al is die leesboek nie 'n leerboek nie, moet die leerling van hom 'n studieboek maak. Op die end van elke paragraaf, laat hom die boek toemaak en terugdink, wat het ek nou hier gelees? Nie-net die inhoud voor sy gees terugroep nie maar ook die vorm, die woorde, die sinsnedes, hier en daar 'n volle sin soos hy dit netnou letterlik ontvang het. En dan kan hy dieselfde doen op die end van die hoofstuk, en uiteindelik op die end van die boek.

Daar is nog 'n goeie oefening in verband met leesstof wat deur die aspirant-skrywer gebruik word as 'n model. Laat hom 'n bladsy neem en 'n verkorte opsomming daarvan maak, hetsy 'n précis, waar ons elders van sal praat (in Hoofstuk VIII), of anders 'n reeks kort hoofde of aantekeninge. Sit dié dan weg tot more, en probeer om met behulp daarvan die oorspronklike te herstel tot sy eie lengte, hetsy in die skrywer se woorde of in jou woorde — en vergelyk.

'n Gelyksoortige oefening kan gevind word deur middel van 'n volledige parafrase. Met die leesboek voor jou oop, neem 'n paragraaf en omskryf hom in ander woorde. Waarskynlik sal jou vorm swakker wees as die vorm wat jy daarmee gewysig het, maar dit maak nie nou saak nie. Wag weer 'n dag of wat, en neem jou parafrase, en probeer om daarvandaan op jou spore terug te loop en die oorspronklike in sy eie vorm te herstel. En vergelyk dan weer. Die oefening sal jou beter leer besef as duisend vermanings dat daar baie maniere is om dieselfde ding te sê, en van die baie is omtrent almal

minderwaardig op een ná. -Die goeie skrywer het geweet om daardie een te kies.

Terwyl ons hier praat van lees wat nie net vlugtige deurhårdloop is, by die een oog in en by die ander uit nie, maar lees met aandagtige studie, lees om te vat en te verteer, lees om te bevat en te behou, dink ons noodwendig aan die waarde van letterlike memorisasie. Dis moeiliker om 'n stuk prosa uit die hoof te leer as 'n stuk poësie; daar is nie in die prosa die reëlmatige herhaling van klem en rym om te dien as vatplekke vir die geheue nie. Maar ook treffende prosastukke kan met vrug gememoriseer word in hulle letterlike vorm. Die vorm word dan 'n deel van jou eie sielsbesitting.

(Hier, tussen hakies, om ons eie reël teen onderbrekings te verbreek, laat die leerling tog ook, in hierdie opsig, van stipte noukeurigheid 'n lewensgewoonte maak. Moenie vervals wat jy aanhaal nie; selfs wanneer jy dink jy onthou, doen tog die moeite om die aangehaalde passasie voor jou te hê. Jy skuld dit aan die skrywer om hom nie aanspreeklik te maak vir wat hy nie gesê het nie. Wie weet was hy baie sekuur en puntenerig, ten uiterste daarop gesteld om te weet wat hy sê en hoe hy dit sê. Sal jy hom nou die onreg aandoen om hom te versleg? En ook waar dit nie 'n saak is van woordelike aanhaling nie maar van oorvertel, moet tog nie nes 'n politieke rapporteur wees wat gehuur word om te verstaan op grond van sy bevoegdheid om mis te verstaan nie. Daarom het die regsprosedure deur duisendjarige ondervinding geleer om nie ag te slaan op horesé-getulenis nie — omdat die oorverteller, al het hy ook geen dryfveer tot oneerlikheid nie, in negen-en-negentig gevalle uit die honderd onvertroubaar is. Wees jy die honderdste geval. Noukeurigheid behoort veral by 'n skrywer 'n hartstog te wees.)

Maar die waardevolste oefenveld vir die geheue by maar altyd die poësie. Al het die leerling nie die minste gedagte om ooit 'n digter te word nie, en al is dit dat hy dit nooit sál word nie, laat hom soveel treffende gedigte uit die hoof leer as hy maar kan. Dáar is die taalvorm

op sy hoogste en die inhoud op sy diepste. Die gedig wat jy van buite geleer het sodat hy van binne 'n deel van jou siel uitmaak, vir jou hele lewenstoekoms jou eie onvervreemdbare skat, sal jou gees deurdring met 'n besef van wat edel en skoon is. Hy sal jou eerbied leer vir jou moedertaal, en vir jou eie skryfdiens van jou die soort deeglike ambagsman maak wat met moederteerheid oppassend is op sy gereedskap.

Eindelik is daar nog een belangryke lees oefening. Lees wat jy geskryf het hardop, vir jouself om mee te begin sodat jou liggamelike oor jou geestelike oordeel oor jou eie werk kan aanvul. As daar iets is wat jou hinder in die klankwendings, as die ritme nie vloeiend is nie, is daar iets in jou woordekeus of woordverbindings verkeerd. En daarna, wanneer jy jou eie toets deurgestaan het, soek 'n ander wat lief genoeg is om die beproewing te ondergaan, jou man of jou vrou of jou jongkêrel of jou nooi of jou vriend of vriendin (jou vyand sal die beste wees maar hy sal hom nie beskikbaar stel nie), en lees jou stuk hardop voor en sien hoe hulle dit ontvang. Al tree hulle nie krieties op nie, as hulle maarnet wys dat daar iets is wat hulle nie verstaan nie, dan het jy al jou allereerste hoofmislukking ontdek. Dis nie so maklik vir die ongeoefende om sy onverstaanbaarheid self agter te kom nie — soos die man met die onleesbare handskrif verbeel hy hom dat wat vir hom duidelik is, ook vir 'n ander sal duidelik wees. En met hierdie voorlees het jy 'n ietsie van wat die prediker of die platformredenaar kry maar wat die skrywer moet ontbeer — 'n gehoor voor jou oë om in hulle oë te sien of jy hulle hart bereik het.

VERTAALOEFFENING

Om vertaal oefeninge te doen is nie die beste metode om 'n vreemde taal vir gebruik aan te leer nie. By vertaling bly die leerling se gees nie op een doel en langes een weg gekonsentreer nie maar voortdurend tussen twee heen-en-weer geslinger. Die noodwendige

verwarring wat daaruit ontstaan, nee, wat onafskeidelik daarmee verbonde is, kan nog as 'n geestesbederf oorbly nadat die vertaalwerk verby en vergeet is. Daarom is daar van ons ouer Afrikaners uit die vorige opleidings-generasie, wat meer Engels geleer het as ons eie taal en tog nie die Engels met spontane onbewustheid kan gebruik nie. Wanneer ons wat in die ou tyd Engels so aangeleer het, dit vandag praat of skryf, bly ons maar nog al die tyd aan't vertaal, onder-in en agter-af. Die taalgebruik bly 'n kunsmatige inspanning.

Die beste metode om 'n vreemde taal aan te leer is dié wat ons almal, wanneer ons verstandelike leervermoë tog op sy swakste is, met gemak en snelle sukses volg by die aanleer van ons moedertaal, namelijk regstreeks, deur middel van homself, en sonder reëls wat ooit voor ons gelê is of wat ons sou verstaan het as hulle voorgelê was.

Maar daar is 'n ander waarde by vertaal oefening, en dit is dat dit kan dien as 'n dissipline. Die tweetaligheid van ons land het by sy laste sy voordele. Om by jou eie taal 'n ander taal te ken, het 'n waarde by die kennis self verby. Dit gee jou 'n verdubbelde begrip van wat taal-funksies in die algemeen beteken sodat jy met te meer verstand jou eie moedertaalgereedskap kan hanteer.

En omdat ons tweetalig is, is daar voortdurend praktiese behoefte aan vertaalwerk, soos vernameelik in die wetgewingsdiens en staatsdiens en regsberoep en joernalistiek. Ons het selfs 'n departement van beroepsvertalers in die lewe groep, en dis 'n beroep wat besonder groot kennis en bekwaamheid vereis. Dis somtyds die swaarste taak in die wêreld om dieselfde ding met presies dieselfde krag en waarde in twee tale te sê. En juis in daardie moeilikheid, en die besef daarvan, lê vir die skrywer die waarde van meertalige kennis.

Maar die eintlike punt wat ons hier op die oog het, is dat vertaal oefening nuttig kan wees, nie omdat die vertaling opsigself nodig is nie, nog minder as 'n middel om die tweede taal aan te leer, maar op dieselfde manier

as-wat ons onder die voorgaande hoof aangedui het in verband met parafrasering of omskrywing. Laat die leerling nou en dan 'n stuk uit sy modelleesboek in Engels oorsit en die vertaling 'n dag of wat oorhou, en dan terugvertaal en sien hoe naby hy kan kom aan 'n herstel van die oorspronklike. Die voordeel van hierdie soort oefening is dat dit makliker is om te vertaal as om te omskryf, en baie makliker om getrou te bly aan die oorspronklike. En vernameelik is dit 'n aandags-oefening. Wie vertaal kan nie bekostig om deur oppervlakkige oplettendheid die inhoud mis op te vat nie.

NETHEIDSOEFENING

Teenswoordig word daar nie veel gemaak van hand-skrif nie; skoonskrif, terwille van die skoonheid, is byna 'n verlore kuns. Die tikmasjien is goedkoop en helder en vinnig. Dis ons ook nie hier te doen om koperplaatskrif, dun opstrepe en dik afstrepe, aan te beveel nie.

Maar ons ontvang almal liever 'n netjiese brief as 'n slordige, helder leesbaar, sonder klatte of vlekke, die reëls gelyk met 'n skoon randjie links-af, die papier sekuur gevou en nie in die koevert ingefrommel soos 'n mansmens, weg van die huis af, sy klerekoffer pak nie. Nou, briëfskrywe is een van die belangryke alledaagse skryfbesighede waarmee ons hier te doen het: immers ons hele doel is om die skryfambag te behandel as 'n gewone omgangsmiddel. Laat die leerling daar 'n gewoonte van maak om die soort briewe te stuur wat hy graag ontvang. Die netheid sal hom netsom in kos as wat die slordigheid hom sou gekos het, en dit sal so veel beteken as 'n by-waarde. Hy het die ontvanger met konsiderasie behandel; hy sal met konsiderasie van aandag beloon word. Dis soos al ons ander gewone beleefdheidsvorms, dit maak die lewe soet en aangenaam, dit plaas ons wederkerig in die stemming om die beste van mekaar te maak omdat ons die beste van onself maak.

Maar meer regstreeks in verband met ons doel, ons wat hier met vorm te doen het, het die gewoonte van netheid by die bloot stoffelike skrifvorm, al is dit nie die koperplaat van die copybook nie, 'n regstreekse uitwerking op die geestelike gehalte van die werk. Die skrywer wat daarop gesteld is dat sy manuskrip deftig sal lyk vir die oog, gelyklopende skrif op skoon papier, die blaaietjies gebind en gevou en gepak, sal ook daarop gesteld wees om elke komma op sy plek te hê en elke paragraaf duidelik afgedeel. Hy sal sorg dat sy sinne mooi opgebou en afgerond is sodat onderwerpe en gesegdes nie na mekaar soek tussen doolhowe van verwarrende perifrasede nie. Hy sal sorg dat sy gedagtes nie swerf en dwaal nie maar mikpunte het en daarop aangelê is. So 'n skrywer is hoogmoedig op sy werk, hy stel sy roem daarop. Hy doen sy werk met lus, nie as 'n slawediens nie maar as 'n liefdediens. En die genot wat hy het by die skrywe sal sy leser hê by die lees.

STELOEFENING

Nadat ons hierbo enige voorafgaande en bygaande vorms van oefening behandel het, sal ons hier iets sê oor regstreekse oefening, oefening in die werk van die ambagself, oefening waarby die leerling sy eie stof versamel, dit in sy eie gedagtes omwerk en in sy eie vorm uitdruk. Hy is nou nie meer navorger en student van ander geskifte nie maar self beginner-skrywer. Wanneer hy so begint om sy eie werk op die papier te sit, lê daar voor hom 'n uitgebreide veld van skryfsoorte om vandaan te kies. Miskien sal hy, soos die atleet wat een dag hardloop en die ander dag stoei en dan weer swem om al sy spiere en sy beheersing daarvan in verskeie rigtings te brei en te ontwikkel, beurt-beurt nou die een soort beoefen en dan die ander. Dit kan selfs in sy gedagte kom om versies te maak. Al bring hy maar dorre houtversies te voorskyn, sonder die minste aanspraak op digterlikheid, sal hy dit 'n waarde-

volle oefening vind in die keuse en rangskikking van woorde en klanke, temeer omdat sy vryheid beperk is deur die lastige eise van maat en rym. Of hy kan 'n dramatiese toneeltjie uitwerk of 'n kort verhaal skep. En so voort.

Maar dis van die opstel wat ons hier meer bepaaldelik wil praat as 'n vorm van skryfoefening. Dis die gebruikelike vorm van die skoolles en die eksamentoets. En dis ook die gebruikelike vorm vir die gewone praktiese doeleindes van die daelikse lewe. Waar ons nie skryf om letterkunde as sodanig voort te bring nie maar uit omgangs-behoefte, is ons almal gedurig besig om opstelle te skryf. Die hoofartikel van die nuusblad, die ingestuurde korrespondensie, die "spesiale artikel" in die tydskrif, is almal opstelle. Die politieke redevoering op die platform, die preek op die kansel, die professor se kollege aan sy studente, die openbare lesing of lecture, is maar mondelinge opstelle. Ja, elke brief is 'n opstel.

Natuurlik kan die opstel letterkundig wees, in die kunssin van die woord. Maar dan is daar geen byoogmerk van propaganda of onderrig nie; die doel is, soos die doel van 'n gedig of 'n roman, om 'n mooi stuk werk voort te bring. Sulke suiwer-letterkundige opstelle vorm 'n belangryke afdeling in die wêreldlitteratuur. Om enkele name uit baie te noem — in die Frans het ons Montaigne, Rousseau, Daudet; in Engels Lamb, Macaulay, Bacon; in Duits Richter, Heine, Nietzsche; in Hollands Beets, Busken Huet, Multatuli (sy werk is niks anders nie as 'n aaneenskakeling van opstelle, ongelukkig nie as sodanig gerangskik nie en ongelukkig vervals deur gedurig indringende politieke en antigodsdienstige propaganda en kontroversie). En so verder.

"Dis myself wat ek skilder," sê Montaigne van sy Essais. En dit is ook die toets en kenmerk van die letterkundige opstel. Hy is in die prosa wat die liefiese gedig in die poësie is. Sonder dat hy walgelik egotisties hoef te wees soos by Rousseau of verwaand egotisties soos by Multatuli, laat hy nie ander mense praat soos

in 'n drama of roman nie en is hy nie objektief soos 'n geskiedkundige verhandeling nie. Hy gee uitdrukking aan die gevoelens en oortuigings van die skrywer-self. Die stempel wat hy dra word bepaal deur die aanleg en geaardheid van die skrywer, of die dan sterk intellektueel is soos by Macaulay of sterk emosioneel soos by Lamb.

Maar ons noem die letterkundige essays om hulle te onderskei en opsy te sit. Hier het ons te doen met oefening by die skrywe van die praktiese opstel sodat die leerling die bekwaamheid kan aankweek om, wat ook sy beroep eendag mag wees, die dinge wat hy dit nodig vind om onder die aandag van ander mense te bring, so te stel dat hy sy doel op die beste manier bereik. Opstel oefening is maar een vorm van stel-oefening; ons kies hom spesiaal uit omdat by voor die hand lê as regstreekse voorsiening in 'n algemene lewensbehoefte.

Veronderstel die leerling word gevra om 'n opstel te skryf vir die joernaal van sy skool of van sy debatsvereniging. Tien teen een sal hy vereers 'n abstrakte onderwerp kies en ten tweede oor die onderwerp preek: "Nederigheid. Nederigheid is 'n deug. Ons behoort almal nederig te wees." Eintlik is dit nie die waarheid nie; dis 'n halwe waarheid. Dis netso waar dat ons almal in 'n belangryke sin hoogmoedig behoort te wees. Maar dis nie die ergste beswaar nie. Met daardie abstrakte gemeenplase het die opsteller sy hoorders niks gegee om beet te kry en saam te neem huistoe nie. Had hy hulle maar liever 'n storiëtjie vertel. En hy het hulle verveel en afgestoot met sy aanmatiging. Hy preek vir hulle oor nederigheid. Was dit aan sy eie kant 'n beoefening van nederigheid om ongenooid vir hulle sedelesse voor te skryf uit die hoogte?

Laat ons weer probeer. Laat ons, ook by die keuse van ons onderwerp, nederigheid beoefen. Oor die abstrakte deug van nederigheid sal ons min kan sê wat nie duisendmaal oor en oor deur ander mense beter gesê is nie. Maar ons sal ons toehoorders kan vertel

wat hulle nie weet nie as ons beskryf hoe ons vandag die beeste in die veld gaan haal het, en waar ons die slang in die braklaagte gekry het, en hoe ons hom met die eerste klip raakgegooi het, en van die snoep rooi-bont mof-koei wat self weggeloop het huilstoe omdat sy liever wou mielies vreet as gannabossies. Dan werk ons met beelde in plaas van met vage begrippe; ons gebruik ons woorde om ons hoorders duidelik met hulle geestes-oë te laat sien wat ons met ons liggamelike oë gesien het. As ons weer sien, praat ons soos die vee-wagter, as deskundiges oor ons eie vak, oor dinge waar ons van weet, en ons is boeiend-interessant. By die skrywer, laat die woord van die beeld af kom; by die leser sal hy dan na die beeld toe gaan. Saul het na sy vader se esels gaan soek en 'n koningskroon gekry. Had hy na 'n kroon gaan soek, sou hy waarskynlik nie eens esels gekry het nie.

Hierdie hulpboek vir die leerling het te doen nie met inhoud nie maar met vorm. Maar vooraf lê ons daar nadruk op dat dit die inhoud is waaraan die vorm gegee word. 'n Man moet eers weet *wat* hy wil sê en daarná weet *hoe* hy dit sal sê. Uit dieselfde planke kan jy 'n mooi klerekas maak of 'n lelike, maar in albei gevalle moet jy eers die planke hê.

En nou kan die leerling 'n oefening neem waar hy eers sy stof moet gaan bymekaar soek in plaas van te neem wat self gekom het soos uit sy veldervarings. Sê hy word gevra om 'n opstel te skryf oor Van Riebeeck. Laat hom eers op hoogte kom van die feite wat beskikbaar is. Om mee te begin sal dit hom die voorafgaande lees oefening verskaf waarvan ons hierbo gepraat het. Wanneer hy die kennis versamel het wat uit sy bronne beskikbaar is, sal hy vind dat hy glad te veel stof het. Hy moet uitsoek. Hy kan die landing van Van Riebeeck beskryf as 'n interessante toneeltjie op sigself; die stuk onbewerkte bossiesveld van die vallei, die statige Tafelberg soos hy vandag nog onveranderd daar staan, die wilde, verbaasde inwoners, die nuwe soort mense wat op die wonderbaarlike vaartuie daar aankom. Of hy

kan die aankoms van Van Riebeeck beskryf as 'n volksplanting, die hoeksteenlegging van die bou van 'n nuwe nasie — soos 'n skoolkind in 'n opstel gesê het: "Die Oosindiese Kompanjie wou hier 'n stasie maak maar God wou hier 'n nasie maak." Of hy kan die gebeurtenis beskryf as 'n stukkie wêreldgeskiedenis; die uitbreiding van die Europese beskawing, die wedywer van die Europese volke vir die baasskap van die see vir handels-eksplorasie, die belangrykheid van die Kaapse aardrykskundige ligging in die dae van die seilskepe. Of hy kan van een van hierdie afdelings 'n onderafdeling neem en dit oorvoldoende vind vir die papier-ruimte wat hy van plan is om te vul.

En so sal hy vind dat hy sonder spesiale studie vir die inhoud van sy opstel 'n vorm gekry het. Waarskynlik sal dit nog 'n ruwe vorm wees. Langsamerhand sal hy leer om die growwigheid glad te skaaf, en daarby is hierdie boek bedoel om hom tot hulp te wees. Maar elke stap sal 'n vooruitgang wees op die vorige. Alles sal steloefening wees op weg na die volmaakte stelvorm.

VRAE EN OEFENINGE

1. Skryf iets oor (a) Praktyk sonder Teorie; (b) Teorie sonder Praktyk; (c) Praktyk wat so ver gevorder het dat die Teorie onbewustelik toegepas word.

2. Watter voordele het die spreker wat die skrywer nie het nie?

3. Is daar minder rede vir 'n beskaafde mens om netjies te wees op sy spraak as op sy kleredrag?

4. Noem en beskryf die verskeie vorms van Aksent in die spreektaal.

5. Ontwikkel hierdie stelling: "Noukeurigheid van gedagte lei tot noukeurigheid van uitdrukking. En, omgekeerd, wie die gewoonte aangekweek het om hom noukeurig uit te druk, het tegelyk die gewoonte aangekweek om noukeurig te dink."

6. Dink aan die voorbeeld van die aanleer van die tafel van vermenigvuldiging as geheue-werk, en die oplossing van 'n rekenkundige probleem as dink-werk, en vergelyk dan u leervakke wat meer onder die een klas val met dié wat meer onder die ander val. Watter geleentheid is daar vir dink-oefening by die studie van (a) geskiedenis (b) aardrykskunde?

7. Hoe kan lees oefening 'n voorbereiding wees vir skryf-bekwaamheid?

8. Watter middels word hier aan die hand gegee om van u modelleesboek gebruik te maak vir opleiding in die skryf-ambag?

9. Is 'n werklik-getroue parafrasas ooit moontlik?

10. (i) Skryf 'n omstandige verslag vir 'n nuusblad, van 'n treurvakke wat meer onder die een klas val met dié wat meer onder die ander val. Watter geleentheid is daar vir dink-oefening by die studie van (a) geskiedenis (b) aardrykskunde?

(ii) Stel 'n pers-telegram op, om vooraf te stuur, waarin kort en saaklik al die hooftrekke van die gebeurtenis meegedeel word.

11. Beskryf in besonderhede die kâmer waarin u studeer met meubels en al wat daarin is.

12. Beskryf u dorp of plaas sodat die leser die voörkomste daarvan vir hom kan voorstel.

13. Beskryf (a) 'n gelukkige en (b) 'n treurige ervaring wat u gehad het. (Moenie u moegmaak om u gevoelens te bespreek nie; laat hulle uit die feite vanself spreek.)

14. Skryf 'n verhaal, vir kinders, van die Franse Hugenote, en vertel, in kort hoofstukkes —

(i). Wat die toestand in Frankryk was wat aanleiding gegee het tot hulle uitvlug;

(ii). Watter oogmerke die Oosindiese Kompanjie had om hulle na Suid-Afrika te verwelkom;

(iii). Hoe hulle hier aangekom het, waar hulle hulle gevestig het, watter voorsiening gemaak is vir kerk en skool, met watter soorte boerdery hulle aangevang het, wat hulle lewenswys was en hoe hulle met die Hollandse koloniste klaargekom het;

(iv). Hoe hulle taal hier uitgesterf het;

(v). Wat hulle betekenis was vir die grondslae van die toekomstige Afrikaner-nasie.

15. Gee in 'n baie kort opsomming die inhoud van hierdie hoofstuk weer.

HOOFSTUK III

WOORDEKEUS

Woorde is die skrywer se gereedskap. En dis ál gereedskap wat hy het. Hy moet die regte woorde kies, en nadat hy hulle gekies het, moet hy hulle reg rangskik. Meer as dit hoef hy nie te doen nie en kan hy ook nie doen nie al wil hy. Hy kan nie gebare maak nie. Hy kan nie, as skrywer, prentjies by-teken nie; teken hy hulle by, dan doen hy dit nie as skrywer nie maar as tekenaar. Hy kan nie eens, soos die spreker, verder toeligting gee as hy aan duidelikheid kortgekom het nie; hy skiet eenmaal en hy skiet mis of hy skiet raak, en daarmee is dit klaar.

Oor die rangskikking van sy woorde om daar sinsdele en sinne uit aanmekaar te sit—nee, inmekaar te sit—handel ons elders in die boek. In hierdie hoofstuk sê ons iets oor die keus van woorde. En dié keus is in die eerste plaas 'n logiese, in die tweede plaas 'n psigologiese, en in die derde plaas 'n estetiese. Woorde word logies gekies om betekenis oor te dra; hulle word psigologies gekies om gevoel oor te dra; hulle word esteties gekies om skoonheid oor te dra. Laat ons eers korteliks na een vir een van hierdie drie funksies kyk.

DIE LOGIESE INHOUD

Verba valent usu — woorde se betekenis word bepaal deur hulle gebruik. Dis of daar stilswygend ooreengekom is deur al die lede van 'n samelewing, dié en dié woord sal dié en dié voorwerp of handeling of verhou-

ding of begrip voorstel; wanneer ons van 'n *pêrd* praat, sal ons almal en altyd en oral 'n sekere soort rydier bedoel. Dit kon ook nie anders gewees het nie of daar was nie so 'n ding as 'n taal moontlik nie. En dit geld netso goed vir spraakkunstige vorms. Ons het almal so te sê ooreengekom dat *pêrd-e* meer as een perd sal aandui; dat *minsaam* aktief sal wees en *beminnelik* passief; dat *onskadelik* die hoedanigheid sal aandui van iets wat nie aan 'n ander skade doen nie, en *skadeloos* van iets wat self nie skade ly nie.

Om vir die regte woordegebruik in hierdie opsigte voorskrifte te gee, val nie binne die bestek van hierdie boek nie: daarvoor is daar die spraakkuns en die woordeboek. Maar uit die vanselfsprekende vereiste dat skrywer en leser dieselfde betekenis moet heg aan die gebruikte woorde, anders kan die een die ander nie verstaan nie, is daar belangryke gevolgtrekkings te maak wat netso vanselfsprekend is maar dikwels uit die oog verloor word.

Om mee te begin, moet daar 'n betekenis wees. Vir baie woorde, byvoorbeeld dié wat te doen het met oorspronklike aandoenings of gewaarwordings, soos *haat* en *liefde* en *koud* en *blou*, kan geen definisie gegee word nie, omdat 'n definisie maar weer ander woorde moet gebruik om 'n saamgestelde begrip deur eenvoudiger begrippe uit te lê, en hier is ons reeds op die onderste bodem van die eenvoud. Maar juis daarom is daar geen definisie nodig nie; skrywer en leser heg altyd dieselfde waarde aan sulke uitdrukkings.

Maar omdat dit so is in hierdie gevalle, is daar skrywers wat onder die indruk skyn te verkeer dat hulle nooit verplig is om hulle te bepaal tot uitdrukkings waarvan die inhoud vir 'n logiese uitleg vatbaar is nie. Dit geld veral kunsbesprekings. Ons kry sulke terme soos *siening* en *plastiek* en *gesublimeerde emosie* en *analities-sintetiese deurskouing* en *herskepping van die lewe*; *simboliek* as *gevoelsinkarnasie van die idee*. Baie van hulle is deur langdurige mode-gebruik geykte vorms geword, sodat hulle bekend klink en oor en oor

agterna gesê word. Maar ál die bekendheid is by die klank, en ál verstaanbaarheid wat daar is, is skone verbeelding. Deur so 'n stelling soos die voorbeeld wat volg (uit Van Bruggen se "Japie"), word daar eintlik niks gesê nie, niks meegedeel nie; hy is letterlik sonder betekenis:

Laat die psiegoanalitikus vroetel in 'n mensiesel om fantastiese Oedipus-komplekse op te grou, en die psigiater sy patologiese prognose stel,—ons wil die tyd deurdrawwe.

In die tweede plaas stip ons aan dat dit vir elke spreker en skrywer van die hoogste waarde is as hy in een of ander wetenskaplike vak 'n opleiding gehad het, dit kan natuurwetenskap wees of regs wetenskap of selfs taalwetenskap. Die wetenskaplike moet baie versigtig en noukeurig wees; wat hy meedeel moet definitief wees, streng omlin, anders is daar geen wetenskap nie maar verwarring. Daarom is wetenskaplike terme in 'n besondere sin tegnies. Die oefening deur so 'n studie aan die leerling verskaf, om presies te wees met sy taal, leer hom om presies te wees in sy gedagte-gang; en daardie gewoonte van sekuurheid sal hom vergesel ook wanneer hy weg is van die gebied van sy besondere wetenskaplike vak. Noukeurigheid van gedagte en gedagte-uiting word by hom 'n lewensgewoonte.

Om so 'n noukeurigheid van uitdrukking te beoefen kos dikwels tmeer aandagtige sorg, veral waar ons met abstrakte begrippe te doen het, deur die aanwesigheid, in alle tale, van sinonieme, logies-gelykwaardige of byna gelykwaardige woorde. Dis byvoorbeeld moeilik om te sê watter verskil daar is tussen *verantwoordelikheid*, *aanspreeklikheid* en *toerekenbaarheid*. Miskien verskil die laaste van die vorige twee in hierdie opsig. Die doener van 'n daad is *verantwoordelik* of *aanspreeklik* volgens sy uiterlike betrekking of verhouding; hy is *toerekenbaar* volgens sy innerlike vryheid van keuse en die goeie of kwaaië gehalte van sy oogmerk.

Laat die leerling self probeer om te onderskei tussen sinonieme soos die volgende:

*ryk — welgesteld,
 arm — behoeftig,
 duister — donker,
 eensaam — alleen,
 dankbaar — erkentelik,
 amper — byna,
 omslagtig — omstandig,
 oorbodig — oortollig,
 beroemd — vermaard,
 soebat — smeek,
 kundig — kunstig,
 oneindig — eindeloos,
 plesier — genot,
 eersugtig — eergierig,
 vat — neem,
 gereed — bereid,
 aanvallig — bevallig,
 vrolik — opgeruimd,
 hoogmoed — trots,
 vergadering — byeenkoms,
 hoop — klomp — menigte — groep — versameling.*

En so is daar 'n mag-der-menigte meer. In sommige gevalle is die verskil so fyn dat dit in die gebruik gewoonlik verwaarloos word . . . kon ons netso goed gesê het *verondgsaam word?* . . . hoewel daar geen twee woorde is wat in alle opsigte gelykwaardig is nie. Al is die logiese inhoud dan ook presies eenders, tog sal die een van die ander verskil ten opsigte van sy wel-luidendheid of gevoels-waarde en so meer. En dis juis deur die inagneming van hierdie bykomende faktore dat die noukeurige skrywer onderskei word van die slordige.

In die meeste gevalle is daar vir een bepaalde begrip net een bepaalde beste woord. Dus moet die skrywer nie bang wees om daardie woord in dieselfde volsin of in 'n volgende volsin te herhaal nie, en oor en oor as dit nodig is. Gebruik hy die tweede maal 'n woord wat maar naastenby dieselfde beteken, dan het hy sy eerste en eintlike bedoeling bederwe. Selfs ook waar daar werklik

suiwere sinonieme voorhande is, werk die wisseling van die term, wat nou-al eenmaal aan die bedoelde beeld of begrip geheg was, verstorend op die leser. En dis dikwels so klaarblyklik dat die skrywer 'n kunsie gebruik het — dat hy met opset, en waarskynlik met inspanning, uit sy pad gegaan het om te seek. Neem nou so 'n sin: *Die baas is verantwoordelik vir die daad van sy kneg, en daardie verantwoordelike kan hy nie ontduik met 'n pleidooi van onkunde nie.* Die herhaling van dieselfde woord is hier eerlik en natuurlik; inderdaad, dit dra by tot die krag van die stelling. Vervang die herhaling deur *aanspreeklikheid* en jy gooi die las op die leser om eers uit te redeneer of die begrip dieselfde gebly het.

Van hierdie snaakse bangigheid by sommige skrywers om aan hulleself getrou te bly, kan ons miskien nog 'n voorbeeld inlas. As ons 'n student vra om 'n opstel te skryf oor *Van Riebeeck*, hinder dit ons nie om die naam *Van Riebeeck* oor en oor in die stuk te sien verskyn nie; daar is tog immers geen beter manier om 'n man aan te dui nie as met sy naam. Wat ons wel sou hinder, omdat dit aanstellerig en gekunsteld is, sou wees om die naam te sien vervang, asof dit 'n gruwel was om te vermy, nou deur *die stigter van ons volksplanting*, dan weer deur *die eerste blanke inwoner van Suid-Afrika*, dan weer deur *die getroue dienaar van die Oosindiese Kompanjie*, en so voort.

Maar dis nie te sê dat daar nie hinderlike herhalings kan wees nie. So 'n voorbeeld soos hierdie bestempel 'n skrywer as onmoontlik-onhandig: *Met die oog op die groot bestemming wat ons almal voor oë het, betaam dit ons om ons oog te hou op elke tree van die pad, en hart en hand en oog in te span om elke hinderpaal uit die pad te verwyder.* Hier het ons nie noodsaaklike herhaling nie maar lompe onbeholpenheid. Ook kan 'n klankherhaling hinderlik wees, soos in: *In die nag kan 'n man liggamelik lig verdwaal; in die daglig word jou gedagtes weer lig verstoer.* So ook: *In allé geval, daardie*

getalle het nie na die welgevallen van die teëparty uitgeval nie.

“In alle gevalle” van hierdie aard is dit onmoontlik om voorskrifte te verskaf. Die leerling moet self sy oor en sy smaak oefen.

DIE PSIGOLOGIESE INHOUD

In 'n algebraiese verhandeling is emosie uit die plek uit. So in ander wetenskaplike geskrifte wat vir vakmanne bedoeld is. In 'n sogehoeemde populêr-wetenskaplike boek, soos oor die dierkunde of aardrykskunde of sterrekunde, is daar geleëtheid, en bestaan daar ook die wenselikeid, vir kleur en lewe in die taalmedium. Anders sou die onvakkundige leser, wat nie gedwing kan word om te lees nie maar aangetrek moet word, niks met die boek wil te doen hê nie.

Die soort skryfwerk wat ons met hierdie handboek vernameelik beoog, is gewoonlik van 'n populêre meer as van 'n droog-wetenskaplike aard. Al bereik dit nie die hoogte van letterkundige kuns nie, moet dit darem meer bevat as harde, logiese meedeling. Die doel met 'n opstel of 'n koerant-artikel of 'n pamflet of 'n brief aan 'n vriend is nie bloot objektief nie maar ook subjektief. Iets van 'n persoonlike siel moet daarin deurstraal.

Vir sulke soort werk kan daar geen beter gereedskap wees nie as ons gevoelryke Afrikaans. En dit omrede van drie hoofeienskappe. Vereers, sy uiterste eenvoud. Op sy diepste soek alle aandoening eenvoudige uitdrukking; die sug of die traan is welsprekender as bladsye van omslagtige beskrywing. *Het jy my dan nie meer lief nie; het jy my dan vergeet; ek het haar verloor, ek sal haar nooit weer sien nie; my hart voel lekker; my hart is baie seer* — waar kan woorde inniger en soeter wees?

Die hier-genoemde eienskap het Afrikaans met Engels gemeen. Ten opsigte van die volgende staan hy gelyk met Nederlands en Duits; en daar kom Engels weer ver kort. Engels is ryk tot weelderige oorfloed toe, maar hy

het hom nie self ryk ontwikkel nie; hy het nie ryk gegroei nie; hy is ryk geleen. En oor die algemeen is daardie vreemde elemente woorde van logiese inhoud, nie van psigologiese diepte nie. Die bewys hiervoor is te vinde in die Engelse letterkunde self. In die aandoenlikste verse van die groot Engelse digters, sowel as in die prosa van die Engelse Bybel en van skrywers soos John Bunyan, Charles Dickens en Oliver Goldsmith, word nog geput uit die Angelsaksiese bron. Maar daardie Angelsaksiese eiegoed is so gering in vergelyking met die massa leengoed wat later bygekom het. In Afrikaans, soos in Nederlands en Duits (of liever in groter mate want hulle is nie teenswoordig meer so suiwer nie) is so goed as die hele taalskat van die gehalte van daardie voortreflike eiegoed van die Engelse taal.

Eindelik skitter Afrikaans deur een eienskap ten opsigte waarvan geen mededinger naby hom kom nie. En dit is in die rykdom van sy idiome. Wie hiervan nie self oortuig is nie, moet die boeke van S. P. E. Boshoff en D. F. Malherbe * lees. Eintlik is ons so gewend-aan hierdie weelde as 'n gewone alledaagse voorraad, dat ons dit nie merk nie en dus nie op prys stel nie. Neem so 'n eenvoudige en allergewoonste stukkie van ons taaleie as die menigvuldigheid van verkleinwoorde. Ons vriende die Hollanders is geneg om ons baie *-tjies* te minag. Dit is omdat hulle eie Nederlandse verkleinvorm nie lief is nie maar lelik met sy toonlose *-tje*. In Afrikâans het ons die kleintjie lief en daarom maak ons van die groot liefeling 'n kleintjie. En die sagte klank waarmee ons die liefde aandui, vloei strelend van die tong tot die oor. Waar haal *roosje* of *little rose* ooit naby ons *rosie*? § En

* "Volk en Taal van Suid-Afrika" en "Afrikaanse Spreekwoorde en Verwante Vorme."

§Die Duitse *Röslein* is netso soetvloeiend. Ook Vlaams het mooi verkleinwoordjies, by voorbeeld René de Clercq se "Moederke Alleen", wat so begint:

Wie zal er ons kindeke douwen
En doet het zijn moederke niet?

in watter ander taal kan jy in die winter van die *sonnetjie* praat wat dan so dierbaar is?—Dit hier terloops; in die hoofstuk oor die taaleie word hierdie hoedanigheid verder behandel.

Maar ook in Afrikaans is daar natuurlik oral keuse tussen meer en minder gevoelvolle woorde. Logies beteken *berou* en *spyt* naastenby dieselfde ding. Psigologies is daar 'n groot verskil. 'n Man het *spyt* van die verkeerde daad wat hy gepleeg het omdat hy betrap is; hy het *berou* omdat sy gewete hom knaag. So is daar *jammerte* en *verdriet* en *treurigheid* en *rou* en *leed* en *hartseer*, elkeen met 'n besonderse beroep op die gevoel. Aan die ander kant het ons *pret* en *vermaak* (en *plesier*, om die vreemde in hierdie geselskap vir 'n oomblik te verwelkom) en *blydskap* en *vrolikheid* en *opgeruimdheid* en *vreugde* en *heerlikheid* en *saligheid*. *Kinders* beteken logies dieselfde as *kroos*, maar jy kan op verre ná nie altyd die een in die ander se plek gebruik nie. (Vergelyk by ons *kroos* die Engelse alternatiewe *progeny*, *offspring*, *issue*.)

Met hierdie psigologiese voortreflikheid bereik Afrikaans sy hoogtepunt as 'n uitdrukkingsmiddel. Hier dus is dit waar een van die strengste toetse aan 'n skrywer opgelê word om te bepaal of hy sy taal waardig is. En die jong leerling sal onthou ons praat maar hier van woorde, nie van woordverbindings en sinsbou nie. Ook dáar toon ons taal dieselfde eienaardigheid van vermoë om meer te doen as gedagtes uitdruk — om so 'n warmte aan die gedagtes te gee dat die meedeling daarvan die ontvanger met dieselfde warmte vervul. En daarin lê die hoogste waarna 'n skrywer kan streef: om indrukwekkend te wees; om wat hy te sê het raak te sê en diep te laat intrek tot 'n blywende besitting van die leser.

DIE ESTETIESE INHOUD

Ons bly nog al die tyd onderkant die letterkundige kunshoogte. Maar selfs daaronder kan die een geskrif

skoonheid bevat teenoor die ander wat daarsonder is. Terselfdertyd moet ons nie met hierdie onderafdeling te ver gaan nie, dan doen ons naderhand oortreding op die kunsgebied, wat ons graag streng buitekant ons behandeling wil hou. Maar met "skoonheid" bedoel ons nie "moois krywery" nie. Die mooiskrywer se werk is lelik soos alle valse versiersel lelik is. Die groot kenmerk daarvan is dat daar gesoek is en nie gevind is nie.

Skoonheid in 'n stuk skryfwerk kan beteken skoonheid in die klanke van die woorde en in die welluidendheid van hulle saamstelling, of skoonheid van inhoud. Die twee gaan nie noodwendig saam nie; waar hulle saam gaan is dit 'n toevallige saamtrefing. Byvoorbeeld, *christelik*, en nog meer *kristelik*, is nie soetvloeiend van klank nie maar baie skoon van inhoud. So is *geniet* 'n mooi woord vir 'n mooi ervaring, maar *genot* is onwelluidend, sodat die skrywer in die versoeking kom om sy sin so te stel dat hy liewer die werkwoord as die selfstandige naamwoord kan gebruik. Aan die ander kant is *hel* en *verdomp* gelykelyk lelik van buite en van binne. Van *bliksem* en *wragtag* het ons agter die klank aan vloekwoorde gemaak sonder die minste regverdiging uit die inhoud. Hoe kon die Engelse ooit dieselfde gedoen het met die sagklinkende *lightning* en *truly*? (Maar die Afrikaans-skrywer sal die spreekwoord onthou waarmee ons vooraf aangevang het: *verba valent usu*, en weet om te vermy ook wat nie sonde is nie as dit aanstotelik is.)

Ons het gesê dat skoonheid van vorm en skoonheid van inhoud alleen maar toevallig saamtref. Gelukkig die digter of skrywer wat in sy taal ruim geleentheid vir sulke saamtrefing vind. Wát op aarde sou die nadeel vir ons geesteslewe nie gewees het as *leefde* 'n lelike woord was nie!

In verband met hierdie toevallige ooreenkoms tussen klank en inhoud sê Multatuli érens 'n mooi ding. Die sss-klank wat ons gebruik om iemand te versoek om suutjies te praat—die kenmerk van die gefluister—is die teken van sstilte. Die rrr-klank is die teken van

gerrraas. Nou kry jy die woord *rus* (*rrrusss*) wat aandui dat daar geraas was en stilte gevolg het, en die woord *stoor* (*ssstoorrr*) wat aandui dat daar stilte was en geraas gevolg het. Multatuli gee 'n menigte ander voorbeelde. (Tussen hakies, dis ons geluk dat Afrikaans van Nederlands afstam. Ons het gewys dat ons in staat was om 'n uitnemende taal te maak, maar 'n taal word nie uit niks gemaak nie en ons kon nêrens elders sulke degelike ruwe houstof gekry het nie.)

As dit nodig was om voorbeelde te noem, was daar 'n oorvloed te haal uit selfs die weinige hoeveelheid poësie van ons weinige jare van werksaamheid, om aan te toon hoe Afrikaans dit byna so slag vir slag raakgetref het om die mooi vorm te vind vir die mooi inhoud. (En dan word ons volk beskuldig dat ons ondigterlik is omdat ons deur soveel geslagte niks voortbring het nie. In die boek was dit natuurlik onmoontlik omdat die skryf van ons taal onder die verdrukking van die vrêemde en die banvloek van ons eie gesag was. Maar in ons lewende volksmond had ons digterlikheid genoeg; elke gesprek van elke veewagter was altyd vol daarvan.)

Die Afrikaans-skrywer dan wat skoonheid het om mee te deel, hoef nie verleë te wees oor die beskikbare middels nie. Rondom hom is een uitgestrekte blomveld; hy moet maar net leer hoe om te pluk.

EIEGOED EN LEENGOED

Die term "woordekeus" behels die veronderstelling dat daar in die taalskat 'n genoegsame voorraad beskikbaar is vir alle moontlike doeleindes van die skrywer. Maar met die uitbreiding van lewensbehoefte en lewensvoorsienings wat 'n kenmerk is van die later tye, het daar allerlei nuwe voorwerpe en handelingekom waarvoor daar begrypikerwys geen terme was in ons ouer taalskat nie. So is daar vandag 'n mag-der-menigte nuwerwetse soorte van masjinerie (dink maar net aan al die onder-

déle van die motorkar, byvoorbeeld, in vergelyking met dié van die ossewa), nuwe soorte sport en kleredrag, nuwe industrieë op allerlei gebied, met al die verbasingwekkende natuurwetenskaplike vorderinge en toepassingse soos die uitvinding van die vliegkuns, draadloos, klankprent, en dergelyke meer. Die nuwighede word vernameelik van Europa ingevoer en hulle bring natuurlik hulle taal saam, veral Engels onder óns omstandighede. Nou kan ons die vreemde terme oorneem soos hulle is, of oorneem en aanpas, of vertaal, of ons eie nuwe terme maak. Vir laasgenoemde alternatief het ons die voordeel dat ons taal die reeds opgemerkte lewende groeikrag besit wat hom in groot mate onafhankelik maak. So 'n woord wat van binne kom in plaas van van buite geleen, is onvergelykelyk die verkiesbaarste. Hy word dadelik met sy geboorte 'n lewende deel van die bestaande lewende organisme, en omdat groei die eerste eienskap van alle lewe is, is so 'n eie ontwikkeling tegelyk 'n voortsetting uit die verlede en vir die toekoms 'n bevordering van die taalproses wat eie is aan die natuurlike werking van die taalgées. Rolprent vir film en ligter vir lift is sulke voorbeelde van verryking van binne. So, om maar seer weinige verdere voorbeelde te noem, en ook op ander as wetenskaplike gebied, het ons *tikmasjien*, *tikskrif*, *tikster*, *snelskryf* (waar die Hollander sê *schryfmachine*, *machineskryf*, *tijpiste*, *stenografie*), *vuurhoutjie*, *verkleurmanneltjie*, *trapsuuttjies*, *koggelmander* of *koggelmannetjie*, *kniehalter*, *agterryer*, *afnemer*, *bolmakieste slaan*. Die leerling sal self aan 'n menigte ander voorbeelde dink.

Behalwe in die gevalle van sodanige noodsaaklike uitbreiding van die taalskat is dit veilig vir die skrywer om Caesar se voorskrif in ag te neem en nie uit sy pad te gaan om met opset nuwe woorde te maak nie. Gewoonlik vloei so 'n poging voort, nie uit 'n behoefte nie — die óu woord is mos daar, oud en beproefd — maar uit die sug om indruk te wek deur snaaksigheid. Heeltemal anders is dit wanneer die nuwe woord érens onder

die volk ontstaan, jy weet nie waar of hoe nie; as jy weer sien, gebruik die laaste een hom. Hy is dan natuurlik, daarom het hy vanself gekom, 'n groen lootjie uit die óu stam. Maar daar moet érens iemand gewees het wat aan die nuweling 'n ontstaan gegee het, en so iemand kan netso goed 'n skrywer wees as 'n spreker. Die punt is dat die nuwigheid vanself moet gekom het en nie met berekende opset gefabriseer moet wees nie. As hy aan daardie voorwaarde voldoen, moet ons nie bang wees om hom toe te eien nie. Waarom sal ons 'n bruikbare vermeerdering van ons besitting weier wat ons présent kry? Die skrywer is baie verskuldig aan ons pedagoge; hulle is die wagters om te waarsku teen vervalsing en verbastering en ontaarding, iets wat veral in ons tweetalige land 'n altyd aanwesige gevaar bly. Maar ons moet hulle niet toelaat om in die pad te staan van die aanhoudende voortsetting van dieselfde natuurlike groei-proses wat vir ons gebring het tot waar ons vandag is nie. Die Nederlandse taal is tamelik gestrem geword deur akademiese en doktorale fariseïsme, wat daarop uit was, veral in die 19de eeu, om hom te behandel asof hy 'n dooie taal was soos Latyn. Eers sedert die beweging van Tagtig het daar weer nuwe lewe gekom in die Nederlandse skryftaal. Ons moenie ons Afrikaans so laat doodmaak nie.

Dit aan die een kant. Maar aan die ander kant is daar 'n sterker voorskrif nodig. Dit wil sê, nie alleen dat ons nuwe skatte nie moet weier nie, maar dat ons ou skatte nie moet verwaarloos nie. Ons moet as skrywers die beste en volste gebruik maak van wat ons het. Jy kan 'n onbesproke geskrif kry waarin daar nie 'n taalfout is nie. Die skrywer het hom nie positief besondig aan oortreding van taalreëls nie. Maar hy het maar nie kwaad gedoen nie. Watter goed het hy gedoen met sy letterlike, kleurlose korrektheid sonder gees? As daar 'n eiendommelik-Afrikaanse idioom voorhande is, en hulle is altyd voorhande, moenie hom vermy nie, gryp hom met gretige dankbaarheid aan. Hy doen drie-kwart

van jou werk vir jou. Natuurlik bedoel ons nie dat jy die laaste verspote en growwe patterjotse uitdrukking oral moet inprop om jou werk 'n Afrikaanse-kleur te gee nie. Daar is menigte sulkes; Afrikaans is hoog genoeg om te kan laag wees. Maar moenie die babetje met die badwater saam uitgooi nie.

Terwyl ons van die rykdom van die Afrikaanse taalskat praat, een woordjie omtrent ons verdubbeling van oorspronklik enkele vorms om vermeerdering en verskil van betekenis uit te druk. Ons het sulke verdubbelings soos *vir* en *voor*; *buite* (buitekant) en *buiten* (behalwe); *besondere* (spesiale) en *besonderse* (aparte); *teenwoordig* (aanwesig) en *teenswoordig* (tans); *daarom* en *darems*; *end*, *ent* en *einde*; *boedel*, *kaboedel* en *boel*; *rand* en *rants*; *stad* en *stat*; *kwets* en *kwes*; *tabak* en *twak* (sy twak is nat); *pers* en *pars*; *boonop* en *bo-op*; *lamlendig* en *lendelam*; *oud*, *oulik* en *ouerig*; *koud*, *kouelik* en *kouerig*; *bang* en *bangerig*; *bangheid*, *bangigheid* en *bangerigheid*; *siek*, *steklik* en *siekerig*. Kyk die verskil tussen *kwaad* en *kwaai*, *kwaadheid* en *kwaaiigheid*. By *vies* het ons *vieslik* gesit, sodat ons die eerste kan gebruik vir die onderwerp wat walg en die tweede vir die voorwerp wat walging veroorsaak. Ons het *klaar* en *gereed* en *bereid* (om nie van *voldaan*; *voltooid* en so voort te praat nie). Daardie woord *klaar*, wat nog, veral in die mond van die digter, sy oorspronklike betekenis van *helder* kan behou, is in verskeie saamstellings verder verdubbel. *Ek het klaar . . . gekom* beteken "ek was klaar toe ek gekom het." *Ek het klaargekom* beteken dat ek jou hulp nie nodig had nie. Omdat hierdie laaste saamtrekking so sterk gevoel word, het ons die uitdrukking *om te sien komklaar* — byna *sienkomklaar* — as een enkele nuwe werkwoord. En kyk die tekenende onderskeid tussen *klaarmaak* en *klarigheid maak*. *Onklaar* het 'n tegniese betekenis in *onklaar-trap* (van 'n perd). So het ons *pas op* in die ou sin, en daarby die nuwe *pasop*, byna *pesop*. Daaruit kry ons jy moet *oppas* en daarneffens jy moet *pasop*. Daarvandaan weer het

ons— miskien nog nie op die stadium van algemene toelaatbaarheid nie — *jy moet in jou pasoppings bly. Ek loop agter uit* (soos by 'n agterdeur in plaas van 'n voordeur) is glad iets anders as *ek loop agteruit* (uitgespreek *agte-ruit*), dit wil sê rugwaarts. (So met *voor uit* en *vooruit*.) Om 'n bees hom agte-ruit te laat beweeg sê ons *troei* of *tru* (oorgeneem vir gebruik by ons nuwe bees, die motor) wat meer gesagklinkend is as *terug*. *Hier kort bo* (of moet ons skryf *hierkortbo*?) het ons van *loop* gepraat. In Afrikaans sluit hy *stap* en *wandel* in (wat natuurlik ook besonders bestaan). Om dan te onderskei waar ons die Nederlandse *lopen* (Engels *run*) bedoel, sê ons *hardloop*. En dié het dermate een woord geword dat daar 'n algemene verlede deelwoord *gehardloop* is — glad iets anders as *hardgeloop*. Ons het *sag* en *saf* . . . Maar ons kan nie hier meer doen nie as om enkele voorbeelde te gee uit 'n groot menigte. Ons voeg egter nog 'n paar dubbele meervoudsvorme by: *Goedere, goeters* en *goed*; *drifte* en *driuwe*; *skofte* en *skowwe*; *laste* en *lasse*; *boste* en *bosse*; *rugge* en *ruens*; *mans* en *manne* (ook Nederlands) en *vrouens* en *vroue* (wives en women).

Besonder vrugbaar in hierdie opsig is Afrikaans by die vorming van nuwe byvoeglike naamwoorde wat naas die ou byvoeglik gebruikte verlede deelwoorde ontstaan het en nog ontstaan. Die nuwe vorm word dan in letterlike, die oue in figuurlike sin gebruik, terwyl Nederlands nog maar altyd die een vorm het vir albei doeleindes. So byvoorbeeld:

'n afgetrekte gordyn — *'n afgetrokke houding*,
'n deurgesteekte garingdraad — *'n deurgestoke kaart*,
'n gebreekte glas — *hy praat gebroke Afrikaans*,
'n geslypte mes — *'n geslepe dief*,
'n opgewende horlosie — *'n opgewonde menigte*,
onbespreekte sitplekke — *onbesproke gedrag*,
uitgesoekte vrugte — *'n uitgesogte kans*.

Hier nog net 'n kort melding van ons handige tussen-voegwoordjies (bywoordelik gebruik) waarin ons netso

ryk is as die Grieks met sy partiekels (in albei tale byna onaanleerbaar vir die vreemdeling), soos *tog* en *al* en *mos* (weer 'n verdubbeling, by die oorspronklike *immers*) en *wel* (hierdie *wel* word in die laaste tyd dikwels misbruik volgens die Nederlandse funksie), met saamstellings soos *togte* en *alte* en *nogal* en *toemaar* en *sommer* (waar-naas ons *so maar* met die oorspronklike betekenis behou het) en *darem* (in 'n ander sin as *nieteenstaande*, soos in *hy's darem 'n knap kêrel*), en *maar* (nie die voegwoord nie), en *nog* en *nou* en *dan* (nie die bywoorde van tyd nie).

Ons het so een en ander in verband met ons Afrikaanse taalrykdom aangedui, nie om hier 'n taalles te gee nie maar om nadruk daarop te lê dat die skrywer wat nie van die beskikbare rykdom gebruik maak nie, homself verarm en sy werk skraal en gebrekkig laat. In die hoofstuk oor die Taaleie sê ons iets meer oor hierdie punt.

ALGEMEEN

Wat die algemene woordekeus betref, verdien die alledaagse woord voorkeur bo die ongewone, die eenvoudige bo die geleerde, die beskeie bo die verwaande, die nederige bo die hoogdrawende, die konkrete bo die abstrakte.

En wat die skrywer se eie woordeskat betref, hy sal sorg om sy taal so goed te ken dat hy vir elke geleentheid 'n oorfloed tot beskikking het en daarvan 'n geringe deeltjie gebruik. Juis omdat daar so baie is, sal die regte woord daaronder wees vir hom om te kies. En netsoos hy nie dieselfde ding meer as eenmaal sal sê nie, omdat hy hom eenmaal goed en reg gesê het en dit was dus voldoende, so sal hy nie nodig hê om vir dieselfde beeld of begrip meer as een woord te gebruik nie, want hy sal die een goeie hê om te gebruik en die beste van die ander is minder goed. Woordverkwisting kom nie uit rykdom nie maar uit armdege.

Eindelik is daar by die gebruik van woorde soos by ander dinge, 'n regte tyd en 'n regte plek — en 'n verkeerde. Daar is geen kwaad by lag nie en ook nie by huil nie, maar dis ongeskik om op 'n begrafnis te lag of op 'n bruilof te huil. So kan dit wees dat 'n woord opsigself nie plat is nie maar dat die verkeerde verband hom plat maak. *Pens en pootjies* en *bek vol tande* en *tou styfloop* is nie noodwendig onbruikbare uitdrukkings nie, maar in 'n ernstige kanselrede is hulle onbruikbaar. Omgekeerd kan verhewenheid en oordeftigheid van taal onvanpas wees in 'n ligte, alledaagse skets of klug. Hier is dit noueliks moontlik om reëls voor te skryf. Soos by 'n mens se daelikse gedrag, moet jy ook maar by wat jy skryf deur jou goeie smaak gelei word. Behalwe dit, dat om nie onfatsoenlik te wees nie nog meer gebiedend is by die geskrewe woord as by die gewone gedrag. Die een gaan verby, die ander staan. Die een kan sy verskoning vind in die oorhaastigé aandrift van die oomblik; die ander het geleënthed om te wag op kalme beraad.

VRAE EN OEFENINGE

1. Lê uit die verskillende waardes van *tog* in die volgende sinne:

- (i) *En tog het hy nie my raad gevolg nie.*
- (ii) *Ek is tog alte jammer.*
- (iii) *Leen my tog-jou mes.*
- (iv) *Dis tog duidelik genoeg.*

Hoe sou u hierdie sinne in Engels weergee?

2. Stel sinne op om op dieselfde manier soos in vraag 1 aangegee is, die gebruik van die ander woordjies te illustreer wat as partiekels diens kan doen, en lê die verskillende waardes daarvan uit.

3. Weet u van nog sulke woordjies buiten dié wat in die teks genoem word?

4. Voel u 'n verskil tussen *mos* en *immers*?
5. Illustreer die gebruik van verkleinwoorde (a) met 'n logiese doel, (b) met 'n psigologiese doel.
6. Die teks onderskei tussen die logiese, psigologiese en estetiese doel waarmee woorde gebruik word. Kan meer as een doel by dieselfde woord en op dieselfde plek saamtref?
7. Gee verdere voorbeelde van woorde wat skoon is van klank en (of) skoon van inhoud.
8. Vergelyk *maag* en *pens*, *hoof* en *kop*, *skedel* en *klapperdop*, *hand* en *poot*, *mond* en *bek*, *moeder* en *moer*, *gesels* en *babbel*, *eet* en *vreet*, *drink* en *suip*, *sterf* en *vrek*.
9. Lê uit en illustreer die verskil tussen *ver slaan* (verl. deelw.) en *ver slae*; *klaar*, *gereed* en *bereid*; *vrugteloos*, *ydel* en *tevergeefs*; *sag* en *saf*; *gerus* en *rustig*; *ongerus* en *onrustig*; *werkelik*, *eintlik* en *wesentlik*; *vlytig*, *fluks* en *ywerig*; *koddig*, *komiek*, *snaaks*, *grappig* en *geestig*; *naywer*, *afguns* en *jaloesie*; *roekeloos* en *onverskillig*; *opsettelik* en *moedswillig*; *in gedagte* en *ingedagte*; *so lank* en *solank*; *so ver* en *sover*; *suinig*, *spaarsaam*, *inhalig* en *skraapsugtig*; *dienstig*, *gedienstig*, *dienswillig*, *diensvaardig*, *diensbaar* en *dienlik*; *verstandig* en *verstandelik*; *agterkom*, *uitvind* en *ontdek*.
10. Skryf 'n opstel oor die Latynse stélreël *verba valent usu*.
11. Waarom is dit 'n waardevolle eienskap van Afrikaans dat sy taalskat so suiwer is?
12. Watter maniere is daar om voorsiening te maak vir verdere groei om te voorsien in nuwe behoeftes?
13. Verduidelik die stelling: Rykdom van woordebesit lei tot spaarsamigheid van woordegebruik.
14. Op hoe 'n wyse kan goeie smaak by woordekeus te pas kom?
15. Maak 'n opsomming van die inhoud van hierdie hoofstuk.

HOOFSTUK IV

SINSBOU

In 'n sterk verboë taal soos Latyn kan die woorde van 'n sin op allerlei maniere onder mekaar gerangskik word. Die verhoudings word deur die verbuigings aangedui en die volgorde kan benuttig word vir ander doeleindes. Jy kan sê: *Pater amat filium, filium amat pater, amat pater filium, amat filium pater, pater filium amat, filium pater amat*, almal met dieselfde betekenis, maar verskillend ten opsigte van die nadruk wat deur die skrywer beoog word, die verband wat hy wil aandui, en so voort.

In 'n so te sê onverboë taal soos Afrikaans is hierdie wydte van speelruimte nie vir die skrywer beskikbaar nie; by gebreke aan verbuiging is die woordorde een van die middels waardeur die verhoudings tussen die woorde aangedui moet word. Ons kan nie sê *die hond jaag die haas* en *die haas jaag die hond* met dieselfde betekenis nie. Maar in 'n hoofartikel van 'n dagblad het ons so 'n sin aangetref: *Hierdie beleid het die Regering gevolg*, waar die bedoeling nie was dat die beleid die Regering nie, maar dat die Regering die beleid gevolg het. Natuurlik kan dit gebeur dat die bedoeling uit die verband of uit die inhoud-self duidelik is. Byvoorbeeld, *hierdie ondersteuning het die Regering geniet*, kan uit die aard van die saak nie anders verstaan word nie as dat *ondersteuning* die voorwerp is en *Regering* die onderwerp.*

*Oor ander dergelyke dubbelsinnighede word elders iets gesê.

Maar ook in Afrikaans, al is daar nie soveel speelruimte as in Latyn nie, is daar gewoonlik 'n keuse van rangskikking. Byvoorbeeld, laat ons hierdie eerste laasvoorgaande sin neem. Hy kan so gestel word: *Al is daar nie soveel speelruimte as in Latyn nie, is daar gewoonlik 'n keuse van rangskikking ook in Afrikaans.* Of, ons kan begin met: *Daar is 'n keuse van rangskikking . . .* (Ons gee aan die hand dat die leerling self die moontlike alternatiewe uitput.)

Hierdie stelmiddel is van so 'n fundamentele belang vir die doel van ons hele bespreking dat ons dit enigszins breedvoerig wil behandel. Daarom sal ons onder van die grond af begin.

Laat ons 'n kort eenvoudige sinnetjie neem maar met alle moontlike bestanddele inbegryp: *Die vermoede reisiger het eindelijk sy beminde tuiste bereik.* Ons veronagsaam, vir hierdie doel, die lidwoord *die* en die besittelike voornaamwoord *sy*; en dan vind ons, van die belangryke dele, vereers twee selfstandige naamwoorde, om die dinge of selfstandighede te noem waarvan hier sprake is: *reisiger*, die onderwerp, en *tuiste*, die voorwerp. *Reisiger* word gekwalifiseer, dit wil sê noukeuriger omskryf; deur die hoedanigheid *vermoede*; *tuiste* deur die hoedanigheid *beminde*. Ons merk op dat elk van die twee byvoeglike naamwoorde sy selfstandige naamwoord voorafgaan.

Tot sover is daar eintlik nog niks gesê nie. Twee beelde is in die leser se gees opgeroep deur assosiasie met voorwerpe van sy eie lewenservaring, maar wat daarvan? Nou kom die sê-woord by, die werkwoord *het bereik*. Die werkwoord is aan twee omdat ons die verlede tyd moes aandul en by gebreke aan vervoeging 'n hulpwerkwoord moes inroep. Ons merk op dat die voorwerp tussen die twee dele van die werkwoord ingesluit is, en dat die hoofdeel van die werkwoord die sin afsluit.

Eindelik vind ons dat, netsoos die selfstandige naamwoorde nader bepaal word deur byvoeglike naamwoorde, die werkwoord nader bepaal word deur die bywoord

eindelik. In die een geval word aan ons besonderlik meegedeel wat die kenmerke is van die selfstandighede, in die ander geval hoedanig hulle deur die handeling met mekaar verbind word.

En daarmee is eers die sin voltooi waardeur 'n volledige gedagte uitgedruk word. Ons merk egter op dat die bykomende bepalinge nie noodsaaklik was om die sin op te bou nie. Die *sê*-woord (en hy is die belangrykste) met die twee selfstandighede (of selfs een) kon voldoende gewees het.

Die volgorde waarop ons gelet het — en dis hier die gewone regstreekse — is van belang in verband met die natuurlike krag van die manier van stelling. In die Franse taal kom die byvoeglike naamwoord gewoonlik agter die selfstandige naamwoord, en dan is die saamstelling psigologies swakker; die leser skep eers sy eie voorstelling, *sê* nou maar van 'n jong, wakker, uitgeruste reisiger, en dan moet hy die beeld agterna verander wanneer die byvoeglike naamwoord bykom om te melde dat die reisiger vermoed was. Ook ons verskuiwing van die hoofdeel van die werkwoord na die end toe hou die leser se aandag gespanne: hy weet nog niks voor die skrywer met hom klaar is nie; hy moet wag vir die ontknoping. Hy kan dink die reisiger het sy tuiste misgeloop, wegverdwaal daarvandaan. En so ook met die plek van die bywoord; in Engels kan daar maklik 'n swak *ultimately* los agteraankom. Die Afrikaanse rangskikking is vanself berekend om die stelling tot 'n klimaks te laat styg.

In die enkelvoudige sin wat ons hier ontleed het, had ons nie met sinsnedes of frases te doen nie maar met woorde, om selfstandighede, hoedanighede en handelinge uit te druk. Insteede van die bywoord *eindelik* kon ons 'n sinsnede gehad het, *sê ná lang swerwe*. Maar die sinsnede is maar 'n meer uitgebreide woord; ons hoef nie daarop in te gaan nie. Van groter belang is dit om te let op die ondergeskikte sinne wat gebruik kan word om die woorde te vervang en hulle diens te doen.

'n Werkwoord kan nie so vervang word nie, maar én 'n selfstandige naamwoord, en 'n byvoeglike naamwoord, en 'n bywoord, kan deur 'n ondergeskikte sin vervang word waardeur dieselfde funksie verrig word. Daarom het ons drie soorte ondergeskikte sinne, wat kortheids-halwe genoem kan word Naamwoordelike Ondersinne, Byvoeglike Ondersinne en Bywoordelike Ondersinne. ('n Ondersin verskil daarin van 'n sinsnede dat hy 'n bepaalde werkwoord bevat, en daarin van 'n hoofsin dat hy nie insigself kompleet is nie.)

Laat ons, van die drie soorte, voorbeelde aanhaal.

NAAMWOORDELIKE ONDERSIN

(a) *Dis waarskynlik dat hy sal kom. Dat hy sal kom* is hier die onderwerp van die gesegde *is waarskynlik*. (Die *dis* is maar *dit is*, en die *dit* is maar 'n oorbodige bystelling — ons kon gesê het *dat hy sal kom is waarskynlik*.)

(b) *Hy het gesê dat hy sal kom, Dat hy sal kom* is hier die voorwerp van die werkwoord *het gesê*; die antwoord op die vraag: *wat het hy gesê?*

BYVOEGLIKE ONDERSIN

Die reisiger wat moeg was van sy lange tog, het eindelijk sy tuiste bereik. Wat moeg was van sy lange tog kwalifiseer die woord *reisiger*, netsoos *vermoeide* dit in die enkelvoudige sin gedoen het. Die ondersin is 'n plaasvervanger van die woord, maar hy is hier 'n swak plaasvervanger. Ons het gesien dat dit die uitdrukingskrag versterk om die byvoeglike naamwoord die selfstandige naamwoord te laat voorafgaan. Maar die ondersin kan nie voorafgaan nie; hy kan maar volg, soos die Franse byvoeglike naamwoord. Ongelukkig is dit onmoontlik om hierdie ondersinne te vermy; 'n mens kry hulle gedurig nodig.

Miskien sal dit nuttig wees om hier meteens op die

tweeledige moontlike funksie van hierdie soort ondersin te wys. As ek sê *dis die man wat gister voor die magistraat was*, is die doel van die ondersin om aan te dui watter man ek van praat. Maar as ek sê *ek verlang al na jou broer Jan, wat nog nie my rente betaal het nie*, weet my toehoorder goed van wie ek praat; die ondersin is nie nodig om identiteit aan te dui nie—hy gee verdere inligting. Ek kon gesê *het ek verlang al na jou broer Jan; hy het nog nie my rente betaal nie*. In Engels word die verskil sterk uitgebring deur verandering van die betreklike voornaamwoord—*that* in die eerste geval, *who* of *which* in die tweede. In Afrikaans is dit gebruikelik om in die tweede geval 'n komma in te sit.

BYWOORDELIKE ONDERSIN

Soos daar bywoorde van tyd en plek en wyse en so voort is, so is daar dieselfde soorte bywoordelike ondersinne. Byvoorbeeld:

(a) *Tyd. Ek sal kom wanneer dit vir my geleë is.* Die ondersin dui die tyd aan van die handeling wat uitgedruk is deur die werkwoord *kom*. Ek kon gesê *het ek sal aanstaande week kom*.

(b) *Plek. Hy het gevlug waar niemand hom kon volg nie.* Ek kon gesê *het hy het ver gevlug*.

(c) *Wyse. Ek het gehardloop dat die sweet my aftap.* Ek kon gesê *het ek het my moeg gehardloop*.

Laat ons nou probeer om hierdie konstruksies in verband te bring met die beginsels wat in hierdie hoofstuk behandel word.

Gewoonlik is die omsetting van die naamwoordelike ondersin nie raadsaam nie. Neem hierdie paar voorbeelde:

Dat die beleid van die huidige Regering nie in ooreenstemming te bring is met die belange van die volk nie, is ek oortuig van,

Hoe op aarde daar 'n Regering kon wees wat die onbeskaamdheid kon hê om met so 'n dwase maatreël voor die dag te kom, weet ek nie.

By die eerste oogopslag sou 'n mens sê dat hierdie stelvoorms aan die voorgemelde vereiste voldoen om die aandag van die leser gespanne te hou tot op die end: hulle werk op na 'n klimaks toe. Maar al is dit ook so, dan nog is hulle onnatuurlik en aanstellerig, asof die skrywer met bewuste inspanning nadruk gesoek het. Hulle is lomp en gekunsteld en onopreg; hulle stoot die leser af. Maar daar is 'n meer diepgaande gebrek. By die spraakkunstige vorm is daar 'n klimaks, dis waar. Maar wesentlik, ten opsigte van die psigologiese indruk, is daar 'n antiklimaks. Wat gesê word begint met hoogdrawende reklame van nadruk sodat die leser voorberei word om wat wonders te verwag, en dan word hy op die end plat op die grond gelaat met 'n pap *is ek oortuig van of weet ek nie*. Dis 'n goeie voorbeeld van 'n skriftelike optree wat die omgekeerde is van die verstandige beginsel: *Suaviter in modo, fortiter in re*.

Hiermee wil ons nie sê dat naamwoordelike ondersinne nooit vatbaar is vir hierdie soort omsetting nie. Maar juis omdat ons in die verdere loop van die hoofstuk so sterk sal aandring op die krag van die spraakkunstige spanning, was dit nodig om in hierdie besondere geval te waarsku teen klaarblyklike gekunsteldheid.

Die byvoeglike ondersin het ongelukkig, soos ons gesien het, sy onveranderbare plek, en dié is nie die beste plek nie. Maar daar is enkele gevalle waar, deur verswyging van die antesedent, 'n sterke en tog natuurlike nadruk ook by hierdie ondersinne verkry kan word. Byvoorbeeld: *Wat ek gesê het, kan ek bewys*. Die volle regstreekse sin sou wees: *Ek kan die ding wat ek gesê het bewys*. *Ding*, wat die voorwerp is van die werkwoord *bewys*, word eers omgeskuif na die aanvang van die sin toe, waar 'n mens die onderwerp sou verwag, en dan word hy met geheimsinnige indrukwekkendheid aan die verbeelding oorgelaat.

En nou kom ons tot die belangrykste ondersin vir ons doel, die bywoordelike. Sonder om spraakkunstig verkeer te wees kan hy byna op enige plek in die sin ingevoeg word, voor of tussen-in of agter; en daarom staan dit die skrywer vry om die plek te kies wat die beste aan sy oogmerk sal beantwoord. Daardie beste plek is gewoonlik — en gelukkig is dit dat dit so is — die eerste plek: *Wanneer ek klaar is, sal ek kom; waar jy my soek, sal jy my kry; omdat hy 'n opleiding gehad het, verstaan hy sy ambag; as jy nie ophou om my te terg nie, sal ek jou seermaak.* En so deur die hele lys van moontlike funksies. Elke voorbeeld hier bevat 'n spraakkunstige klimaks, en nie net dit nie maar 'n psigologiese klimaks. En geeneen lyk lomp of aanstellerig of effeksoekend nie; elkeen tref 'n mens as die natuurlike alledaagse spraakvorm. Die spanning by die leser word verkry sonder die minste blyk van inspanning by die skrywer.

En nou kan ons probeer om die meer algemene beginsel op te spoor wat ten grondslag lê van die belangryke skryfreël wat ons in verband met die ondersinne geïllustreer het.

By die rangskikking van sy woorde en sinsdele het die skrywer sy oog — as hy 'n ywerige leerling is, bewustelik; as hy 'n geofende skrywer is, onbewustelik — op die vereistes van *welluidendheid, nadruk, spanning en verband*. Laat ons hierdie vier een vir een 'n bietjie nader bekyk.

WELLUIDENDHEID

Hierdie is 'n eienskap wat, veral by prosa, beter gevoel as omskryf kan word. By poësie is daar die vers-maat en die rym wat vanself al 'n mate van ritmiese kadans meebring, hoewel ritme iets diepers is, sodat twee gedigte albei reëlmatig metries kan wees en tog die een meer ritmies as die ander. By prosa is daar geen reëlmatige herhaling van beklemtoonde lettergrepe nie; jambes, spondees en daktiele wissel mekaar na willekeur af. Dus

moet daar 'n ander as 'n metriese oorsaak wees waarom die een stuk prosa soetvloeiend loop en melodies klink soos 'n bergstroompie, terwyl die ander stamperig en stokkerig is nes die spraak van 'n hakkelaar of die ry van 'n skotskar. Eintlik is dit 'n saak, nie van die liggamelike oor soseer nie as van die verstandelike begrip en die geestelike gevoel. Die stuk wat maklik en natuurlik is in sy wendings, in die lengte van sy sinne en ondersinne, in die verband van sy woorde en sinsnedes, in die helderheid van sy beelde en die eenvoud van sy stellings, kos geen inspanning ty die leser nie en gee die indruk dat hy geen inspanning gekos het by die skrywer nie. En hierdie gemak en gladdigheid van geestelike opname verwek die illusie van stoffelike welluidendheid. Behalwe dit, lyk dit vir ons, is daar min om te sê, sekerlik min wat as 'n bepaalde, konkrete rigsnoer kan dien. Die skrywer wat ritmies aangelê is, sal ook by die enkele woorde en sonder dat hy daarvan bewus is, lelike ophopings van konsonante en ander klankverbindinge en herhalings van enersse klanke vermy. Vir hom is daar geen reëls nodig nie; vir die onritmiese sal geen reëls baat nie. Maar oor die algemeen lyk dit vir ons voldoende om aan te stip dat as die ander beginsels wat ons hier probeer om uiteen te sit, in ag geneem word, die welluidendheid as 'n bygeskenk sal toegewerp word.*

NADRUK

In die spreektaal kan 'n mens nadruk soek met stemverheffing, met gebare, met vloekwoorde, met vuilshoue (veral wanneer daar nie gevaar is van kragtiger nadruk van die anderkant af nie), en so meer. Die gelyksoortige skrywer kan nadruk soek met kursief en hoofletters en uitroeptekens. In albei gevalle is die middels ondoel-

*Hieroor sal ons iets meer te sê hê in Hoofstuk VIII.

treffend vir die beoogde doel. Eerder verydel hulle die doel deurdat hulle in die oog lopend op die voorgrond tree. Tevergeefs span jy 'n net vir die voël wat hom sien. Dis nie die gewone ondervinding dat die rasende redenaar met woeste gebare, op die platform of op die kansel, die diepste indruk maak nie. Ook hier soos elders geld die reël: In stilligheid en vertroue sal jou sterkte wees. Dis die oppervlakte wat skommel; die diepte is kalm.

Maar ons is besig om woordorde as 'n middel tot nadruk te bespreek. Die kunsgreep van veranderde volgorde lê natuurlik voor die hand. Vergelyk *goud en silwer het ek nie* met *ek het nie goud en silwer nie*. Hier het ons 'n geval van omstelling van 'n eenvoudige sin. Die voorwerp word geplaas waar jy die onderwerp verwag, en omgekeerd. Ons het begint met daarop te wys dat in ons onverboë taal hierdie soort omsetting tot bederf van betekenis kan lei. Nou en dan vind die skrywer dit 'n nadeel dat so 'n handige middel om die genoemde rede onbruikbaar is. Byvoorbeeld, dit sou so natuurlik wees om te sê: *Die een voorstel het eenparig deurgegaan, die ander het die Opposiesie verongeluk*. Maar die skrywer kan bietjie verspot lyk as die voorstel nie die Opposiesie verongeluk het nie maar die Opposiesie die voorstel met Regering en al. 'n Mens moet maar 'n ander middel by der hand neem, byvoorbeeld, hier soos elders om dubbelsinnigheid te vermy, die hulp van die lydende vorm inroep: *Die een voorstel het eenparig deurgegaan, die ander is deur die Opposiesie verongeluk*.

Maar dis nie net by onderwerp en voorwerp — by die selfstandige naamwoord — dat hierdie plan ter hand geneem kan word nie. Byvoorbeeld:

(a) *Werkwoord*. *Werk kan ek nie, steel mag ek nie, bedel wil ek nie*.

(b) *Byvoeglike naamwoord*. *Groot is die Diana van die Efesers*.

(c) *Bywoord. Hard het ek gewerk en geduldig het ek gewag en rykelyk is ek beloon.*

Hierdie middel is uiters doeltreffend. Maar juis om dié rede moet ons op ons hoede wees om spaarsamig met hom te werk te gaan sodat ons hom nie deur oor-gebruik misbruik nie. Immers dit spreek vanself dat nadruk nie 'n aanhoudende ding kan wees nie; sy krag lê juis in sy buitengewoonheid. Jy kan 'n man nou skrikmaak en dan moet jy wag tot aanstons voor jy hom weer skrikmaak. Jy kan hom nie voortdurend skok en verras nie. Dit sou ten uiterste verspot wees om so te skryf: *By my het Hans gister kom kuier. Tuis was ek nie. Vertrek het hy weer sonder om my te sien. Leed doen dit my van harte.*

SPANNING

Ons het hier voor gepraat van die spanning wat by die leser teweeggebring word deurdat hy tot op die end van die sin moet wag voordat die mededeling wat daarin vervat word kompleet is. By al die voorbeelde wat daar onder die voorgaande hoof, "Nadruk," aangehaal is, is daar spanning. Maar dáar was dit 'n buitengewone spanning, effektief, soos ons opgemerk het, juis omrede van sy buitengewoonheid; 'n uitsonderlike verdraaiing. In hierdie afdeling sal ons te doen hê met die gewone soort spanning wat in sin vir sin bereik kan word sonder die minste kleur of skyn van onnatuurlikheid of gekunsteldheid. Dikwels, inderdaad, merk ons by heeltemal ongeletterde mense op, mense wat van rededele of sins-ontleding geen benul het nie, dat dié soort spanning dwarsdeur hulle gewone gesprekke loop.

Ons behandel wat in Engelse stylboeke, of stelboeke, genoem word *The Periodic Sentence*. Miskien kan ons in Afrikaans daarvoor sê *Die Gespanne Sin*.^{*} En dit sal

^{*}Dit is wat hy is as ons hom van die oogpunt van die skrywer beskou. Van die oogpunt van die leser beskou, kon ons hom noem *Die Spannende Sin*.

nie nodig wees om veel daarvoor te sê nie. (Of moes hierdie laaste sin geles het: *Om veel daarvoor te sê, sal nie nodig wees nie?* Dan was dit self 'n "gespanne sin".) Dis 'n sin waarin — op byvoeglike ondersinne ná, wat soos ons opgemerk het 'n vaste, onwisselbare plek moet innêem — die bepaling altyd die bepaalde, die omskrywing die omskrewene, die kwalifiserende die gekwalifiseerde, voorafgaan. Vernamelik kom bywoorde, of bywoordelike sinsnedes, of bywoordelike ondersinne, vóór die werkwoorde waarvan hulle die daardeur uitgedrukte handeling wysig. Ons het gesien in die heel eerste sin wat ons as voorbeeld aangehaal het, dat Afrikaans vanself, in sy sintaktiese woordskikking, spanning bewerk. In *ek het hom gister gesien*, kom beide die voorwerp en die bywoord voor die hoofdeel van die werkwoord, wat nie die geval is met *I saw him yesterday* nie.

Hier is 'n regstreekse sinnetjie sonder spanning: *Lesse is daar in die skool vir die kinders om te leer*. Maar nou, geen mens sit die *daar* dáar nie. Soveel spannings-instink het ons almal om met die *daar* te begin, al hou die res regstreeks aan. By wyse van 'n eerste verbetering sê ons dan: *Daar is lesse in die skool vir die kinders om te leer*.

Laat ons nou 'n stappie verder gaan. Ons kan óf sê: *In die skool is daar lesse vir die kinders* (of *vir die kinders lesse*) *om te leer*; of anders: *Vir die kinders is daar lesse in die skool* (of *in die skool lesse*) *om te leer*. (Ons sluit 'n moontlike alternatief uit, al was hy ook hoegenaamd toelaatbaar, omdat hy onder die vorige afdeling sou val — *om te leer is daar* . . .)

In die twee gevalle sien ons dat ons 'n spanning bereik het sonder opoffering van natuurlikheid. Maar terloops het ons iets anders bereik. By eenheid van betekenis is daar 'n verskil van doel in die twee vorms teenoor mekaar. *In die skool is daar lesse vir die kinders om te leer* behels 'n versweë implikasie; soiets as: *maar op die speelgronde is daar sport om aan deel te neem*. Die ander vorm van rangskikking: *Vir die kinders is daar in*

die skool lesse om te leer, klink asof die skrywer die bygedagte had: maar vir grootmense nie.

In die twee aangehaalde voorbeelde is die afwyking van die regstreekse vorm bereik deur verskuiwing van sinsnedes. Soos ons gesien het, kan dieselfde afwyking met verskuifde ondersinne bewerk word. En daar veral lê die groot seggings-krag van die gespanne sin. Verdere voorbeelde is nie hier nodig nie; die beginsel is maklik om te begryp en maklik om toe te pas. Sy toepassing plaas in die hande van selfs die ongeofende en onkunstige skrywer 'n wapen van uitnemende doeltreffendheid.

Ons het gesien dat die spanning behalwe sy eie regstreekse waarde die byvoordeel het dat hy deur verplasing van gewig 'n wysiging van inwendige betekenis, na gelang van bedoeling, kan teweegbring. En dan is daar 'n ander bykomende voordeel, nog groter en belangryker, en dit is dat die moontlikheid van manipulasie by die samestelling van die sin die skrywer instaat stel om 'n geleidelike verband aan te bring tussen opeenvolgende sinne sodat geeneen geïsoleerd staan nie maar met natuurlike invoeging in sy plek tuisgebring word: dat die een nie net op die ander volg nie maar uit die ander volg. Dis nie te veel om te sê nie dat die aanwending van hierdie dood-eenvoudige middel een van die grondkenmerke is waardeur 'n leesbare geskrif van 'n onleesbare onderskei word. Tot die behandeling van daardie laaste en gewigtigste onderdeel gaan ons dan nou oor.

VERBAND

Die verband tussen een sin en 'n ander, soos tussen een sinsdeel en 'n ander of een rededeel en 'n ander, kan natuurlik verkry word deur die inlassing van voegwoorde, en dikwels is die voegwoord onvermydelik. Maar 'n alte groot weelderigheid van voegwoorde kan by die skrywer 'n teken wees, soos by die timmerman die oormatige gebruik van lym en skroewe, dat hy nie meester is van sy ambag nie. Die "kuns" kan inteëndeel daarin bestaan

dat die verband vanself so duidelik is dat die koppelwoordjie *en* of *maar* oorbodig word.

(Hierdie handboek het nie met inhoud te doen nie maar met vorm. Maar vorm en inhoud kan so onaf-skeibaar saamhang dat die een die ander bepaal, en dit is een van die vername eienskappe van skryfwerk van die hoogste gehalte. Gewoonlik, soos ons reeds aangestip het, is dit die inhoud waardeur die vorm bepaal word. Maar dit kan gebeur, en hier het ons so 'n geval, dat die behandeling van die vorm die behandeling van die inhoud beïnvloed. Die skrywer wat hom gewënd gemaak het om sy sinne die een in die ander te laat vloei, het daarby, ja daardeur, die gewoonte aangekweek om sy feite en beskouings, sy gegewens en gevolgtrek-kings, logies te rangskik. Sy gedagtes het geleer om te loop soos sy woorde loop, stap vir stap vorentoe, sonder onderbrekings, sonder kronkelings, oor 'n gebaande en besliste pad, wetende waarvandaan, wetende waarheen.

Met hierdie inlassing, tussen hakies het ons ons aan die oortreding van ons eie reël besondig. Die passasie moes, op die beste, tot voetnoot afgesonder gewees het. Maar, op die beste, is 'n voetnoot, met verwysende sterretjie tog in die teks, 'n hinderlike onderbreking. Dit hinder die leser om hom oor te slaan; dit hinder die leser om hom te lees.

Ons gaan dan, ná die self-interruptsie, terug om te vervat waar ons afgebreek het by die eerste hakie.)

Laat ons probeer om self 'n voorbeeld te skep om die beginsel wat hier bespreek word te illustreer. Eers stel ons 'n reeks los, onsaamhangende sinne op. So slêg as hulle is sal seker wel niemand skryf nie, maar 'n uiterste voorbeeld verskaf altyd die beste illustrasie.

Daar is 'n lasbrief uitgevaardig om die misdadigers in hegtenis te neem nadat die klagte aangegee was by die polisie. Konstabel Jakobs het maklik die spoor gevolg met behulp van 'n speurhond. Hy het dan ook op die kwaaddoeners afgekom in 'n eensame bergkloof die derde dag. En daar kon by hom geen twyfel wees omtrent hulle skuld nie, afgesien nog van

die feit dat die spoor tot by hulle gelei het van die toneel van die misdaad af. Want die hamer en die koubeitel waarmee die brandkas oopgebreek was, was in die bladsak van die een, en die gesteelde diamante was in 'n binne-bobaadjiesak van die ander.

Laat ons probeer om die lossigheid met spanning te vervang:

Om die misdadigers in hegtenis te neem is daar 'n lasbrief uitgevaardig nadat die klagte by die polisie aangegee was. Maklik het Konstabel Jakobs die spoor gevolg, met behulp van 'n speurhond.

Nee, dit deug nog nie. Klaarblyklik het ons hier 'n uittreksel uit 'n verhaal of verslag wat ergens vroeër begint. Die eerste sin behoort dus aan te vang met 'n verband terugverwysende na die voorgaande. Laat ons dus so aanvang:

Nadat die klagte by die polisie aangegee was

Die tweede sin van die poging tot verbetering is ook nog sleg. Om te begin met *maklik* gee nadruk, maar dis 'n valse nadruk, 'n gewigplasing op wat ongewichtig is. Albei sinne is op 'n manier gespanne en dus nie meer heeltemal los nie, maar geeneen van die twee handhaaf die verband nie. Laat ons weer probeer:

Nadat die klagte by die polisie aangegee was, is daar 'n lasbrief uitgevaardig om die misdadigers in hegtenis te neem. Met behulp van 'n speurhond het Konstabel Jakobs maklik die spoor gevolg. Die derde dag

Die *dan ook* word nou oorbodig.

Die derde dag het hy in 'n eensame bergkloof op die kwaaddoeners afgekom.

Merk die spanning hier.

Afgesien

Die *en* word oorbodig.

E

Afgesien nog van die feit dat die spoor van die toneel van die misdaad af....

In die oorspronklike sin het die spoor op die end gekom voor hy begint het . . .

van die toneel van die misdaad af tot by hulle gelei het, kon daar omtrent hulle skuld geen twyfel by hom wees nie.

(Of, kon daar by hom geen twyfel wees omtrent hulle skuld nie. Dis hier 'n saak van smaak.)

In die bladsak....

Die *want* word oorbodig . . .

In die bladsak van die een was die hamer en die koubeitel waarmee die brandkas oopgebreek was; in die binne-bobaadjie-sak....

Die *en* word oorbodig . . .

in die binne-bobaadjie-sak van die ander was die gesteelde diamante.

Laat die leerling nou die oorspronklike passasie hardop lees en dan, ook hardop, die verbeterde (aaneen, sonder die onderbrekende aanwysings), en hy sal dadelik die verskil bemerk. Nie alleen is daar 'n verskil van spanning, elke sin opsigself 'n natuurlike klimaks nie. Van 'n reeks los gesegdes is daar 'n eenheid gemaak. Sonder om daarna te soek is daar 'n benadering tot welluidendheid behaal. En, netso terloops, sonder bestudeerde opset, het ons in 'n mate voldoen aan die een groot toets van Afrikaanse skryfvermoë waarop daar elders in hierdie boek verder sal ingegaan word, behendigheid met die verhaaltrant.

Om te wys dat die eenvoudige beginsels wat ons probeer het om in hierdie hoofstuk uiteen te sit, geen nuwerwetse ontdekking is nie maar so oud as die skryfkuns van die eëue — eintlik is dit so oud soos die praat-

kuns van die mensdom; elke veewagter weet om 'n storie op hierdie manier te vertel—haal ons hier 'n paragraaf aan uit die bekoorlik-eenvoudige Nepos (uit sy Lewe van Miltiades), en daarby gee ons, in geval daar 'n leerling mag wees wat dit nodig het, 'n Afrikaansê vertaling, so letterlik as ons dit kan maak.

Hoc in tempore nulla civitas Atheniensibus auxilio fuit praeter Plataeenses. Ea mille mist militum. Itaque horum adventu decem milia armatorum completa sunt, quae manus mirabili flagrabat pugnandi cupiditate. Quo factum est ut plus quam collegae Miltiades valeret. Eius ergo auctoritate impulsu Athenienses copias ex urbe eduxerunt locoque idoneo castra facerunt. Dein postero die....

In die vertaling wat hier volg het ons die verbandmakende sinsdele gekursivêer:

Op hierdie tydstip was geeneen Staat die Atheners tot hulp nie behalwe die Plataeëse. Hierdie (Staat) het duisend soldate gestuur. En dus, met hulle bykoms, is ('n getal van) tienduysend gewapendes voltooi—'n bende wat van 'n wonderlike krygslus brandende was. Hierdeur het dit gebeur dat Miltiades sterker was as sy kollegas. Deur sy gesag dan aangedryf, het die Atheners hulle krygsmagte uit die stad uitgelei en op 'n geskikte plek 'n laer geslaan. Die dag daarna....

Uit hierdie hoofstuk, hoop ons, het dit duidelik geblyk dat, selfs wat die bloot werktuiglike, ambagtelike opstel van 'n stuk skryfwerk betref, die woordekeus suiwer kan wees, die idiome onbesproke, die spraakkuns foute-loos, en tog die geheel gebrekkig, selfs tot onleesbaarheid toe. 'n Gewysigde rangskikking van dieselfde woorde kan die hele verskil maak tussen 'n goeie en 'n slegte manier om 'n ding te sê.

VRAE EN OEFENINGE

1. Onderskei, met uitleg en voorbeelde; *sin*, *ondersin*, *sinsede*.

2. Waarom is daar in 'n onverboë taal nie dieselfde moontlikheid van wisseling van woordorde as in 'n verboë taal nie?

3. (a). Stel die volgende sinne op alle moontlike maniere om:

(i) *Ek weet nie waarom hy so 'n ding gedoen het sonder om sy vrinde te raadpleeg terwyl hy goed weet dat hy geen kennis van die saak het nie.*

(ii) *Dis maklik om te praat al is dit nie so maklik om te weet hoe om reg te praat nie.*

(iii) *Ek het gehuil toe ek op my plaas kom ná die onder-tekening van die vrede en ek sien die verwoesting wat daar aangerig was solank as ek op kommando was.*

3 (b). In sin (i) is 'n tweede nie weggelaat. Hoe word die weglating hier geregverdig?

3 (c). In sin (iii) as 'n saak van sintaksis, behoort ek sien die verwoesting nie te wees ek die verwoesting sien nie—dis mos eintlik en toe ek....?

4. Stel die tweede van die volgende sinne om sodat hy verband kry met die eerste: *Toe die dokter na die medisyne-flesse kyk kon hy dadelik sien wat gebeur het. Die pasient had 'n drie-dubbele oor-dosis geneem sedert sy vorige besoek.*

Watter verbetering is deur u omsetting aangebring ten opsigte van die besittelijke voornaamwoord sy?

5. Maak sinne met bywoorde van tyd, plek en wyse, en dan verder sinne om die bywoorde deur bywoordelike ondersinne te vervang, latende die res onveranderd.

6. In 'n onverboë taal soos Afrikaans is daar 'n betreklike beperking op die vryheid van die skrywer om die woorde van 'n sin op verskillende maniere te rangskik.

(a) Toon met 'n paar voorbeelde aan dat hierdie beperking vernameelik die posisie van die regstreekse onderwerp-en voorwerp geld.

(b) Toon met ander voorbeelde aan dat daar nie so 'n beperking is ten opsigte van bywoordelike uitbreidings nie.

7. Watter dubbelsinnigheid is daar in: *Die hond wat die kat gebyt het?* Hoe sou u die dubbelsinnigheid wegneem?

8. "Die swakheid van die byvoeglike ondersin bestaan daarin dat hy noodwendig die selfstandige naamwoord moet volg wat hy omskryf." Ten opsigte waarvan word dit 'n swakheid ge-

noem? Gee voorbeelde, en gee ook voorbeelde van bywoorde-
like ondersinne om te wys dat hulle van hierdie swakheid
vry is.

9. Skryf 'n opstel oor welluidendheid in die prosa.

10. Vir welke doeleindes dien verskillende rangskikkings
van dieselfde woorde in dieselfde sin?

11. "Hierdie maatreël, wat deur die nuwe Regering, wat pas
aan die bewind gekom het, ingedien is, en wat bedoel is om
die euwel van omkoperij by die verkiesings, wat in die laaste
tyd, sedert die kiesreg uitgebrei is, so toegeneem het, te bestry,
behoort sonder teëstand aangeneem te word."

Herrangskik hierdie sin, maar met gebruik van dieselfde
woorde, om die lelike saamhoppings van werkwoorde te vermy.

(Ons gee aan die hand dat u die oorspronklike sin, en u
verbetering, agtermekaar hardop voorlees en die verskil in
welluidendheid opmerk.)

12 (a). *Gesien het ek die kinders nie gister in die skool
nie....*

(b) *Die kinders het ek nie gister in-die skool gesien nie....*

(c) *In die skool het ek nie gister die kinders gesien nie....*

(d) *Gister het ek die kinders nie in die skool gesien nie....*

Vul elkeen van hierdie sinne aan sodat die woordorde
natuurlik lyk.

Maak self ander voorbeelde.

13. Vertel 'n storie, soos die van die agtêrvolgde misdadigers
in die teks, en stel dit, soos daar, op albei maniere, die ver-
keerde en die regte, in dieselfde woorde.

14. Lê uit en illustreer die tweeledige funksie van die
byvoeglike ondersin.

15. Gee voorbeelde (u eie) van egte nadruk en van valse
nadruk, wat (albei) verkry word deur omsetting van die ge-
wone woordorde.

16. Lê uit en illustreer wat bedoel word met 'n *periodieke*
of *gespanne sin*. Onder sy voordele word genoem: *spanning*,
nadruk en *verband*. Lê dit ook uit met voorbeelde. Waarom
kan *spanning* oral gesoek word en *nadruk* alleen by uitsonder-
ing?

17. Hierdie aanhaling is die eerste volsin in Van Lennep se
Klaasje Zevenster:

"Het zou mij niet verwonderen, indien er verstandige papa's en mama's, voorzichtige tantes, beschroomde oudere zusters en nauwgezette gouvernantes bestonden, die, na zich in een vol vertrouwen op den roem der zedelijkheid, welken de geschriften van den uitgever dezes tot nog toe mochten verwerven, de 'Lotgevallen van Klaasje Zevenster' te hebben aangeschaft, of — wat ik echter niet hopen wil, zoolang zij nog eenig geld bezitten om goede boeken te koop — ze van een goede kennis te hebben geleend, en na zich nu gereedgemaakt te hebben, dezen nieuwen roman van den bekenden schrijver van 'de Roos' overluid in den familiekring of in de *chambre d'étude* voor te lezen, het zou mij niet verwonderen, zeg ik, indien genoemde personen op eens, bij het zien van het opschrift, boven dit hoofdstuk geplaatst, den neus optrokken, het pas geopende boek weer dichtsloegen en met een zuur gezicht aan de tot luisteren gereed zittende dochters, nichtjes, zusjes of *élèves* verkondigden, dat zij het boek vooraf eens voor zich zelven moesten doorbladeren, om te oordelen of het wel geschikt was om hardop te worden gelezen: welke ceremonie van doorbladeren, al wordt zij dan door gezegde papa's, mama's, tantes enz. in hun studeerkamers, *boudoirs*, priëlen of andere plaatsen, die zij gewoon zijn tot zulke bezigheden uit te kippen, bij de eerste gelegenheid verricht, en al loopt zij, gelijk ik mij vleie, tot de eer des uitgevers af, toch altijd aan de freuletjes of juffertjes, ten wier bate zij genomen werd, een tijdelike teleurstelling zal veroorzaakt hebben, en, wat erger is, door uitstel, tot afstel van de lezing zal kunnen leiden.

(a) Breek die sin op (latende die woorde soveel as moontlik onveranderd) in soveel korter sinne as u kan.

(b) Nadat u tot 'n begrip gekom het van wat die skrywer bedoel het om te sê, vertel dit in u eie woorde, kort en saaklik, in Afrikaans oor.

(c) Ontleed die oorspronklike sin en beoordeel die vorm daarvan met toepassing van die beginsels wat in hierdie hoofstuk uiteengesit is.

18. Hier volg 'n aanhaling uit 'n Afrikaanse boek wat in 1922 verskyn het:

"O! Nee! Kyk, bevoorbeel, as ek jou nou vertel, dat as jy wil lag, dan moet een van jou senuwee, hom, deur iets geprikkel voel, dat die senuwee dan 'n boodskap daarvan aan die brein moet stuur, dat die brein dan daaroor moet dink, en tot die besluit moet kom, dat die oorsaak van die geprikkel kan beskou word as snaaks genoeg gewees om oor te lag, dat dan die brein deur 'n ander senuwee, 'n boodskap moet stuur aan seker spiere, dat hulle nou moet inkrimp, sekere van jou organe moet skud, jou gesig, min of meer, mooi of lelik moet

trek, en 'n min of meer welluidend of afskuwelik geluid in jou keel moet maak..." (*Onder die Olyfboom*, bls. 10.)

Sit hierdie passasie in suiwere en netjiese Afrikaans oor.

19. Die volgende aanhaling is uit Macaulay se *Essay on Lord Clive*:

"At every one of these revolutions, the new prince divided among his foreign masters whatever could be scraped together from the treasury of his fallen predecessor. The immense population of his dominions was given up as a prey to those who had made him a sovereign, and who could unmake him. The servants of the Company obtained, not for their employers, but for themselves, a monopoly of almost the whole internal trade. They forced the natives to buy dear and to sell cheap. They insulted with impunity the tribunals, the police, and the fiscal authorities of the country. They covered with their protection a set of native dependents who ranged through the provinces, spreading desolation and terror wherever they appeared. Every servant of a British factor was armed with all the power of his master; and his master was armed with all the power of the Company. Enormous fortunes were thus rapidly accumulated at Calcutta, while thirty millions of human beings were reduced to the extremity of wretchedness. They had been accustomed to live under tyranny, but never under tyranny like this. They found the little finger of the Company thicker than the loins of Surajah Dowlah. Under their old masters they had at least one resource: when the evil became unsupportable, the people rose and pulled down the government. But the English government was not to be so shaken off. That government, oppressive as the most oppressive form of barbarian despotism, was strong with all the strength of civilisation. It resembled the government of evil Genii, rather than the government of human tyrants. Even despair could not inspire the soft Bengalee with courage to confront men of English breed, the hereditary nobility of mankind, whose skill and valour had so often triumphed in spite of tenfold odds. The unhappy race never attempted resistance. Sometimes they submitted in patient misery. Sometimes they fled from the white man, as their fathers had been used to fly from the Mahratta; and the palanquin of the English traveller was often carried through silent villages and towns, which the report of his approach had made desolate.

(a) Vertaal die stuk in Afrikaans

(b) Merk die plekke waar die sintaksis van die twee tale verskil van woordorde gebiedend maak.

(c) Ontleed die aangemerkte verskille en sê by welke van die twee tale, na u mening, die voordeel lê. Motiveer u oordeel.

20. Haal uit Afrikaanse boeke voorbeelde aan van (a) goedgeboude en (b) swakgeboude sinne.

21. Skryf 'n opstel van, sê, 'n vier-vyf skryf-bladsye bevattende 'n kort opsomming van die inhoud van hierdie hoofstuk.

INDELING EN SY-HULPMIDDELS

Netsoos die skryfletters of druklettêrs dooie tekens is om lewende klankê voor te stel, en dié deur saamstelling en rangskikking tot die verstaanbare uitdrukkings-êenhede op te bou wat ons sinne noem, so word die sinne aanmekaar gevoeg tot paragrawe, die paragrawe tot hoofstukke, en die hoofstukke tot die geheel van die boek. Die leestekens bevorder die doel van die skrywer en vergemaklik die taak van die leser deur die woorde tot groepe af te baken. Op die end van elke eenheidsgroep of volsin kom daar 'n punt (of 'n ? of ! wat saam met ander diens die diens van die punt kan verrig). Maar nou is daar nie 'n leesteken wat 'n sterker stopplek as die punt voorstel nie, en ons kry so 'n aanduiding van 'n sterker stopplek nodig wanneer ons 'n groep van eenhede tot 'n groter groep wil bymekaar sit en dan die groter groep van 'n volgende groter groep afskei. Daarvoor gebruik ons dan die middel om 'n stuk ruimte op die papier oor te slaan sodat ons die groepe van groepe kry wat *paragrawe* genoem word. Wil ons nog sterker skedings voorstel dan laat ons 'n groter ruimte tussen die paragrawe leeg bly, of ons sit miskien daar 'n paar sterretjies tussen:

* * *

Op die end van so 'n groter groep van groepe wil ons weer 'n skedding aandui tussen dié en 'n volgende groep van groepe, en ons doen dit deur die hoofstuk-verdeling,

sodat die hele boek se inhoud uiteindelik tot klasse van groot klasse en onderklasse van klasse en so voort gerangskik is. Nie alleen help dit die leser nie; dit help die skrywer om sy stof logies onder hoofde in te deel sodat elke stelling sy aangewese plek het en wat bymekaar behoort bymekaar kom. Dit strek om die skrywer te vrywaar teen herhaling van wat hy reeds gesê het en teen weglating van wat hy moes gesê het. Die rangskikking van sy stof dra by tot die rangskikking van sy gedagtes.

Dis klaarblyklik dat die skrywer nie maar punte kan insit om sinne korter of langer of minder of meer te maak nie. Die punt bepaal nie die sin nie; die sin bepaal de punt. So kan hy nie maar 'n hoofstuk tot korter of langer paragrawe opsplits nie. Hoe lank elke paragraaf behoort te wees, of hy dit so ingedeel het of nie, was reeds deur saamstelling en verhouding en verband beslis toe die stuk klaar geskryf was. Dus die interpunksie volg — gaan nie vooraf nie maar volg — op die inagneming van stelreëls; die materiaal moet eers daar wees voor dit gerangskik kan word, en eers gerangskik wees voor die rangskikkingstekens kan ingesit word. Natuurlik geskied dit al-gaande; ons bedoel juis nie dat die leser eers moet klaarskryf en dan agterná lees-tekens insit om die indeling te versorg wat hy nie met sy geskryf-self versorg het nie. Wat daar gebeur wanneer hierdie natuurlike en logiese wet oortree word, sien ons in die tipografiese mishandeling wat die Bybel ondergaan het. Die Bybelskrywers het baie goed geweet wat hulle wou sê en hoe hulle dit moes sê om net presies die regte nadruk te lê, nie te veel nie en nie te min nie, en dus die juiste indruk te maak wat volgens hulle bedoeling nodig was. Maar in die Middel-eeue is die hoofstuk- en paragraaf-indeling gemaak soos ons dit vandag nog het. Om die genommerde verse te hê is baie gerieflik vir aanhaling en verwysing, maar die werk van die skrywers, as uitnemende stelkunstenaars, is daardeur vermink en op baie plekke bederwe. Oor die geheel het ons nou die Bybel as 'n versameling van

afsonderlike tekste, asof dit 'n 'nplak-album was. Daar is sulke tekste wat alleen behoort te staan as afsonderlike paragrawe, maar die indruk wat deur die uitsonderlike afsondering moes verkry word, is nou onbereikbaar omdat al die res so gestel is. Die teks-indeling het die gewone paragraaf-indeling onmoontlik gemaak en tegelyk die isolering van tekste wat alleen behoort te staan ook belet. Hoe sou die indruk van een van ons gewone boeke nie gewysig en bederwe word as ons die geheel in sulke teks-verse sou opsplits nie!

'n Leser word moeg van lang sinne en lang paragrawe. Nie alleen dat die-rusplekke om asem te skep te ver uitmekaar is nie; sy aandag word oor-ingespan om te veel beelde en begrippe tegelyk te vat. 'n Mens kan byna sê die toets van 'n doeltreffende sin, wat omvang betref, is dat die gewone leser instaat behoort te wees om hom eenmaal deur te lees en weg te kyk en woordelik te herhaal. Anders gesê, 'n enkele sin behoort een enkele beeld of een enkele begrip te bevat, natuurlik met die nodige bykomende besonderhede, maar nie te veel daarvan nie. *Die huis wat daar onder die boom op die wal van die rivier staan, is vannag afgebrand*, bevat as hoofbeeld die onderwerp wat ter sprake is, die huis. Die boom en die wal en die rivier en die rokende puin ná die brand, is by-beelde. Daar is vier, maar die geheel kan maklik in een verbeeldings-prentjie saamgevat word. Maar as hierdie sin uitgebrei word tot: *Die huis wat vammelewe deur ou Hendrik Blank gebou is, op die grond wat hy van Piet Klaas gekoop het, waar sy seun, wat met Grietjie Kok getroud is, later in gewoon het . . .* en die sin gaan dan voort om op dieselfde manier 'n omslagtige geskiedenis te vertel van die boom en die rivier voordat die arme leser by die eerste blaasplek kom, sal hy in die versoeking val om dit te betreur dat die huis nie baie eerder al afgebrand was en met die skrywer daarin nie.

Daar is natuurlik 'n ander uiterste om teen te waak. 'n Langaanhoudende opeenvolging van kort sinne gee 'n stakkato-effek soos van 'n reeks skokke, en so 'n

voortdurende geskok kan netso vermoeiend word as 'n aaneenskakeling van vervelende kronkels van lang sinne wat nie kan klaar kom nie. Dis baie merkwaardig, maar eentonigheid maak nooit eenheid nie; alleen verskeidenheid kan tot eenheid saamgebind word.

Soos die sin 'n begrips-eenheid behoort voor te stel, so behoort die paragraaf 'n groep-eenheid voor te stel, die kleinste onderdeel van die algemene skema van groepering, met 'n nou-verwante onderlinge verhouding. Die volsinne is die vader en moeder en kinders. Die paragraaf is die huisgesin. Die hoofstuk behels die verskeie famielie-takke saamgestel uit die paragrawe van huisgesinne. Die hele boek bind alle famielles saam as bestanddele van 'n volk. Onder die verskeie huisgesinne sal daar babetjies wees en volwassenes, een huisgesin sal groter wees as die ander, een famelle met gemeenskaplike stamnaam meer uitgestrek as die ander. In die werklike lewe soos in die hele Natuur, is daar nie eentonigheid nie maar oneindige verskeidenheid met ál die tyd tog die harmonie van fundamentele eenheid. Ook in hierdie opsig behoort 'n skrywer natuurlik te wees, in dié sin dat hy die groot volmaakheidsmodel van die Skepping navolg.

DIE LEESTEKENS

Nadat ons nou iets oor die indeling gesê het, as 'n metode of skema, kom ons tot die interpunksie as 'n stelsel van aanduidings of merktekens van die gemaakte indeling. So verdeel bakens en grenslyne en skeidingsmure nie 'n plaas nie; hulle wys hoe hy verdeel is.

Die gebruik van die leestekens word, as 'n vak van die gewone taalonderwys, op die laer skool geleer. 'n Volledige behandeling, van voor af, sou dus hier oorbodig wees. Maar by die algemene elementêre reëls verby kan daar besondere gevalle voorkom waar die keuse van interpunksie 'n saak vir ernstige oorweging word. Dikwels kos dit juis die geoefende en sorgvuldige

skrywer hoofbrekens om te beslis of hy op 'n gegewe plek 'n komma sal insit of 'n ander leesteken of glad geen leesteken nie. Dan word dit 'n verantwoordelike taak van diskresie, somtyds van goeie smaak, dan weer van die juiste hoogte van klem en diepte van indruk wat hy bedoel om mee te deel, en derhalwe 'n saak van naartog selfondersoek of hierdie of daardie middel die beste berekend is om die doel te bereik.

Maar dis 'n skone kleinigheid, kan die leerling sê. 'n Kleinigheid? Laat ons hoor wat 'n meester daarvan gesê het. 'n Besoeker het eenmaal in die atelier van die groot Michael Angelo 'n byna voltooid beeld gesien. Enige dae later kom hy weer daar, en die beeldhouer wys hom hoe hy hier 'n byna onmerkbaar papierdunne lagie marmer van die kant van die neus afgekrap het en daar 'n plootjie versag het en so voort. "Maar dis mos pure kleinigheidjies," merk die besoeker op. "Ja," was Michael Angelo se antwoord, "maar uit kleinigheidjies bestaan die volmaaktheid, en die volmaaktheid is geen kleinigheidjie nie."

Die keuse van leestekens kan dan word 'n element van stekuns, selfs 'n saak van styl, en as sodanig verdien dit hier tenminste 'n kort behandeling. Ook kan die verkeerde gebruik, en veral die oormatige gebruik, van die leestekens 'n ernstige stelgebrek wees, netsoos 'n slegte woordekeuse of woordskikking, en dis nodig dat een en ander van sulke misbruike as voorbeelde aangehaal word tot waarskuwing. En om afwykings te duideliker te laat uitkom, is dit nodig om die hoofreëls, al is dit op onvolledige wyse, te formuleer.

Laat ons die leestekens eers besonders behandel en dan 'n algemene woordjie sê oor hulle waarde en betekenis as skryfmiddels.

DIË KOMMA

Die komma is die aanduiding van 'n kort tussenrus, met die oogmerk om dadelik weer voort te gaan. Hy word vernameelik gebruik—

(a) Waar enkele naamwoorde, werkwoorde of ander rededele in 'n reeks agtermekaar kom sonder voegwoord: *Die hond, die kat, die bees, die perd en die skaap is mak diere. Ek het gesien, gehoor, geruk en gevoel. Hy het sag, bedoord, stadig en ernstig gepraat.*

(b) Waar, op dieselfde manier, sinsnedes, ondergeskikte sinne en volsinne in 'n noue verband met mekaar staan sonder voegwoorde: *Op die aarde, onder die aarde, in die lug, op die water en onder die water is daar lewe. Toe hy jonk was, toe hy oud was, toe hy fris was, toe hy siek was, was ek by hom. Ek het gesien, ek het gehoor, ek het verstaan.*

Met hierdie laaste voorbeeld moet die leerling versigtig wees. So 'n komma-gebruik soos hierdie: *Ek het 'n brief van my broer gehad, hy skryf dis nog maar baie droog, ek wonder wanneer daar tog vir die arme mense daar in sy distrik sal uitkomst kom* — is heeltemal ontoelaatbaar. Die kommas maak die hele passasie hier flou en swak; hy lyk soos 'n stuk timmerwerk met oop voë. (In hierdie voorgaande sin sou 'n komma byna gedeug het maar nie so goed soos die kommapunt nie. Sels 'n punt sou nie verkeerd gewees het nie — eerder as 'n komma.) Die komma behoort alleen dan (anders liever glad nooit) tussen volsinne geplaas te word wanneer hulle (i) baie kort is, (ii) baie nou-verbonde is, (iii) op gelyke hoogte van krag en waarde staan — wanneer hulle parallel is.

(c) Om bystellings aan te dui: *Piet, ou Koos Onderplaas se seun, was gister hier.*

(d) Om die aangesprokene te onderskei: *Gaan jy saam, Koos?*

(e) By 'n parentese: *Ek het, om die waarheid te sê, die hele ding vergeet.* En as onderdeel hiervan, om 'n aanhaling af te sonder: *“Wag,” sê sy, “ek kom netnou.”*

(f) Om, waar dit nodig is vir helderheid of nadruk, 'n sinsnede af te sonder: *Hy het, sonder die minste aanleiding, met my kom twis.* Dit sou gladnie verkeerd wees

om hierdie kommas weg te laat nie, maar die lesër sien watter nadruk verkry word deur die pouses, soos by die gesproke woord. Die kommas spaar kursivering uit. (Hierdie puntjie word verder behandel in verband met die russtreep.)

(g) Om, waar dit nodig is, ondergeskikte sinne van die hoofsin af te sonder: *Omdat daar so baie koks was, is die kos verbrou.* Maar draai die sin om: *Die kos is verbrou omdat daar so baie koks was,* en die komma word oorbodig. Selfs met die eerste konstruksie, wanneer die ondergeskikte sin baie kort is, en veral wanneer daar nie twee aparte werkwoorde bymekaar val nie, kan die komma gerus weggelaat word.

Om naamwoordelike ondersinne, en veral *dat*-sinne, met 'n komma in te lei soos: *Ek het gehoor, dat hy gekom het; ek weet, waar hy vandaan kom,* is 'n hinderlike onderbreking van die lesër se gang. 'n Geskrif vol oorbodige kommas maak dieselfde indruk as die spraak van 'n stotteraar.

In die geval van byvoeglike sinne is daar 'n verskil tussen twee soorte. *Piet Vleiland, wat netnou hier van my af weg is, staan op vertrek na die Onderland.* Hier is die byvoeglike sin nie ingesit om duidelik te maak watter Piet Vleiland bedoel word nie — dit maak 'n bygesegde, asof die meedeling so gestel was: *Piet Vleiland is netnou hier van my af weg. Hy staan op vertrek na die Onderland.* Maar in die sin: *Mense wat in glaashuise woon . . .* is die *wat*-sin nodig om aan te dui watter mense hoegenaamd bedoel word. Hier behoort die komma geen plek te kry nie, in die vorige geval wel. (Op die *end* van so 'n ondergeskikte sin, waar die hoofsin ná die onderbreking voortgesit word, is die komma dikwels nodig: *Mense wat in glaashuise woon en dus maklik terugbeskadig kan word, moenie met klippe gooi nie.*)

(h) Om volsinne, deur voegwoorde verbind, waar dit nodig is van mekaar te skei: *Ek was deur die huis en in die tuin en oral op die plaas rond, en nêrens kon ek haar kry nie.* Maar om 'n komma in te sit in so 'n

verband soos: *Gister het hy gekom, en vanoggend is hy weg*, lyk na skone origheid.

Daar is 'n stuk of, wat ander funksies van die komma, maar hulle is so vanselfsprekend dat ons hulle maar hier kan weglaat.

Ons het reeds aanmerking gemaak oor oorbodige kommas. 'n Mens kan met veiligheid sê dat baie min skrywers, selfs ongeoefende beginners, die fout begaan om nodige kommas uit te laat. Die gewone fout, en dié is nie tot beginners beperk nie, is om onnodige kommas in te sit, of kommas in te sit waar daar ander leestekens moes gebruik geword het, veral kommapunte en punte. Onder ander mislukkings behaal sulke skrywers, wat met hulle kommas opgeskeep is, die óngelukkige uitwerking dat hulle die waarde van die noodsaaklike komma vernietig—die leser weet nie of die komma nie dáar ook maar 'n orige weelderigheid is nie; hy is goedkoop gemaak.

DIE KOMMAPUNT

Die kommapunt staan naastenby halfpad tussen die komma en die punt. Hy word veral gebruik om volsinné (met of sonder voegwoorde daartussen) te skei waar die komma te swak sou gewees het en die punt te sterk. Maar hy kan ook gebruik word om ondergeskikte sinne te skei waar daar 'n ophoping van hulle is, veral as hulle lank is: *Wanneer ek opkyk na die nagtelike hêmel, en ek merk op die ontelbare heirskaar van sterre; of wanneer ek die wemelende lewenssoorte om my heen betrag, en ek bedink die wonder van hulle geboorte en groei en gedrag; of wanneer ek met die mikroskoop die nietighede van selle en kieme bestudeer, wat anders vir my oog onbereikbaar is; dan staan ek, oor my dwase eiewaard beskaamd, verbysterd voor die wondere van die Skepping*. Een waarde, onder ander, van hierdie skema van interpunksie is dat die ondergeskikte funksies van die kommas wat nog behou word, duidelik afgesonder

bly. (Die sin as sodanig word nie vir 'n model voorgelou nie.)

Omdat die kommapunt nie soseer 'n sterker komma is nie, as 'n swakker punt, sal die leerling nie so maklik die fout maak om hom in die plek van 'n komma te gebruik nie as om hom in die plek van 'n punt te gebruik. Waar daar twyfel bestaan, is die punt altyd veilig.

DIE PUNT

Die punt is die groot stopmerk. Hy kom op die end van die klaar-afgehandelde volsin, van die paragraaf, van die hoofstuk, van die boek. Maar netsoos 'n mens op 'n tog kan uitspan omdat jy jou bestemming bereik het, of uitspan om aanstons weer in te span om verder te ry, of op 'n hoogte 'n hele ruk stilhou om jou diere te laat blaas, sonder om uit te span, so het die punt verskeie grade van waardes. Hy het een waarde aan die end van 'n volsin, 'n ander aan die end van 'n paragraaf, 'n ander aan die end van 'n hoofstuk. (Maar natuurlik, in die laaste twee gevalle kom die onderbreking in die drukkolom die punt tot hulp.) Aan die end van 'n volsin kan die punt sterker wees as daar nie 'n terugverbindende voegwoord volg nie en swakker as daar wel een volg.

Die punt word ook gebruik by afkortings, soos Mev., Weled. Hr., Theol. Dr., v.m., ll. Afkortings van woorde, soos b.v., i.p.v., s.g., m.a.w., e.d.m. moet aan die diskresie van die skrywer gelaat word. Vir ons lyk hulle na luiigheid en lelik vir die oog. Dis goed om met ruimte suinig te werk, maar die spaarsamigheid kan beter beoefen word deur oortollighede te snoei en omslagtigheid te vermy.

Dan word die punt dikwels op plekke gebruik waar hy sonder betekenis is, soos agter hoofde en opskrifte. Hy is van geen waarde daar nie—eerder tot onnut, want hy vra die leser om te stop voordat hy begint,

DIE DUBBELPUNT

Die gewone diens van die dubbelpunt is om in te lei tot 'n aanhaling of, soos hier nou volg, tot 'n voorbeeld: *Sy woorde was: "Ek sal nie kom nie."*

Sommige skrywers gebruik ook dikwels die dubbelpunt om 'n logiese gevolg aan te dui: *Ons is moeg, ons diere is moeg: ons sal maar uitspan.* Vir ons lyk so 'n gebruik 'n bietjie alte aktief-oorkompleet. 'n Skrywer moenie sy hulpmiddels opdringend in die leser se oë steek nie.

DIE UITROEPTOKEN EN SY MAAT

Hierdie teken behoort bepaal te word tot wat werklik in die letterlike vorm uitroepe is, soos: *Kyk tog, wat 'n wonderskone uitsig!*

'n Uitroepteken wat gebruik word om die leser uitdruklik daarop te wys, ingeval hy dit nie self raakgesien het nie, dat die skrywer nou 'n slim ding en 'n netjiese ding en 'n knap ding gesê het, is niks beter nie as 'n luidskreeuende eie-reklaam. By sommige skrywers kan so 'n gebruik uit beskeidenheid ontstaan — hulle skat miskien nie hulle eie krag hoog genoeg om indruk te maak sonder bygaande self-aanbeveling nie. Maar die leser kan maklik dink die motief is die teenoorgestelde. Dan is daar die verspotte uitroepteken wat gebruik word om aan te kondig dat die skrywer nou net, 'n grap gemaak het. Hy is dan soos die spreker wat eerste self oor sy grap lag sodat sy hoorders kan weet dat hulle hom moet begelei, al is dit uit beleefdheid. Eindelik is daar die uitroepteken wat bedoel word om ekstra klem te lê op 'n gewigtige gesegde, soos waar daar in 'n sterrekundige verhandeling sou gesê word: *Die son is meer as 'n miljoen maal so groot as die aarde!* Hierdie misbruik is van dieselfde ambagtelike aard as die misbruik van kursief, die uitroepteken se maat, vir dieselfde doel.

Die skrywer wat sy ambag verstaan — ons praat nog nie van hoë kuns nie — sal die gewigtige ding gewigtig stel

deur sy wyse van stelling; deur die woorde wat hy kies, die orde waarin hy hulle in die betrokke sin rangskik, en die verband en verhouding waarin hy die sin plaas teenoor wat voorafgaan en wat volg. Sodoende sal hy met stille bedaardheid, sonder geraas en geskree, en sonder blyk van selfbewuste inspanning, sy doel tot op die hoogste bereik. Die degelikste kuns, ook al is dit gewone ambagskuns, bestaan daarin dat hy sy kuns verberg. Die leser moenie agterdochtig gemaak word dat die skrywer hom beskou as 'n maklike prooi vir kinderagtige vangmiddels nie.

In hierdie verband kan 'n tussen-opmerking oor die klemteken te pas kom. Hierdie teken kan ook, soos die uitroepteken en die onderstreping, misbruik word om die nadruk teweeg te bring wat op 'n ander manier moes bereik geword het. Maar somtyds is daar 'n spraak-kunstige of logiese noodsaaklikheid vir sy gebruik. Byvoorbeeld, dit mag nodig wees om die verskil uitdruklik aan te dui tussen 'n *brief laat p[ó]s* (deur 'n ander) en 'n *brief láat pos* (nie betyds nie). So tussen *na* (naar, rigting van plaas) en *na* (by 'n ander tyd verby). Eintlik het ons hier met twee besonderse woorde te doen, en in die uitspraak is daar 'n verskil — die eerste sluit met 'n kort vokaal, soos in *polka*; ons moes hom kon geskryf het *nā*. By die tweede is die *a*-klank lank: *naa*. Ons moes hom geskryf het *nā*. Maar aangesien hierdie tweede gewoonlik 'n natuurlike klem het en die eerste nie, is dit voldoende om die *naa* aan te dui met die gewone klemteken: *Ons het ná die kerk na die sondag-skool gegaan*. So is daar ander voorbeelde: *Ek het gedog hy sou kóm* (maar hy het nie gekom nie); *ek het gedóg hy sou kom* (en hy hét ook gekom). Laat ons nog een voorbeeld neem. *Ek het al my werk klaar* kan beteken *ek het my werk klaar, soveel as wat daar was om te doen*; of *ek het reeds my werk klaar*. In die vorige sin dra die *al* in die spreektaal 'n klem, in die tweede sin nie. As ons skryf *ek het ál my werk klaar* kan die *al* nie vir 'n *reeds* aangesien word nie. (Hier

was *sin* snaaks dubbelsinnig. Ons het bedoel *betekeenis*.) Dan is daar die beklemde partikel *al*, soos in *al in die rondte; dit was al vir my nes dit jy was*.

Behalwe waar dit noodsaaklik is, sal die skrywer aksente vermy netsoos kursief en uitroeptekens. Sy self-respek, wat saamgaan met sy respek vir die leser, sal hom aan die eenkant weerhou van kunsies en aan die ander kant op sy hoede laat bly teen onverstaanbaarheid en dubbelsinnigheid.

DIE TWEE HAKIES

Die twee hakies word gebruik om 'n woord of sinsnede of volsin of passasie in te skuif by wyse van bygaande uitleg of as 'n min of meer verbandhoudende, terloopse opmerking. Hulle maak dus 'n onderbreking; hulle laat die skrywer homself in die rede val; en daarom is dit beter as 'n mens daarsonder kan klaarkom. Alle parentesies is eintlik kenmerke van gebrekkige ambagskap. Maar dis 'n ideale raad wat die skrywers van hierdie boek self voortdurend versuim om te gehoorsaam.

DIE RUSSTREEP

Die russtreep of lange rus kan, met sy twee, in plaas van die hakie gebruik word, en word dikwels so gebruik waar die ingeskuifde woord of woorde nie so danig vreemd is aan die verband nie. Maar hy het ander funksies wat meer belangryk is — hy kan die plek neem van 'n dubbelpunt, soos in hierdie einste sin. Ook kan hy 'n omsetting van die grammatikale konstruksie aandui: *Of jy tevrede is en of jy ontevrede is — ek wil dit dit doen en ek 'sal dit doen*. Dan verder kan hy baie doeltreffend gebruik word vir nadruk, maar daaroor aanstons.

DIE WAARDE VAN LEESTEKENS

Die voorgaande is geen volledige uiteensetting van reëls nie. Dis eerder 'n verwysing na hoofreëls om die aandag van die leser te bepaal by hoofoortredings. In besonderhede egter is baie van die gewone interpunksie-reëls maar aanduidings wat nie bepaald gebiedend kan wees nie omdat elke skrywer, as hy die naam wêrd is, sy eie stelsel volg — binne sekere perke, natuurlik. Dis 'n deel van sy styl, netsoos die pouses en gebare van 'n platform- of kansel-redenaar 'n deel van sy styl is. En om dit te verduidelik moet ons 'n poging maak om enigsins uit te lê wat die waarde en betekenis van leestekens oor die algemeen is.

Die ou Hebreërs het sonder vokale geskryf. In later tye is dit besonders ingesit, nes in Pitman se snelskrif. Die ou Grieke en Romeine het wel vokale ingesit as selfstandige letters, gelyk-op met die konsonante, maar geen leestekens gebruik nie en die woorde vas-aanmekaar geskryf sodat elke reël een ongebroke blok was. Engelse wette en wetsdokumente is tot onlangsê tye sonder leestekens opgestel — sodat die opstellers baie knap moes wees met hulle konstruksies om nie misverstand en dubbelsinnigheid te veroorsaak nie. Dit spreek vanself dat die invoering van leestekens die taak van die hedendaagse leser groteliks vergemaklik het. En dit eintlik is hulle doel — om die skrywer in regstreekse en doeltreffende aanraking met die leser te bring. Soos die letters die klanke van die spreektaal voorstel, so stel die leestekens die rusplekke en klemplekke voor. As jy baie kommas insit, stel jou geskrif 'n hakkellende spreker voor; as jy te veel punte en russtrepe gebruik, stel jou geskrif 'n spreker voor wat lief is vir pouses. So 'n kunsgreep kan indrukwekkend wees; dit kan ook deur oordrywing vervelig gemaak word. Die skrywer wat die raakste skryf, is hy wat die sulwerste kan bereken watter indruk hierdie of daardie leesteken, of die weglating daarvan, op die leser sal maak.

Laat ons met 'n paar voorbeelde aandui wat ons be-doel het met te sê dat 'n skrywer se interpunksie — natuurlik waar daar binne die reëls vryheid van keuse gelaat word — 'n deel is van sy styl. Onder die voorgaan-de illustrasies van die funksies van die komma het ons hierdie sin gebruik: *Hy het, sonder die minste aanlei-ding, met my kom twis.* En toe het ons die woorde omgesit: *Sonder die minste aanleiding het hy met my kom twis* waardeur ons nie alleen twee kommas uit-gespaar het nie maar 'n gewysigde indruk teweeggebring het ('n saak van die waarde van een teenoor 'n ander woordskikking wat in die hoofstuk oor die sinsbou be-handel is). Maar let nou op watter ander verskil ons kan aanbring deur die woorde te neem soos ons hulle die eerste maal had, maar die interpunksie te wysig. Eers sonder die twee kommas: *Hy het sonder die minste aanleiding met my kom twis.* Dan met twee russtrepe in plaas van twee kommas: *Hy het — sonder die minste aanleiding — met my kom twis.* Of ons kan die woorde nog 'n slag verstel: *Hy het met my kom twis sonder die minste aanleiding,* en hierdie vorm bring die stelling op sy laagste peil van swakheid. Aan die ander uiterste kan ons hierdie swak woordorde behou en dit versterk deur 'n pouse met 'n spannende verwagting van iets wat nog moet volg: *Hy het met my kom twis — (en dit) sonder die minste aanleiding.* Probeer nou om van krag tot krag voort te gaan: *Hy het met my kom twis . . . sonder die minste aanleiding.* En hierdie laaste voorbeeld kan gelde as 'n *reductio ad absurdum* — die effek-jagtery is te in die oog lopend. Laat ons altyd onthou, oordrywing van nadruk verydel sy eie doel — die harde hou wat mis, verswak die slaner. 'n Gefluister kan meër indrukwekkend wees as 'n geskreeu. Die saak is, watter indruk soek die skrywer om op die gegewe plek te maak — nee, liever, watter indruk behoort hy daar te soek om te maak — en watter is die beste middels om daartoe te gebruik?

So kan 'n punt somtyds gebruik word om 'n gewone volsin in twee te verdeel sodat daar 'n stuk agterná kom wat self nie 'n volsin is nie: *Hy drink nie meer nie. Nie minder ook nie. Waar ek ook in die wereld rondgaan, ek is nêrens op my gemak nie. Buiten in my eie huis.* Sien die leser die effek? Maar, weer moet ons waarsku, hierdie voorbeelde word nie gegee as modelle vir navolging nie. Hulle is opsettelik as uiterstes gekies — juis om die beste te dien as illustrasie van die stelling dat die interpunksie netso goed 'n wapen in die hand van die skrywer kan wees as sy woordekeus en woordverbindings.

Na die harde hamerslae van die laaste voorbeelde, laat ons 'n sagter voorbeeld kies. Ons nooi die leser uit om die verskille van indruk te vergelyk wat die volgende sinne op hom maak: *Winde, wolke en waters is ál wat ek om my sien. Winde en wolke en waters is ál wat ek om my sien. Winde, wolke, waters, is ál wat ek om my sien. Winde—wolke—waters! Dis ál wat ek om my sien.* Daar is meer variante — die leerling kan hulle byvoeg.

Maar die vryheid wat ons hier geïllustreer het, is vir die speelruimte. Aan daardie speelruimte is daar perke, en buitekant die perke is dit nie meer 'n saak van diskresie nie maar van reg of verkeerd. Wat ons wou aantoon is dat daar vir 'n werksman wat regtig 'n ambagsman is, geen kleinighede benede sy aandag kan wees nie. Die volmaaktheid van die resultaat is die slotsom van getrou-versorgde kleinighede. Anders gesê, die degelike werksman kom aan die volmaaktheid kort op weinige kleinighede ná, die swak werksman op baie kleinighede ná.

Soos al ons skryfreëls het ons interpunksie-reëls maar een oogmerk — en dit is om die skrywer se middels die beste te laat deug vir die bereiking van sy doel. Daardie doel is nie by die skrywer nie maar by die leser. Op hom is ons oog al die tyd gevestig.

VRAE EN OEFENINGE

1. Skryf 'n opstel, omtrent 'n bladsy lank, sonder leestekens.
2. Skryf dieselfde opstel oor en sit soveel leestekens in as wat hoegenaamd enigsins redelike plek daar kan kry.
3. Neem 'n bladsy uit u leesboek en probeer hoeveel variante op die interpunksie u kan aanbring met behoud van die woorde soos hulle staan. Kies 'n stuk of wat voorbeelde daaruit en vergelyk die effek van die verskillende variante met dié van die oorspronklike interpunksie.
4. Neem 'n verhaal-hoofstuk uit die Bybel—sê maar Genesis 2—en 'n vermaan-hoofstuk—sê maar Deuteronomium 8—en deel dit, volgens u smaak, in paragrawe in om die bestaande teks-indeling te vervang.
5. In die teks van ons hoofstuk, in die onderafdeling oor die uitroepteken, kom daar 'n paragraaf voor, beginnende met “'n uitroepteken wat gebruik word” en eindigende met “vir dieselfde doel.” Sou dit nie beter gewees het om daar drie paragrawe van te maak nie? Waar sou die onderbrekings moes geval het?
6. Noem die funksies van die russtreep behalwe dié wat in die teks aangegee word.
7. Maak 'n kort opsomming van die eerste deel van hierdie hoofstuk.
8. Skryf 'n opstel, in u eie woorde, oor die doel en waarde van leestekens.
9. Sê iets oor die vraagtekens en koppeltekens, wat nie in die teks behandel word nie.
Hoe sou die betekenis van hierdie sin gewysig word deur weglating van die komma ná *koppeltekens*?
10. “Te veel interpunksie, netsoos te veel woorde, maak die leser moeg omdat dit te min van hom verwag; te min interpunksie, netsoos te min woorde, maak die leser moeg omdat dit te veel van hom verwag.”
Is hierdie twee stellings versoenbaar?
11. “'n Logiese indeling is 'n voorbehoedmiddel teen beide herhaling en weglating.”
Ontwikkel hierdie stelling.
12. Skryf 'n opstel oor verskeidenheid teenoor eentonigheid.

HOOFSTUK VI

DIE TAALEIE

Tot ons onherstelbare nadeel in menige opsig het ons Afrikaans nie as skryftaal gebruik in die dae van ons algemene isolasie nie. Die volk was toe vry van vreemde letter-invloede. Wat hy kortgekom het by sy middels van gedagte-wisseling kon hy nie by ander bewustelik gaan leen of onbewustelik optel nie; hy moes dit uit eie vindingrykheid aanvul. En hy het dit reggekry tot 'n ooryloed van rykdom toe wat deur geen eeue-ou ontwikkelde taal oortref word nie. Gelukkig dat daar nog van ons ouer skrywers is wat op plase in suiver Afrikaanse boere-omgewings opgegroeï het. Die jonger generasie het sy taalgebruik in gemengde omgewings aangekweek; ook waar hy dit regkry om teen ismes te waak, mis hy 'n deel van die óu idiome waaraan die voorgeslag so skatryk was. 'n Mens moes 'n skare van snelskrywers kon aanstel om die land deur te gaan en grysaards van alle stande, boere, veewagters, dagloners, ooms en tantes en outa's en aja's in afgeleë skuilhoeke, op te soek om hulle spreekwoorde en spreekwyses en eienaardige uitdrukkings, dikwels so fyn en sprekend en skilderagtig, vir bewaring en hernude gebruik te boek te stel.

Maar daar bly genoeg oor, ook in die omgang in uifers-Engelse stedelike sentrums, om die Afrikaans wat vandag in gebruik is 'n eiendommelike stempel te gee van 'n onderskeidings-waarde ten opsigte waarvan hy by geen ander taal hoef agter te staan nie. Gelukkig het ons skrywers wat daarop gesteld is om hierdie besondere hoedanighede te handhaaf. Ongelukkig is daar ander,

en dié is op verre ná nie in die minderheid nie, wat lyk of hulle onder die indruk verkeer dat hulle hulle taal verryk deur eie skatte te veronagsaam en onnodig vreemde elemente in te voer. Wesentlik is dit 'n verarming. Die beswaar teen 'n vreemde isme, of dit dan 'n anglisme is of 'n neerlandisme of 'n germanisme of wát ook, is nie alleen dat hy 'n indringer is wat nie daar tuis hoort nie maar dat hy die egte en regmatige ingesetene daar uithou. Word hy geskrap, deur 'n redaksie-gesag of uit eie beweging onder, byvoorbeeld, resensie-vrees, dan word daar gewoonlik 'n algemene uitdrukking wat nie on-Afrikaans is en dus nie verkeerd nie, maar tog nie spesifiek, kensketsend Afrikaans nie, in die plek gesit. Nou, die skoonheid en kleurrikheid en uitdrukkingskrag van Afrikaans bestaan nie in algemeenhede nie, in vorms wat hy met ander tale gemeen het nie, maar in eenaardighede, in so te sê snaaksighede. Wys my 'n Afrikaanse boek so idiomaties dat hy onvertaalbaar is in 'n ander taal, en ek sal jou 'n skrywer noem wat meester is van sy Afrikaanse skryfambag. Hy is 'n verstandige versorger ook van sy eiebelang want hy laat die taal hom na hoogtes voer wat hy self nie hoef te sukkel om te bestyg nie. En dis om daardie rede dat die woordjie wat ons hier gesê het nie onvanpas is in hierdie boek nie. Dis die skrywer se saak, sy besigheid, sy ambag, sy beroep, ja sy roeping, om die alleruiferste voordeel te haal uit die deeglikheid van sy gereedskap.

Maar wat ons gesê het moet ongelukkig by 'n vrome vermaning bly. Ons kan nie die positiewe plig om idiomaties te skryf met voorskrif en voorbeeld doseer nie; dan moes ons alle moontlike Afrikaanse taalwendinge in 'n ontsaglike ensiklopedie uiteensit. Want Afrikaans wemel eenvoudig van idioome so groot as hy is. Die leerling moet maar luister na die beste—dit wil sê die Afrikaans-ste—Afrikaanssprekers en Afrikaansskrywers en die kensketsende voortreflikhede in sy hart bewaar tot die geleentheid daar is om een vir

een tot gebruik te roep. Hy sal hom verwonder hoe hy dan 'n hulp sal hê by sy skrywe bo alle hulp wat daar uit boeke-onderrig te kry is.

Maar as die positiewe gebruik nie met reëls uiteengesit kan word nie, as dit nie met voorskrifte moontlik is om 'n skrywer Afrikaans genoeg te maak nie, dan is dit altyd moontlik om spesifieke waarskuwings te laat hoor teen negatiewe misbruike; as die skrywer nie Afrikaans genoeg gemaak kan word nie, kan hy tog vermaan word teen idiomatiese flaters waardeur hy hom self on-Afrikaans maak. Maar ook hier kan 'n mens maar enkele voorbeelde gee want die bese geeste is legio en daar is nie Gadareense swyne genoeg om hulle in te verwyder nie.

VREEMDE ISMES

In sy boek "English Prose", in die hoofstuk "Of Idiom", gee Professor John Earle die volgende voorbeeld van hoe een taal dieselfde begrip op 'n ander manier uitdruk as 'n ander taal (ons vertaal):

Die Engelse uitdrukking "you are right" kan nie woord vir woord in goeie Frans, Duits of Latyn oorgesit word nie. In Frans sou dit wees *Vous avez raison*; in Duits, *Sie haben recht*; in Latyn, *Recte dicitis*. Dit sou on-Engels wees om te sê "you have reason", of "you have right," of "you speak rightly."

As ons nou in Afrikaans sê *jy is reg*, in die bogemelde sin, dan begaan ons 'n anglisisme op dieselfde manier as wanneer ons in Latyn sou sê *rectus es*. *Jy is reg*, is goeie Afrikaans maar sy betekenis is glad iets anders, naamlik *jy is nie mal nie*. In Afrikaans sou ons vir *you are right* sê *jy het gelyk*, en die is natuurlik weer in Engels in sy letterlike vorm onvertaalbaar.

Presies dieselfde geld van made-in-England Afrikaans soos in die volgende voorbeelde, wat maar 'n geringe

persentasie is van die magdom wat in die later tye in omloop gekom het:

die skool breek op (terwyl hy nog daar staan),
die eksamen kom af (soos 'n rivier wat vol is),
vir 'n eksamen ingaan (hoe kry jy dit reg?),
'n eksamen passeer (dus jy gaan hom verby),
sy lewe verdien (asof dit 'n straf is),
sy merk maak (soos aan 'n skaap se oor of op 'n stem-
 brief),
homself geniet (dus opeet),
in my spaartyd (wat ek in 'n spaarbussie opgegaan het),
hy sit hom uit oor iets (seker by die agterdeur),
jy sit my af (net of ek 'n arm of 'n been is),
ek kan dit nie staan nie (dit staan mos self),
ek sal vir jou staan (jy kannie),
hy kyk agter homself (ja, en vóór ook),
ek sal die eerste trein neem (dis mos nie joue nie),
ek het nog net die trein gevang (en toe seker vasgebind),
waarvoor neem jy my? (nee, ek laat jou staan),
'n wandeling neem (met jou hande pleks van jou voete),
iemand 'n kyk gee (hoe sal hy dit vat?),
die saal is opgelig (seker met 'n domkrag),
daar gaan die klok (waarnatoe?),
ek het my reis gebreek (hoe het jy hom weer heel gekry?),
ek sal by jou omkom (verongeluk liever langs die pad),
hy het homself weggegee (hy is dus nie meer syne nie),
ek lyk hom nie (dit lyk of hy ook nie van jou hou nie).

En so is daar honderde meer. Hier is dit waar ons die groot gevaar loop om ons taal te vervals. Deurdad Engels vir ons so bekend is dat ons hom nie meer as 'n vreemde taal voel nie, kom baie Engelse idioome ons nie as eienaardige Engelse vorms van spreekwyse voor nie maar as gewone taalvorms, en dan dra ons hulle letterlik oor sonder om bewus te wees van wat ons doen. Dis dan eintlik nie 'n sonde van onkunde nie maar van te veel kennis. Dis 'n soort raserny van te veel geleerd-

heid. En daarvoor is die geneesmiddel, meer geleerdheid in die regte rigting.

Maar aan die ander kant is daar Engelse idioome wat in ons spreek-aard te pas gekom het en tuis geword het en ingeburger is. *Ek wonder* moet vandag beskou word as eerder 'n verryking dan 'n vervalsing. En wat moet ons sê van *maak* in verskeie on-Hollandse verbande? Ons wonder of die voorbeeld wat ons hier wil noem onder Engelse invloed ontstaan het, en of ons in hierdie geval die *maak*-gebruik self gemaak het. Op baie plekke gebruik ons *maak* vir die Nederlandse *doen* waar Engels ook *do* gebruik en nie *make* nie. So het ons:

dit maak nie saak nie (Ned.: het doet er niets toe; Eng.: it does not matter);

wat moet ek maak? (Ned.: wat staat me te doen? Eng.: what am I to do?);

ek maak soos ek wil (Ned.: ik doe zoals ik verkies; Eng.: I do as I like);

wat het jy vir hom gemaak? (Ned.: wat heb je met hem gedaan? Eng.: what have you done to him?).

Maar nou, as *hy dit nie wil doen nie sal ek hom dit maak doen* is letterlik dieselfde as die Engelse vorm. Om te sê *ek sal hom dit laat doen* of *ek sal hom dwing om dit te doen* druk nie uit wat ons wil sê nie. Om dus van hierdie *maak* 'n verboole immigrant te maak uit oordrewe anglisisme-jagsug is 'n ondiens aan ons taal. En daar is ander soortgelyke voorbeelde. Om nog 'n paar te noem: *geld maak*, 'n *fout maak*, *applikasie maak*, *iemand 'n kans gee*, 'n *goeie kans staan*, *besigheid doen*, *iemand gaan sien*, *iemand gaan afsien*, *dit is hoog tyd*, *eendag*; *die ander dag*, *platform*, *brekfis*, *krismis*, *briek*, *kosprys*, *spesialis*, *eleksie*, *mosie*, *resoluste*, *parlement*, en so meer.

Dis natuurlik maklik genoeg om sulke letterlike vertalings op taalpuristiese gronde te veroordeel. Maar die punt is dit (ook weer 'n anglisisme): as die Dietse voor-

raadskuur nie 'n absoluut gelykwaardige plaasvervanger kan verskaf wat in ons volksmond lewensvatbaarheid blyk te besit nie; of as ons self nie by magte is om 'n beter een (ook weer een) as die letterlike vertaling te maak nie—dan sal die Engelse immigrant hom vanself inburger en ons Afrikaanse baadjie aantrek en ons geleedere versterk, watter stappe ons skoolmeesters ook al mag doen, dit wil sê neem, om hom hier weg te hou. Waarmee ons maar net te kenne wil gee dat 'n anglisisme in baie gevalle 'n beter afrikanisme kan word as menige neerlandisme.

Dis makliker om voorbeelde aan te haal uit skaarste as uit oorvloed. Ons is so gewend om uitsonderings te illustreer dat 'n voorbeeld vanself die indruk gee dat hy juis uitgesoek is omrede van sy besondere gewigtigheid. Hy kan dus afbreuk doen aan die eienskap wat hy bedoel is om te illustreer, deur die algemeenheid van die eienskap te laat lyk na 'n seldsaamheid.

Met hierdie gevaar duidelik voor 'oë, laat ons terloops 'en voor die voet 'n paar tiepies Afrikaanse idioome neem en bekyk. Daar is soveel by der hand . . .

Hier het daar nou self een gekom, *by der hand*. (Daardie stok-ou derde-naamval-se *r*-uitgang het ons flussies gehad in *terloops*. So het ons *ter ere van, ter ore kom, ter sake, in der ewigheid*, en 'n hele klompie ander.) *By der hand* is glad iets anders as *by die hand*. Ons voel hom as een woord—byna uitgespreek *byderand*, en ons dink nie aan die *hand* wat daarin voorkom nie. So het ons van *teenwoordigheid van gees* gemaak *byderhandheid van gees*, 'n baie treffender en raker uitdrukking, want 'n ding kan teenwoordig wees, soos 'n onderbewuste hoewel nie verlore herinnering, sonder om onmiddellik beskikbaar te wees.

En daar het ons nou gepraat van *glad iets anders*. Daardie bywoordelike *glad* is glad iets anders as die *glad* wat nie skurf is nie. Ons voel hom so sterk as 'n nuwe woord, weg van *glad* en *gladde* en *gladheid* en *gladigheid*, dat ons 'n *t* agteraan veronderstel, soos

in *glattendal*. So ook met die bywoord *skoon*, soos in *skoon vergeet*.

Die negatiewe bevel *doen dit nie* is baie flou teen *moet dit nie doen nie*, hoewel hierdie laaste, afsonderlik woord vir woord ontleed, natuurlik heeltemal onlogies-is. En daarvandaan het ons die heerlik skone en kragtige *moenie*, baie ná aan die Engelse *don't* waarin die *do not* nouliks gevoel word.

Ons het *mis* en *raak* as werkwoorde soos die Engelse *miss* en *hit*. Maar ons gebruik hulle ook as bywoorde, wat Engels nie doen nie, met die voorsprong dat ons 'n klomp ander werkwoorde in daardie sin kan gebruik, soos *raaksien* en *raakloop* en *raaksê*, sodat ons baie dinge hier raker kan sê as wat in Engels moontlik is. Maar daardie *raak* in *dit raak my nie* het deur aantrekking van die *t dit traak my nie* geword. En die *traak*, wat vir 'n besondere doel baie raker is as *raak*, het 'n besonderse werkwoord geword: *of dit jou traak of nie*.

Op baie ander plekke het ons netso onlogies te werk gegaan om rykdom te skep. Ons het *makeer* as 'n oorganklike werkwoord behou, maar daarby 'n tweede, neutrale, vorm in gebruik geneem met verandering van betekenis: *Wat makeer jou* kan simpatiek wees — *wat het jou, sonder jou eie skuld, oorgekom*; maar *wat makeer jy* bevat 'n stilswygende blaam.

Hierdie weinige voorbeelde het ons aangehaal om maar weer en weer daarop aan te dring dat dit nie genoeg is om fouteloos (weer 'n anglisisme maar baie bruikbaar) te wees nie. As daar in 'n stuk Afrikaans geen anglisisme of neerlandisme of ander vreemde isme voorkom nie — of nou nie meer voorkom nie omdat 'n skoolmeester of redakteur dié wat daar was uitgehaal het — dan is die stuk nou nie meer on-Afrikaans nie. Maar is hy positief Afrikaans? Het hy 'n Afrikaanse geur en kleur? Nie alleen tog immers behoort die vraag te wees of die geskrif sonder vreemde idiome is nie, maar bevat hy Afrikaanse idiome wat soos hulle daar is onvertaal-

baar is in 'n-ander taal? Ons het die hinderlike geraas weggeneem en daar is nou stilte. Maar die stilte is 'nogie musiek nie.

Miskien daarom is ons gewone oordeel — en nie net oor 'n geskrif nie — so geneig om ongunstig te wees omdat ons net die foute in aanmerking neem en nie die deugde nie. As ons van albei 'n balansstaat sou opstel, dan sou dit maklik kon blyk dat die foutelose stuk ook deugdeloos is en by die slotsom minder wêrd is as die stuk waar daar foute in is maar meer deugde as foute. Hierdeur eintlik, nie deur die afwesigheid van on-Afrikaanse idiome nie, maar deur die aanwesigheid van Afrikaanse idiome, verraaal 'n stuk skryfwerk die Afrikanerskap of nie van die siel waaruit hy voortgekome het. Om die hande van Esau ná te maak is maklik genoeg — en ook om die namaaksel weer weg te neem. Waar die moeilikheid vir die nabootser ontstaan, is by die stem van Jakob. Oor die algemeen is dit te verwag, en vind ons dit ook, dat die Hollander wat Afrikaans *via* Nederlands aangeleer het, hom baie minder aan anglisismes sal besondig as die Afrikaner wat lank en sterk onder Engelse taalinvoed was. Maar daardie Hollander, ook as hy meer en meer daartoe kom om sy eie neerlandismes te vermy, moenie vir hom verbeel dat hy van Nederlands Afrikaans maak eenvoudig deur weglating van verbuigings nie.

Daar is skrywers wat bang skyn te wees — dit wil sê, wat lyk of hulle bang is — om eienaardige Afrikaanse uitdrukkings te gebruik. Dis glo te Afrikaans na hulle sin. Hulle sou in die voorgaande reëls die *om* uitlaat en die *dis* en die *glo* deur omskrywing vermy. So sal hulle sê iemand *sit te peins*, wat nóg Nederlands nóg Afrikaans is. In suiwer Afrikaans het ons *sit-en-rook*, *loop-en-kyk*, *lê-en-slaap* en so meer. Die uitdrukking word as een gevoel, sodat *geloop-en-kyk* heeltemal iets anders is as *geloop en gekyk*. In die vorige word 'n saamgestelde handeling beskryf; in die tweede, twee handelinge. In hierdie kombinasie word *staan* dikwels

gebruik met 'n bedoeling van iets meer as die liggamelike houding. *Hy staan en sonde seek* beteken hy hou aan met sonde seek. En *sonde* in hierdie verband het 'n ander betekenis as die teologiese begrip.

Ná hierdie kort versameling van gemengde voorbeelde van idiome, valse en suiwere, bly daar 'n stuk of wat waaraan dit nodig is om 'n bietjie meer besondere aandag te gee omdat hulle oral insluip selfs waar jy suiwerheid van taal sou verwag.

DIE ONNATUURLIKE PARENTESE

Reeds elders het ons gewaarsku teen die selfstandige parentese, die inskuiwing, tussen hakies of daarsonder, van 'n sin, of erger nog 'n hele passasie, waardeur die loop van die teks onderbreek word. 'n Mens vererg jou wanneer 'n ander jou in die rede val; jy behoort dit nie self te doen nie. En dis nie hier 'n rede wat by jou bly nie; dis 'n rede wat bedoel is om verder te gaan. Jy het geen reg om jou leser tot hindernis en ongemak te strek nie; dis lief van hom om hoegenaamd te luister na wat jy te sê het; hy is nie daartoe verplig nie. Behandel hom met beleefde bedagsaamheid — "met konsiderasie."

Maar wat ons hier in die oog het is nie die onderbreking van 'n selfstandige passasie deur 'n ander selfstandige passasie nie, maar die spraakkunstige onderbreking van 'n sin deur 'n sinsnede of andersin wat nie op daardie plek idiomaties pas nie.

Die voor die groot oorlog deur die firma N. van Berlyn uitgegewe boek "So en So," mag Nederlands of Duits wees maar Afrikaans is dit nie. In Afrikaans sê 'n mens, met die natuurlike wordegang wat met 'n natuurlike gedagtegang saamloop: *Die boek "So en So" wat voor die groot oorlog uitgegee is deur die firma N. van Berlyn.*

In die nommer van October, 1931, van "Neerlandia," 'n uiters kieskeurige-puristiese blad wat hom daarop

toelê om oor die suiwerheid van die Nederlandse (skriftelike) taalgebruik te waak, in 'n stuk waarin daar juis te velde getrek word teen 'n growwe geval van taal-vervalsing, kom, van die kant van die redaksie, die volgende sin voor:

Wij laten het, zeker niet geheel zuiver te noemen Nederlandsch der toespraak van den, voor deze gelegenheid naar Amsterdam gereisden Belgischen minister van Kunsten en Wetenschappen, Mr. Petitjean, hier ter zijde, om enkel te gewagen van den te Brussel gedrukten en uit het Fransch vertaalden catalogus die, in ons A.N.V.-museum, afdeling taalgruwelen, als een onovertroffen monument van onwetendheid en taalverbastering, tot stichting van het nageslacht, de meest in het oogloopende plaats verdient.

En 'n entjie verder in dieselfde stuk, nog altyd van redaksie-weë:

Wie zou na dit alles niet ten volle het hartverheffende besluit beamen van den schrijver, waar deze ons, tot overmaat van het bij de lezing van dit voorbericht gesmaakt kunst- en taalgenot, de volgende stellige verzekering geeft....

Nou dis nie voorbeelde hierdie van nuwerwetse snaak-sigheid om met verwarring van sinsbou effek te seek nie; dit moet geneem word as suiwere hedendaagse boek-Nederlands op sy hoogste. Of daar Hollanders is wat ooit so praat . . . of ooit so dink . . . is 'n ander vraag. Maar by die gewoon-geworde parentese-verwikkeling verby is daar moderne Nederlandse skrywers wat uit hulle pad gaan om allerlei ander moontlike en onmoontlike abnormale woord-orde uit te skommel. Ons haal hier 'n voorbeeld aan uit "De Heilige Tocht" van Ary Prins:

Ridders na hen kwamen, somber, niet te zien in ijzer, op groote oorlogshengsten, die hadden kruisen op de hoze. Vreemde menschen-zonder-leven door het zwaar-omslagen lijf, dat niets geen vleeschelijks-had, met omgedraaide ijzer-voeten; en het monster-groote helm-hoofd getralied voor de oogen, die duister daar-door zagen.

Ook edelen in schubbe-jakken met platte snavel-kappen, die op een hoogen maliën-kraag bepluimde vogel-koppen leken met bekke-spleet voor lucht en licht.

Maar anderen in de vormen-weeke praëht hunner zachte borduur-gewaden die tot de voeten hingen, gespleten voor het rijden, en door de lang-omhaarde, gladde koppen met schuine sier van veder-mutsen op vrouwen leken, die trokken zorgeloos uit als naar een jachtvermaak. En knapen bij hen liepen, een valk op de vuist, die stille-trilde onder kap; ook groote honden meegenomen, die slopen voort als panter-beesten, en vocht uit hunne bekken droop.

Hierdie manier van skrywe word genoem "skilderkundig" meer dan "letterkundig", en daar is mense wat dit mooi vind. Terwyl ons sulke skrywers hulle geduldige en vergewensgesinde leserskring beny, moet ons ons eie leerlinge aanraai om maar liewer "praatkundig" te skryf.

In alle geval, ál sulke kromskrywery hoef nie hier op grond van smaak veroordeel te word nie; dis on-Afrikaans. Daarom het ons dit hier aangemerkt, as 'n saak van die taaleie.

DIE ONPERSOONLIKE REFLEKSIEF

De zaak laat zich begripen, is begryplik genoeg in Nederlands, maar *die saak laat hom begryp* laat hom nie in Afrikaans begryp nie. Die refleksiewe *hom* se natuurlike funksie is persoonlik; in 'n onpersoonlike, en nog meer in 'n abstrakte sin, wil hy maar nie Afrikaans klink nie. Nou en dan, maar baie ondikwels, voel 'n mens jou byna gedwonge om 'n *sig* te gebruik; maar daar bestaan die gevaar dat sodra jy dit in die uitsonderlike geval doen, dit as 'n voorbeeld geneem sal word vir meer algemene gevalle. Ons eerste skrywers moet alte versigtig wees in Afrikaans omdat juis die slegte voorbeeld so aansteeklik is. Vervalsing het die bekoring van snaaksigheid met die drog-belofte van indrukwekkendheid.

Deurdadig die *hom* as onpersoonlike refleksief onnatuurlik gevoel word in Afrikaans het die taaleie langsamerhand 'n groot aantal oorspronklik-terugwerkende werkwoorde onterugwerkend gemaak. So sal

niemand, behalwe 'n onkundige of aanstellerige skrywer, droom om in Afrikaans te sê *die vlakke strek hom uit* nie maar eenvoudig *die vlakke strek uit*. En daarmee is daar niks verlore nie behalwe 'n onlogiese oorbodigheid. So sê ons: *die nuus het vinnig versprei; die aarde beweeg om die son; 'n mens wen aan alles; die stad brei na alle kante uit; suiker los op in water.*

DIE ABSTRAKTE DIE

In die Nederlandse skryftaal is dit byna gebiedend om by alle abstrakte selfstandige naamwoorde die bepalende lidwoord te voeg. Onder die invloed van daardie vreemde gebruik is daar Afrikaansskrywers wat praat van *die wet en die orde handhaaf*. So sal hulle sê: *Op ons weg deur die lewe is dit vir ons almal nodig om die vriendskap aan te kweek*. Watter vriendskap? Maar hulle bedoel nie hierdie of daardie bepaalde vriendskap nie; hulle bedoel vriendskap in die algemeen, enige vriendskap, alle vriendskap, onbepaalde vriendskap.

Hierdie dubbelsinnigheid word in Afrikaans vermy deur abstrakte selfstandige naamwoorde op hulle meriete te behandel, presies netsoos konkrete, en die bepaalde lidwoord by te sit of nie na gelang van die bedoeling van die skrywer, wat dus nie hoef te bepaal wat hy onbepaald wil laat nie.

DAAROM EN DAREM

Van die oorspronklike een woord *daarom* het ons twee woorde gemaak, met nagenoeg teenoorgestelde betekenis, want die een beteken *om so en so 'n rede* en die ander beteken *ten spyte van die rede*. In die uitspraak word die verskil nie altyd duidelik gehoor nie. Maar dit maak minder saak want die twee word van mekaar onderskei deur posisie, wat in die spreektaal streng gehandhaaf word maar in die skryftaal, onder vreemde invloed, en

met te veel staátmaak op die verskil van spelling, dikwels verwaarloos word. *Daarom* behoort altyd eerste in die sin of ondersin te staan (natuurlik — “darem” — ná die voegwoord; as daar een is). *Darem* kom nooit eerste nie. Vir die *daarom* is die eerste plek die natuurlike; dit maak meteens van die sin 'n gespanne — “perio-dieke” — sin en dit verbind hom logies aan die voor-gaande. (Sien die behandeling van *spanning* en *verband* in die hoofstuk oor die sinsbou.)

Om in Afrikaans te sê: *My vriend was van die huis af. Hy het daarom nie my boodskap ontvang nie*, klink onnosel, asof 'n mens sou verwag dat hy die boodskap eerder in sy afwesigheid moes ontvang het. Want ten spyte van die spelling kry die *daarom* deur sy posiesie die betekenis van *darem* of *tog* of *desnieteenstaande*. Waarom kon die skrywer nie die weg gevolg het wat voor die hand lê en gesê het: *My vriend was van die huis af. Daarom het hy my brief nie ontvang nie?*

Waar die noodsaaklikheid in die *darem*-geval sterk gevoel word om terwille van nadruk met die bywoord van teëstelling aan te vang, moet *tog* of 'n ander sinoniem gebruik word: *Hy het darem my brief ontvang* word dan: *tog* (of nog sterker *maar tog*) *het hy my brief ontvang*.

VERSPOTTE VOEGWOORDE

Waarom moet ons ons taal verarm deur essensiële- en spesiaal-spraak-kunstige hulpwoorde verkeerde funksies te laat uitvoer terwyl die regte woorde voor die hand lê? Ons het *terwyl*-en *aangesien* en *omdat* met definitiewe dienskringe, maar nou kry jy skrywers wat *waar* gebruik — en selfs sprekers, veral op die politieke verhoog, deftigheid soekende met behulp van valse versiersels. Op hoe 'n verspottigheid so 'n wangebruik kan uitloop, sien 'n mens in 'n sin soos: *Waar hierdie veelbelowende jong student so 'n skitterende akademiese loopbaan in Europa en Amerika afgelê het, daar verwag*

sy vaderland — Suid-Afrika! — *kosbare dienste van hom in die toekoms*. Dus Suid-Afrika verwag die dienste in Europa en Amerika.

As in plaas van *toe* word op dieselfde idioot-manier misbruik. *Hy maak die kamerdeur oop en hy gaan binne. As sy oog aan die skemerlig gewoon geraak het, sien hy . . .*

Hierdie wangebruike is te minder vergeeflik omdat hulle nie uit onkunde of selfs uit agtelosigheid ontstaan nie maar willens en wetens, met opsettlike beraad gepleeg word uit aanstellerigheid om kastig mooi te skryf. As so 'n skrywer, wat elke maal *waar* gebruik waar hy *terwyl* bedoel, tussen-in op plekke uitkom waar die *waar* regtig geldig is, laat hy die leser twyfel of hy nie daar ook weer 'n *terwyl* bedoel het nie. Die verkeerde woord is eers verkeerd waar — 'n ware *waar* hierdie — waar hy verkeerd is en naderhand verkeerd waar hy reg is. As jy aanhou om 'n kat 'n tier te noem, weet die mense naderhand nie om pad te gee wanneer daar 'n kat aankom wat regtig 'n tier is nie. Jou valse munt het die waarde van jou egte bederwe.

In die spreektaal is ons bietjie onverskillig tussen *as* en *wanneer*, waar ons te doen het met die voegwoord om 'n toekoms-betreffende bywoordelike ondersin van tyd in te lei. *As ek eendag dood is; as die winter kom* — daar is geen *indien* hier van toepassing nie. Albei kom gewis. Dus *wanneer*.

DIE OM EN DIE NIE

Behalwe waar die infinitief volg op

- (a) 'n hulpwerkwoord,
- (b) die semi-hulpwerkwoorde *durf* en *hoef* (met *te*),
- (c) die werkwoorde *begint* en *behoort* (wat hulle *t* by die stam aangesit het onder die invloed van die *te* sonder *om*, wat altyd onmiddellik volg) —

kom die *om* voor elke infinitief. Hy is 'n teken, ons kan byna sê 'n deel, daarvan netsoos die *te*. Of die infinitief volg

- (a) op 'n selfstandige werkwoord, en of hy daar gebruik word om doel uit te druk: *ek het gegaan om hom te soek*, of nie: *ek het hom versoek om aan my te skryf*; of
- (b) op 'n byvoeglike naamwoord of bywoord: *te ver om te loop, genoeg om te doen, bly om jou te sien*; of
- (c) op 'n selfstandige naamwoord: *ek het lus om dit te doen*; en of
- (d) die infinitief 'n naamwoordelike konstruksie help vorm: *Om te sterwe is geen kuns nie* —

oral moet die *om* netso goed as die *te* inkom. So 'n stukkie elementêre spraakkuns moes nie hier nodig gewees het nie, maar die weglating van die *om* waar hy, en omdat hy, in Nederlands weggelaat word, is in Afrikaans meer as 'n spraakkunstige fout — dis 'n lelike idiomatiese fout. Daar is nog altyd Afrikaansskrywers wat skaam is vir Afrikaans en versuim om hulleself af te vra of Afrikaans nie eerder rede het om skaam te wees vir hulle nie.

Dis omdat die *om* by die infinitief onontbeerlik is dat 'n mens se taalgevoel altyd gehinder word deur sulke boekerige konstruksies, onder Nederlandse invloed, soos: *Hy skyn dit nie te weet nie* in plaas van: *Dit lyk of hy dit nie weet nie*. Die hindernis ontstaan uit die weglating van die *om*.

Die *nie* word teenswoordig nie meer dikwels weggelaat nie. Inteëndeel, somtyds word hy driemaal ingesit, vermoedelik om seker te maak dat een van die twee verdubbelings tog op die regte plek te lande gekom het. Op ander plekke gebeur dit, soos die Latyners gesê het "nie nooit nie," dat 'n skrywer blyke gee dat hy verbouereerd raak met die plasing van die tweede *nie*. In

“Twee Rampe en twee Gelukke” van J. H. Kruger kry ons: *Nog nooitnie het hy na sy eie huis aangestap gekom nie asof dit nie sy huis was nie.* (Maar aangestap gekom wys dat Kruger nie oral doof is vir treffende Afrikaanse idioome nie.) In ’n Afrikaanse tydskrif onder hoogstaande taalkundige redaksie het ons hierdie sin teëgekrom: *Ou dinge is nie noodsaaklik goete dinge nie, alleen omdat hulle oud is.* Hier het die skrywer daarin geslaag om nagenoeg presies die teenoorgestelde te sê van wat sy bedoeling was. (Waar-skynlik is die stuk waarin die sin voorkom uit Engels vertaal, deur die skrywer self of deur iemand anders.)

Waar ’n skrywer wat Afrikaans ken in die ongeleëntheid kom met sy tweede *nie*, sal ’n mens gewoonlik vind dat die moeilikheid nie deur die *nie* veroorsaak is nie maar deur onbêhendingheid van die sinsbou. As mense dwing om ingewikkelde of sleg-geboude sinne saam te stel, moet hulle verwag om by die *nie*, en nie alleen by die *nie* nie maar ander plekke netso goed, onklaar te trap. By eenvoudige konstruksies — en selfs ’n lang komplekse sin kan wesentlik eenvoudig wees omdat hy logies inmekaar gesit is — hoef die *nie* nooit lastig te wees nie. Ons verwys maar weer na die hoofstuk oor sinsbou.

WAS VIR IS

Hier is nie eintlik die plek nie, die laerskool is die plek, om hierdie lelike anglisisme te bestry. Want dis ’n blote, hoewel ’n growwe, spraakkunstige fout. Ons meld hom hier in die verbygaan omdat dit nie lyk of die onderwys in die laerskool, en somtyds in die hoogste hoëskool, daarin kan slaag om hom uit te roei nie. Selfs van gediplomeerde en gegradueerde skrywers hoor ’n mens herhaaldelik dat ’n vergadering gehou *was* en deur So en So toegesprek *was* en ’n besluit geneem *was* wanneer daar glad geen sprake is van ’n voorverlede tyd nie. Die Engelse *a meeting was held* MOET nou maar in Afrikaans gestel word as ’n was-gehoude vergadering

deur mense wat Engelse gedagtes vertaal om as Afrikaans neer te skryf.

By die omvang waartoe die *was*-gebruik toegeneem het, het ons 'n goeie voorbeeld van die aansteeklikheid van 'n slegte voorbeeld.

ANDER WERKWOORD-TYE

Ook wat hier volg, het te doen, nie met Stelkuns nie maar met skone Spraakkuns. Maar ons maak vir die bespreking plek omdat baie van ons werkwoordelike tyd-vorms van so groot idiomatiese waarde is.

Andertalige mense wat nie Afrikaans grondig genoeg aangeleër het om daarin te lewe en van sy gees deurdronge te wees nie, is geneig om ons verwerping van die imperfectum-vorm as 'n ernstige nadeel te beskou. Eintlik is die materiële verlies 'n geestelike aanwinst, en daaroor sal ons in 'n volgende onderdeel, oor die verhaaltrant, iets te sê hê. Hier een en ander in verband met tyd-vorms wat deur hulpwerkwoorde bepaal word.

Ons hulpwerkwoorde, op *word* ná . . . *werd* wil maar nie iets wêrd word nie, en dis een van die redes waarom die *was* ingesluit het . . . ons hulpwerkwoorde is die enigste* wat nog die imperfectum-vorm behou het. Ons ou gebruik volgende om spaarsamig te wees met oorbodige vorms ten einde destê weelderiger te kan wees waar rykdom voordelig is, gebruik ons daardie imperfectum-vorm by die hulpwerkwoorde om nie alleen die verlede tyd uit te druk nie maar ook die voltooid teenwoordige tyd, die perfectum. Dis nie Afrikaans om te sê *hy het hier gewees* of *hy het dit kan doen* of *hy het dit moet sien* nie, maar *hy was hier* en *hy kon dit doen* en *hy moes dit sien*. (*Is gewees* is, op die regte plek, suiwer genoeg, en *gewees het*, in die omgekeerde skikking, is nie noodwendig verkeerd nie. In die spreektaal is daar, ontstaande uit die natuurlike

* Buiten *wis* en *dog*.

neiging om oorkomplete krag te soek, 'n tamelik 'heersende gewoonte om 'n oorbodige en verkeerde *gewees* op die end van die sin by te voeg: *Hy was gister hier gewees*. In die skryftaal behoort ons hier met puntenigheid die verskil tussen die imperfectum (of perfectum) en plusquamperfectum te handhaaf.)

Die *het* staan effentjies opsy van die ander hulpwerkwoorde omdat hy nog verskillende ander funksies vervul. In 'n sin soos: *My oom het 'n nuwe plaas* is die *het* 'n selfstandige werkwoord — *my oom besit 'n nuwe plaas*. As sodanig vorm hy, soos ander selfstandige werkwoorde, sy verlede tyd met *het gehad* (hoewel ook, maar minder gewoonlik, met *had*). In sinne soos: *Had ek dit maar vooraf geweet, had hy tog maar na my geluister . . .* het ons 'n oorblyfsel van die ou *modus conjunctivus* (om onwesentlikheid, onsekerheid, twyfel, voorwaarde of 'n wens uit te druk). Dan word *had* somtyds nog deur ons ouer skrywers onder Nederlandse invloed gebruik om die voorverlede tyd aan te dui, maar in die spreektaal voel ons nie behoefte daaraan nie omdat ons ander middels (veral bywoorde en voegwoorde soos *toe*, *nadat*, *reeds*, *al*) gevind het om die handeling in die voorverlede tyd te verplaas. Somtyds kry ons so 'n plusquamperfectum: *Nadat ek dit klaar gesê gehad het . . .* Die lydende vorm het natuurlik die *was* — *nadat die saak bespreek was, is die besluit geneem* — dieselfde *was* wat anglisisties misbruik word vir die gewone verlede tyd.

By die meervoudige verbindings van hulpwerkwoorde kan 'n menigte van skakerings uitgebring word (weer 'n handige anglisisme). Neem so 'n voorbeeld soos hierdie:

- Hy kan kom* (vandag moontlik);
- Hy kon kom* (gister moontlik);
- Hy kan gekom het* (dit kan wees dat hy gekom het);
- Hy kon gekom het* (maar hy het nie);
- Hy sal kan kom* (môre moontlik);
- Hy sou kan kom* (twyfelagtig);

Hy sou kon kom (nog meer twyfelagtig);

Hy sou kon gekom het (as daar nie 'n verhinderingsbuite sy beheer was nie).

So het ons *sal wil* en *sou wil* en *sou wou*; *sal moet* en *sou moet* en *sou moes* met die verdere alternatiewe van die verlede deelwoord van die hoofwerkwoord. Die leerling sal dit 'n nuttige oefening vind om al die moontlikhede van hierdie kombinasies uit te put, een vir een te stel en te analiseer, en sinne te maak om die gebruik aan te wys.

DUBBELVORMS

Met sy afskaffing van verbuigings, merkwaardig genoeg, het Afrikaans hom verryk deur dubbele vorms — die verbuigde of verboë vorm vir een doel behou om die onverbuigde daarnaas vir 'n ander doel te gebruik. Byvoorbeeld die uitgang*-e* het by byvoeglike naamwoorde geen gewone verbuigingsdiens meer om te verrig nie, nou kan hy vir ander diens gebruik word. Meerlettergrepige byvoeglike naamwoorde neem hom in die reël by vir welluidendheid. By 'n aantal enkellettergrepiges kan hy weggelaat word of toegevoeg word volgens behoefte aan nadruk of aan welluidendheid, en somtyds om 'n verskil van betekenis aan te dui. Byvoorbeeld, ons het *'n seker middel* ('n onfeilbare), en *'n sekere middel* (een of ander); *'n heel ding* (nie stukkend nie), en *'n hele ding* (nie 'n deel daarvan nie); *'n wys vrou* ('n kwaale) en *'n wyse man* (wat skaarster is).

In 'n vorige hoofstuk (III) het ons melding gemaak van die verdubbeling van vorm by die verlede deelwoorde van die ou sogenaamde sterk werkwoorde, en aangemerkt dat die oorspronklike "sterk" vorm in 'n abstrakte sin, somtyds in 'n meer deftige verband, gebruik word terwyl die nuwe vorm 'n konkrete en meer alledaagse betekenis dra. So het ons *'n bedorwe gees* en *'n bederfde stuk vleis*, *'n verborge saak* en *'n verbergde voorwerp*. By

hierdie en die vorige voorbeelde sal die leerling nog 'n menigte kan voeg.

Maar hier op die oomblik is ons doel eintlik om op 'n ander, enigsnis soortgelyke maar tog verskillende verdubbeling te wys, waardeur 'n verskil in idiomatiese spraakkunstige funksie teweeggebring word, en dié word by sekere "swak" werkwoorde sowel as by "sterkes" uitgebring. (Ons gebruik maar die ou terminologie vir die gerief van indeling.) *Ek is bedrieg*, vir *ek is bedrieg geword* (ik ben bedrogen, ik ben bedrôgen geworden, men heeft mij bedrogen) is 'n gewone verlede tyd in die lydende vorm. Vir hierdie doel sê ons nie in Afrikaans *ek is bedroë* nie, netsoos ons in die bedrywende vorm nie sê *iemand het my bedroë* nie. Die deelwoord het 'n werkwoordelike funksie en daarvoor bly hy onverboë. Maar *ek is bedroë* beteken *ek is 'n bedroë man*. *Bedroë* het die krag van 'n gewone byvoeglike naamwoord. En om dié rede dien die *is* hier as 'n gewone koppelwerkwoord (nie as 'n hulpwerkwoord om die verlede tyd te help vorm nie), netsoos in *ek is oud* of *ek is siek*, teenwoordige tyd. So beteken *ek is teleurgestel*, iemand het my teleurgestel, I have been disappointed, verlede tyd. Maar *ek is teleurgesteld* beteken ek is nou hier op die oomblik 'n teleurgestelde man, I am disappointed, teenwoordige tyd. So het ons *die plaas is verdeel* (geword); *die volk is verdeeld* ('n verdeelde volk). *Hy is bedaar* (hy het tot bedaring gekom); *hy is bedaar*, hy is in 'n bedaarde toestand, of, dit kan wees, hy is van 'n bedaarde geaardheid.

In hierdie verband loop ons weer ons ou vrind raak — die raak woordjie *raak* waar ons tevore, in Hoofstuk III, iets oor gesê het. As 'n onoorganklike werkwoord is *raak* 'n sterker *word*. In 'n gewone aktiewe sin kry ons hom in sulke konstruksies soos *aan die slaap raak*, *aan die sprie raak*, *weg raak*. By gewone byvoeglike naamwoorde word hy nie in hierdie betekenis gebruik nie; ons praat nie van *ryk raak* of *moeg raak* nie, hoewel ons darem kan praat van *dood raak*. *Stukkend*

raak, of *aan stukkend raak* is iets anders — die uitgangsd laat die *stukkend* na 'n deelwoord lyk. En dis by die deelwoorde, teenwoordige en verlede, waar hierdie *raak* so handig te pas kom. *Gaande geraak* dui 'n oorgang aan van 'n toestand van kalmte na 'n toestand van opgewondenheid. By die verlede deelwoord het ons *verlore geraak*, *ontsteld geraak*, *bedroë geraak* waar die deelwoorde, soos ons hierbo gesien het, in hulle funksie byvoeglike naamwoorde is en dus die volledige verboë vorm aanneem. Maar ons praat van *gekul geraak* wat 'n skone werkwoordelike passief is soos *gekul geword*, maar baie sterker.

Netsoos die *is* verrig die *was* by hierdie konstruksies 'n tweeledige diens, dié van 'n hulpwerkwoord van tyd in die een geval, en dié van 'n koppelwerkwoord in die ander. In die eerste geval help hy om, soos altyd in die passief, die voorverlede tyd te vorm: *omdat ek so dikwels deur hom teleurgestel was, kon ek geen vrymoedigheid voel om hom weer te nader nie* (because I had so often been disappointed). In die tweede geval gee die *was* 'n toestand of eienskap van die onderwerp van die sin in die verlede (nie die voorverlede nie) te kenne: *Hy was teleurgesteld toe hy dit hoor* (he was disappointed). Met die oog op die verkeerde *was*-gebruik, waarteen ons in 'n vorige onderdeel gewaarsku het, waar *was* nie as koppelwerkwoord dien nie maar as hulpwerkwoord van tyd in die passief, en verkeerdlik aangewend word vir die verlede in plaas van die voorverlede tyd, is ons so vry om die besondere aandag van die leerling te versoek in verband met die verskil wat hier aangedui is.

Die "swak" werkwoorde wat so dubbeld (*verdubbeld*) gebruik kan word netsoos die sterkes, is meeste dié waarvan die stam uitgaan op *d*, *g*, *l*, *m*, *n* en *r*.

Met hierdie onderdeel het ons nie bedoel om 'n spraakkunstige les as sodanig te gee nie maar om aan te dring op die handhawing van 'n waardevolle idiomatiese eienaardigheid wat 'n eiendommelik Afrikaanse uitvindsel is.

DIE WERKWOORD IN DIE VERHAALTRANT

Die verhaaltrant van 'n skrywer is die strengste toets nie alleen van sy kennis van Afrikaans nie maar van sy praktiese vermoë om die kennis toe te pas. Oor die algemeen sal die ongeskoolde (solank as jy hom laat praat en nie laat skryf nie, dan vergeet hy homself) die toets die beste deurstaan. Die geskoolde is gewoonlik onder die invloed van ander tale waar die besondere vorm van die imperfectum die aangewese middel is om die verledenheid van handelings uit te druk.

In Nederlands is daar die twee verlede vorms: *ik zag* (imperfectum) en *ik heb gezien* (perfectum). So in Engels *I saw* en *I have seen*.^{*} In die Latynse grammatika word die term *imperfectum* vir 'n ander funksie gebruik: *videbam* is nie *ik zag* nie maar *ek was aan die gang om te sien*. Om die diens te doen van die twee verlede vorms van byvoorbeeld Nederlands en Engels het die Latyn maar een vorm *vidi* wat beide *ik zag* en *ik heb gezien* insluit.

So ook het Afrikaans (behalwe by die hulpwerkwoorde) net die een vorm *ek het gesien*, vir die imperfectum sowel as vir die perfectum. En daar is geen voordeel by en geen logiese rede voor om twee vorms te hê nie. Maar daar is 'n psigologiese rede waarom Afrikaans hom tog nie tot die een vorm beperk nie, en hier is dit waar die saak vir ons kry, nie net 'n spraakkunstige nie maar 'n idiomatiese betekenis. Die tweede vorm in Afrikaans is die gewone teenwoordige tyd, teruggegooi in sy funksie om die verlede uit te druk. Wat ons dan te doen het, is om te probeer om ná te gaan waar en wanneer en hoe hierdie afwisseling plaasvind of kan plaasvind. En ons wens amper ons kon die leerling liever na die veewagter stuur as na die boek. Die veewagter se instink lei hom nooit hier verkeerd nie.

^{*}Die Afrikaanse leerling van Engels is baie geneig om te sê *I have seen* waar hy behoort te sê *I saw*.

In Engels is daar enkele werkwoorde, *cut, put, let, set* en miskien 'n paar ander, wat toevallig dieselfde verlede vorm het as die teenwoordige. Nou sou 'n mens verwag dat die gebruik daarvan, waar die uitsonderlike vorms voorkom, dieselfde effek moet hê as die Afrikaanse algemene gebruik, maar ons vind dat dit nie so is nie. *Then I cut off the branch and let it fall to the ground* (verlede tyd) gee nagenoeg dieselfde indruk as die Afrikaans: *Toe het ek die tak afgesny en op die grond laat val*. Maar *Toe sny ek die tak af en ek laat hom op die grond val* gee heeltemal 'n ander indruk. Nou is daar in Engels, soos in Nederlands en ander tale, wat genoem word die *historiese praesens* (*historic present*) waardeur 'n verlede voorval as 'n teenwoordige beskryf word om dit so te sê voor die oë van die leser te bring. *The king kneels over the block, the axe falls, a deep groan rumbles up from the assembled multitude*. Het die Afrikaanse gebruik hiermee 'n ooreenkoms? Nee, hiermee ook nog nie, soos ons dadelik sal sien.

Neem hierdie twee sinne: *Toe ek by die deur inkom sien ek sit sy vooroorgebult, haar gesig met haar hande bedek. Sy lig haar kop op; ek kon sien dat sy gehuil het; haar oë was rood en geswel*. Vergelyk: *Sy lig haar kop op; ek kan sien dat sy gehuil het; haar oë is nog rood en geswel*. Hierdie tweede is presies ooreenkomstig met die Engelse *historic present*. Maar die eerste Afrikaanse voorbeeld is ook nie dieselfde as: *Sy het haar kop opgelig; ek kon sien dat sy gehuil het nie*. Dus het Afrikaans 'n tydvorm geskep wat 'n idiomatiese eienaardigheid is, 'n allerkragtigste middel om sprekende lewendigheid van voorstelling aan 'n verhaaltrant mee te deel sonder die vervelige eentonigheid wat onafskeibaar sou wees van 'n aanhoudende *historiese praesens*. Dis een van die baie psigologiese kenmerke van ons taal wat byna nie vir logiese uitleg vatbaar is nie.

Reëls en definisies is dus hier uitgeslote. Die leerling-skrywer moet sy onderrig by sy eie instink en gevoel kry. As hy daarby in ag neem wat in Hoofstuk IV oor

die gespanne of periodieke sin gesê is, sal hy instaat wees om met vrug te oefen. Die groot geheim, hier soos elders, is om in Afrikaans te dink — om Afrikaans lief te hê soos 'n jonge man sy nooi liefhet, sodat daar geen plek is vir ander invloede om in te dring nie. Soos ál sulke voorskrifte is die voorskrifte van hierdie boek na die hoof gerig; die leerling moet sy belangrykste onderrig self uit sy hart haal.

DIE HANDHAWING VAN DIE TAALEIE

'n Enigsins omvattende verhandeling oor ons Afrikaanse taaleie sou 'n dik boek vul en dan nog lank nie alles uitput wat daar te sê is nie. In hierdie hoofstuk het ons niks meer bebog nie as om voorbeelde te gee, enkele uit duisende, voorbeelde om ná te volg en voorbeelde om te vermy. Ons wou maar probeer om die leerling onder die besef te bring, vereers, dat vervalsing 'n bederf is waardeur 'n skrywer homself die onreg van eie-korrupsie aandoen, en, ten tweede, dat hy deur versuim om die idioomskatte wat voorhande is te benuttig, nie beter skryf nie maar swakker. Hy verarm sy eie styl terwyl daar 'n weelde van rykdom klaar lê net vir vat. Afrikaans is so te sê orig om die skrywer ten diens te staan om sy werk keurig te kleurig en lewendig te maak.

Lewendig, ja. Groei is die eienskap van die lewe, stilstand die eienskap van die dood. Deur niks kon Afrikaans sy lewende groeikrag beter bewys het nie as deur die weligheid van nuwe idioom-lootjies wat uit die ou stam geskiet het. Noudat die wilde groei in bos en veld en kloof vervang word deur kunsmatige kweking en verpleging in boomgaard en tuin — en blompot en broeikas — moet ons nie so snoei dat ons die lewe weg-snoei nie.

Aan die end van die genoemde hoofstuk van sy boek sê Earle:

...In the breath of the native idiom there is as it were a moral fragrance, akin to the love of home and domestic faith;—it is in discourse what the tenderness of natural piety is in the beauty of human character.

VRAE EN OEFENINGE

1. Vind suiwer Afrikaanse ekwivalente vir die volgende Engelse idiome:

Put your heart into your work; it was a put up job; put up your money; the government will succeed in putting down the rebellion; I will not put up with it any longer; I could see that he was put out; I put it to you; he has a striking way of putting things (woorde); put it down to nervousness; put a stop to it; he was put to death.

Never mind; make up your mind; I cannot call to mind; I have changed my mind; mind the step; great minds think alike; I don't mind; I don't care.

2. Beskou hierdie voorbeelde:

(i) (a) *Ek verbeel my.*

(i) (b) *Moenie vir hom sê nie.*

(ii) *Why, he hasn't turned up, has he?*

(iii) *Doe de deur dicht.*

En gee soortgelyke voorbeelde van (i) Afrikaanse idiome wat (a) nie in Engels, (b) nie in Nederlands, letterlik vertaalbaar is nie;

(ii) Engelse idiome wat nóg in Afrikaans nóg in Nederlands letterlik vertaalbaar is;

(iii) Nederlandse idiome wat nie in Afrikaans gangbaar is nie.

3. Verdedig en illustreer hierdie stelling: "Dis nie genoeg dat 'n skrywer vry is van vreemde ismes nie; hy moet vol wees van sy eie."

4. Neem 'n hoofstuk van een van u leesboeke en merk daarin aan al die eienaardig Afrikaanse idiome wat u vind.

5. Sit die Nederlandse passasies wat in die teks aangehaal word in suiwer Afrikaans oor.

H

6. Skryf 'n opstel, in u eie woorde en met u eie voorbeelde, oor wat in die teks genoem word "die onpersoonlike refleksief."

7. Vind nog voorbeelde van dubbelsinnigheid by die gebruik van die bepalende lidwoord by afgetrokke selfstandige naamwoorde.

8. Stel sinne op waarin die voegwoord *waar* (a) reg gebruik word, (b) verkeerd gebruik word.

9. Stel sinne op om wat in die teks gesê word oor die *om* en die *nie* te illustreer.

10. Onderskei tussen spraakkunstige taalfoute en idiomatiese taalfoute. Kan die twee saamtref?

11. Stel sinne op, in die teenwoordige, verlede en voorverlede tyd, waarin die twee vorms van elk van die volgende deelwoorde onderskeidelik diens doen as werkwoorde (lydende vorm) en as byvoeglike naamwoorde (predikatief): *gestel(d)*, *beskaam(d)*, *verloor(ore)*, *beskryf(ewe)*, *opgeruim(d)*, *geraai(ade)*, *voorberei(d)*, *gely(ede)*, *gelaat(ate)*, *versteen(d)*, *geleer(d)*, *bekeer(d)*, *omgekeer(d)*, *bepaal(d)*, *gebind(onde)*.

12. Maak 'n opsomming van hierdie hoofstuk.

HOOFSTUK VII

FIGUURLIKE TAALGEBRUIK

Omdat die mens alleen maar deur middel van lig-gamelike sintuie in aanraking kan kom met wat daar buitekant sy geestelike bewustheid omgaan, en daaruit al sy kennis put en al sy gedagtes en gevoelens aflei, is sy spraak in die wese daarvan beeldspraak, somtyds regstreeks, somtyds oordragtelik. Selfs in die hoogs-ontwikkelde tale en by die mees afgetrokke en onmaterialistiese terme word liggaamsbeelde gebruik om geestelike begrippe mee te deel. Die woord *begrip* self, *concept*, is afgelei van die liggamelike handeling *gryp*. So het ons *opsig* en *insig* en *toesig* en *versigtigheid*; *standpunt* en *teestand* en *toestand* en *afstand* en *opstand* en *bystand* en *omstandighede* (maar hierdie laaste is byna konkreet — *circumstantia*, die dinge wat rondom staan); *voorbehoud* en *voorsiening* en *voorwaarde*; *stelling* en *teestelling* en *bystelling* en *saamstelling*, *herstel* en *veronderstel* en *voorstel* en *opstel* en *stelsel* . . . Die leerling kan die lys tot *onbepaalde omvang* (weer twee!) uitbrei . . . Hierdie soort stoffelike beeldspraak is so vasgegroeï aan ons verstandelike en geestelike begrippe dat die leser van, byvoorbeeld, 'n verhandeling oor die psigologie of logika, of selfs metafisika, wat van hierdie soort woorde met oordragtelike betekenis wemel, nooit aan die liggamelike oorsprong van sy geestelike gereedskap dink nie. Die ou betekenis is uit die oog verloor.

En hierdie uitdrukking, *uit die oog verloor*, bring ons 'n stappie verder. Met die verdere stappie tree die beeld bietjie sterker op die voorgrond — *tree op die voorgrond*

— in sy hoedanigheid as 'n liggamelike beeld. Om verdere voorbeelde daarvan te vind, neem ons 'n boek ter hand wat deur 'n Afrikaner in Nederlands geskryf is — die doktorale proefskrif van Prof. E. E. van Rooyen. Op 'n enkele paar bladsye waar ons die eerste oopgeslaan het, kry ons: *om de olie van wederzijdsche verdraagzaamheid te gieten in de wonden van het verscheurde Protestantisme; dat de leer der verzoening de dood voor de religie zou zijn; de religio naturalis . . . is de alpha en omega van Gods openbaring; strekt tot richtsnoer zoowel van den hemel als van de aarde; de natuurlijke godsdienst, op de tafel van ieders hart geschreven, is de keursteen van de waarheid van alle positieve religies, en wat daarmede niet strookt is contrabande; de absoluutheid . . . wordt met een pennestreek vernietigd; voor zoover het vrij is van vreemd allooi; om aan het gezag . . . den genadeslag toe te dienen; Collins trok te velde tegen de profetie; het vrije denken is het enigst effectieve bolwerk tegen het rijk des Satans . . .*

Tot sover het ons twee trappe van beeldspraak gehad, en daar is 'n derde. Voordat ons die derde bespreek, sal dit goed wees om die drie te onderskei volgens die kenmerk wat ons by die tweede genoem het: die graad van prominensie, so te sê, van die beeld as sodanig.

(1) Waar die beeld diens gedoen het om die woord te vind vir die uitdrukking van 'n nuwe begrip en toe agter die nuwe betekenis weggeraak het. Hierdie klas behels al die afgetrokke terme waarvan ons by die aanvang voorbeelde gegee het. Vir die skrywer wat woorde moet hê om sy gedagtes uit te druk, is dit hier nie 'n saak van weelderigheid nie maar van noodsaaklikheid. As ons van invloed wil praat, gebruik ons nie alleen die woord *invloed* sonder om te dink, of ons hoorder of leser te wil laat dink, aan 'n stroom water wat in 'n dam invloei nie, ons gebruik hom as die enigste woord wat daar bestaan om die bepaalde begrip uit te druk. Daar is geen keuse of smaak of diskresie nie. Al beeldagtigheid wat daar oorbly is by die onbedagte geskiedenis van die herkoms van die woord.

(2) Waar 'n beeld, gewoonlik in die vorm van 'n woordegroep, terwille van skilderagtigheid of welsprekendheid gebruik word om 'n gewone woord, wat nie ontbreek nie maar voorhande is, en waarmee hy gelykstaan in betekenis, te vervang. So is daar skrywers wat by voorkeur 'n biografie sal aanvang met te sê dat die behandelde persoon op dié en dié datum *die eerste lewenslig aanskou* het in plaas van te sê dat hy toe *gebore is*. Hier is daar geen noodsaaklikheid vir so 'n woordkeuse nie; inteëndeel, die skrywer het opsettelik uit sy pad gegaan om die algemeen gebruiklike woord wat voor die hand lê weg te gooi ten einde wat hy beskou as 'n skoner-klinkende uitdrukking in die plek daarvan te stel.

Met so 'n gebruik, wat by sommige skrywers 'n hinderlike aanwendsel word, *a mannerism*, staan ons op die rand van die gevaar van aanstellerige, gesogte mooiskrywery. Dis 'n oortreding van die reël van eenvoud en spaarsaamheid van middels, en van die reël dat die skrywer nie sy kuns aan die leser moet opdring nie maar dit eerder verberg sodat die leser die uitwerking ondervind sonder om die taktiek te bemerk. En so 'n skryfmetode verydél dikwels sy eie doel deurdat hy, in stede van indrukwekkend te wees, vervelig word, soos 'n dame wat bont klere koop en naderhand aan die klere geken word. Om te praat van *die eerste lewenslig aanskou* was seker effektief toe die uitdrukking self die eerste lewenslig aanskou het, uit wie se vrugbaarheid hy ook oorspronklik gebore is, maar hy is lankal deur aanhoudende gebruik verslyt.

So het ons die beskeidenheid van vorm (wat nie altyd saamgaan met 'n gelyke beskeidenheid van inhoud nie) van die briëfskrywer met 'n versoek, ingelei deur: *Ek trek die stoute skoene aan . . .* Of daardie skoene nog op hulle hoë ouderdom stout is of nie, hulle is gaar opgeslyt. Kan die liewe man nie met meer natuurlike eenvoud van beskeidenheid sê: *Ek is so vry, of ek gebruik die vrymoedigheid (of vrypostigheid, as hy dit*

so sterk bedoel) of *ek waag dit . . .* daar is 'n oorfloed van eerlike uitdrukkings.*

'n Skrywer wat hom tydlig en ontydig daarop toelê om hierdie soort tootiel (en skoeisel) te soek, wêk die agterdog dat hy self beseft dat wat hy het om te gee nie goed genoeg is daarsonder nie.

(3) Eindelik is daar die vorm van beeldspraak wat nie, soos soort nommer (1) hierbo, in die herkoms van gewone en onontbeerlike woorde skuil nie; en ook nie, soos soort nommer (2) hierbo, terloops, in plaas van gewone woorde gebruik word nie; maar besonders en selfstandig as sodanig bygesit word. Ons bedoel die tegnies sogenaamde figure of trope waarvan daar in die gewone spraakkunstige teksboeke lang lyste verstrekkend word. Met so 'n lys is ons nie van 'plan om die leerling hier te belas nie; ons bedoeling is maar om enkele daarvan aan te gee as voorbeelde van kunsgrepe om effek te verkry—of, dit kan wees, as nodige en doeltreffende middels van uitdrukking.

Maar voordat ons oorgaan om 'n paar van die ver naamste "figure" korteliks te behandel, sal dit miskien nie oorbodig wees nie om uitdruklik te sê dat ons waarskuwing teen die vervelige oor-en-oor-gebruik van afgesaagde beelde, nie beteken dat ons beeldspraak, selfs die willekeurige, oor die algemeen veroordeel nie. Inteëndeel, dis een van die kragtigste wapens in die hand van die skrywer. Dit help hom om van die abstrakte die konkrete te maak, sodat die leser se geestesoog kan sien en sy geesteshand kan tas en vat en voel wat aan hom meegedeel word. Vergelyk: *ons staan onder die sorg van 'n Vader* by: *Hy het die hare van ons hoof almal getel*. Die leerling sal dit 'n waardevolle oefening vind om so 'n stuk vol konkrete beeldspraak soos, sê, Jesaja 53, in ekwivalente abstrakte taal oor te sit en

* Ons trek die stoute skoene aan om die leerling te soebat om ons tog te help om die tweede *nie* ergens in hierdie sin in te kry.

die verswakking op te merk wat daardeur teweeggebring is.

DIE METAFOOR

'n Metafoor ('n oordrag) is 'n beknopte gelykenis wat nie uitdruklik as 'n gelykenis gestel word nie maar asof dit die eintlike bedoelde gesegde was.

So sê ons van iemand wat slim genoeg was om lank te ontsnap maar eindelijk darem gevang is: *Hy het sy tou styfgeloop.** So praat ons van *die sonskyn en skaduwee, die opdraende en afdraende van die lewe.*

Dis duidelik dat hierdie beelde van ons derde klas kan oorloop na die tweede klas; daar is nie altyd 'n bepaalde skeidslyn nie.

DIE SIMILÉ

Die Similé (vergelyking) is ook 'n beknopte gelykenis, maar hy sê met uitdruklike woorde dat hy 'n gelykenis is.

Byvoorbeeld, *die geloof is soos 'n mosterdsaad; hñ zal zijn als een boom, geplant aan waterbeken.*

Die similé word deur middel van 'n vergelykende voegwoord, *nes, netsoos, soos*, ingelei.

Ons plattelandse Afrikaanse spreektaal maak baie gebruik van metafore en similé's. Elke spreker, selfs (of juis) die eenvoudigste, skeep hulle al-gaande en voortdurend, dikwels met merkwaardige vindingrykheid.

*Mag ons hier 'n voorbeeld aanhaal uit die werk van een van die skrywers? In sy "Skaduwees van Nasaret" laat hy sy denkbeeldige Griekse wysgeer sê: "Hy (Jesus) het nog nie baie tyd gehad om die noue grense van vryheid te oorskry nie." Die aangewese uitdrukking sou gewees het: "Jesus het nog nie sy tou styfgeloop nie." Maar elke mens voel dat die metafoor, hoe idiomaties treffend ook, in die betrokke verband ontoelaatbaar was.

DIE ALLEGORIE

Die Allegorie is 'n metafoor wat tot 'n lang verhaal, somtyds tot 'n hele boekdeel, uitgebrei is. Die gelykenisse van die Bybel, die fabels van Esopus, Bunyan se "Pilgrim's Progress," is allegorieë; Langenhoven se "Hoop van Suid-Afrika" en sy kinderboekie, "die Een-same Hoop" is gedeeltelik allegories.

'n Allegorie is 'n verdigsel, nie 'n verhaal van wat voorgestel word as 'n werklike gebeurtenis nie. Maar nie elke verdigsel is 'n allegorie nie; 'n gewone roman is dit, byvoorbeeld, nie. Die verskil is dat die allegorie vergelykenderwys 'n ander gebeurtenis of beloop van gebeurtenisse beskryf wat as werklike waarheid veronderstel word.

DIE KLIMAKS

Die Klimaks (opklimming) is 'n reeks woorde, sinsdele of sinne, wat trapsgewyse in belangrykheid styg. *Die vyand het ons land ingeval, ons vee geroof, ons huise verbrand, ons vrouens en kinders gevankelik weggevoer.* Die leerling merk op dat die klimming nie in 'n ál-vermeerderde krag van die vorm bestaan nie maar in 'n ál-verswaarde gewig van die inhoud. En tog—in verband met ons doel—is dit 'n saak van vorm: die inhoud neem vanself so 'n vorm aan. En soos die effek in 'n enkele kort passasie kan behaal word, so kan die materiaal van 'n hele geskryf gerangskik word dat dit van paragraaf tot paragraaf en van hoofstuk tot hoofstuk hoër en hoër styg en die hele boek een groot klimaks is. Maar dis nie 'n effek om gedurig na te soek nie. As die boustof self van die gehalte is dat hy so opgemessel kan word van fondament tot vors, behoort hy dié vorm aan te neem; so nie, dan word die uitwerking op die leser ál-voortgaande flouer en flouer, soos die hofmeester wou gehad het hulle moes met die wyn gemaak het op die bruilof by Kana in Galilea. Maar was daar tot die uiterste van sy plan gegaan en sterk

drank ná die wyn toegedien, dan sou die antiklimaks die volgende oggend bereik geword het. Die metafoor wat ons nou hier gebesig het, is nie 'n onware vergelyking nie: psigologies word die klimaks aangewend as 'n prikkeling van die leser, en te veel sensasie werk naderhand nog meer vermoelend en neerdrukkend as eentonigheid. Ook bestaan die gevaar dat die inhoud om die vorm ontwil vervals kan word. 'n Verslaggewer of geskiedskrywer wat alte begaan is om 'n kragtige styl te vertoon en sterk dinge te sê, kan maklik sterk lieg. Elkeen van ons se weg deur die lewe is maar 'n opeenvolging van opdraende en afdraende. So afwisselende, met opeenvolging van hoogtes en vlaktes en holtes, sal 'n geskrif die beste sy doel tref om die leser te boel omdat die leser daarin sal vind wat sy eie lewenservaring hom aan gewénd gemaak het.

Die Skeppingsverhaal van Genesis I is 'n treffende voorbeeld van 'n klimaks. So is die verhaal van die reeks van rampe wat op Job geval het.

Maar ook 'n antiklimaks kan baie treffend wees. Hierdie byvoorbeeld: *Gij zult u geen gesneden beeld noch eenige gelykenis maken, van hetgeen boven in den hemel is, noch van hetgeen onder op de aarde is, noch van hetgeen in de wateren onder de aarde is.* Eintlik is die antiklimaks (as ons dit met ontsag mag sê) hier natuurlik: Jy moenie daardie groot ding doen nie; jy moenie eens die mindere ding doen nie; nee, jy moet selfs nie die aller kleinste dingetjie doen nie. Die formele antiklimaks is hier essensiëel 'n allersterkste klimaks.

DIE HIPERBOOL

Om die leerling van die Hiperbool (die oordrywing) te leer sal wel onnodig wees; meer waarskynlik sal dit nuttig wees om hom dit af te leer. Ons is almal ons lewe lank besig om te oordryf. Ons wil sterk indruk maak. Ons kla dat daar vandag duisend moeilikhede is wanneer ons bedoel dat daar drie is. Die geluk is dat

ons almal weet dat ons almal gedurig met oordrywing bluf, nou slaan ons af. Die ongeluk is dat ons meer afslaan as wat bygesit is, sodat die oordrywer sy doel met die daad self verydel.

Maar daar is 'n groter ongeluk. Nie by bepaalde en skatbare oordrywing van maat en getal nie, maar deur oordrywing van graad en hoedanigheid, verlaag ons die muntwaarde van ons woorde. Ons praat so maklik van *verskriklik* en *ontslaglik* dat wanneer daar werklik verskriklike en ontsaglike dinge gebeur, ons geen woorde het om hulle mee te beskryf nie. Neem so 'n woord soos *seker*. Om 'n waarskynlikheid sterk te stel het ons aangehou met sê *dit sal seker gebeur*, totdat *seker* nou in daardie verband bedoel word en verstaan word as *waarskynlik*. Deur daardie woorde-ontaarding as gevolg van woorde-wangebruik het dit gekom dat 'n *seker* man nou beteken 'n *onseker* man, iemand of anders, maak nie saak wie nie, *quivis, a certain man* (die Engelse woord het dieselfde mishandeling ondergaan, met dieselfde resultaat). So wanneer ons sê *ongetwyfeld* gee ons met die woord-self te kenne dat daar twyfel is. Niemand sê *Van Riebeeck het ongetwyfeld in 1652 hier aangeland*, of, *die son sal môre-oggend ongetwyfeld opkom* nie.

Dis die skrywer se plig, teenoor homself en teenoor sy taal, om die draagkrag van sy woorde op prys te stel. Hier, byvoorbeeld, omdat ons die reël sterk op die gemoed van die leerling wil druk, kon ons onder die versoeking geval het om te sê *dis sy heilige plig*. Maar as ons dan ander dag oor 'n plig wil praat wat regtig heilig is, dan sou ons geen woord hê wat in ons mond sy waarde vir daardie diens behou het nie.

Die hiperbool, behoorlik toegepas, en duidelik as sodanig gestel, kan baie effektief wees. Wat kan mooier wees as hierdie beeld in David se rouklag oor Saul en Jonathan: *Zij waren lichter dan arenden, zij waren sterker dan leeuwen?*

Maar dit kan gebeur dat die onder-stelling, juis deur sy blykbare bedwang, 'n sterker indruk kan maak as

die oor-stelling. *Dis nie 'n mooi ding wat jy gedoen het nie* sal as 'n berisping dieper inslaan dan: *Dis 'n bitterlike letlike ding wat jy gedoen het*. Die regter wat in sy bevinding sou sê: *Waaragtig, daardie getuie het sy siel versweer* sou nie die uitwerking met sy woorde bereik van die ander wat sou sê: *Ek vrees ek kannie daardie getuientis aanneem nie*. Met die vorm waarin hy sy opinie klee gee hy blyk dat hy versigtig is en die saak nie net van een kant beskou het nie. Mark Twain se weerspreking van die gerugte dat hy dood was: *The report of my death is grossly exaggerated*, was 'n uiters doeltreffende onder-stelling. Hy noem die valse gerug maar 'n oordrywing, al sê hy dit was 'n gross exaggeration.

Miskien het die leser gehoor van die vorm van reklaam van die drie Berlynse haarsnyers wat hulle winkels in dieselfde straat langes mekaar had. Die eerste het op sy bordjie gesit: *Die beste haarsnyer in Berlyn*. Daarop het die tweede hom aanbeyeel as: *Die beste haarsnyer in Duitsland*. En toe het die derde beskeielik gevolg met: *Die beste haarsnyer in die straat*.

DIE ANTITESE EN DIE' EPIGRAM

Dit wil sê, die teëstelling en die skokstelling. In verband met hierdie kunsgrepe herhaal ons die vermaning dat 'n middel deste spaarsamiger moet gebruik word namate hy te meer kragtig en doeltreffend is. Uit die aard van die saak kan 'n skok alleen skokkend wees omdat hy buitengewoon is. In die groot oorlog het die knal van die kanonne nie meer indruk gemaak op die hoorder as die getik van sy sakoorlosie nie. Maar in die stilte van die nag, watter geweldige effek kan daar nie teweeggebring word deur 'n toeslaande luik nie!

Hier is 'n netjiese epigrammatiese rympte oor die epigram (aangehaal deur Prof. Meiklejohn in sy "The Art of writing English"):

"The qualities rare in a bee that we meet
 In an epigram never should fail;
 The body should always be little and sweet,
 And a sting should be left in its tail."

Dit wil sê:

Die trekke wat ons by 'n-by ontmoet,
 Moet ons by 'n epigram kry:
 'n Liggaampie klein en soos heuning so soet,
 Maar 'n angel in die stert moet daar bly.

Sommige skrywers is besonderlik lief vir epigramme. Onder die Engelse beklee Macaulay die preëminensie, veral in sy eerste Essays. Die klassieke voorbeeld is:

The Puritans hated bear-baiting not because it gave pain to the bear, but because it gave pleasure to the spectators.

Busken Huet skryf oor Erasmus:

De lutheranen hebben hem verweten onverbeterlijk roomsch, de roomschen meer dan een halve lutheraan te zijn. Humanisten hebben hem gehavend als een afvallige en theologen, wegens zijn humanisme, hem uitgemaakt voor een libertijn.... Hij was misschien de wijsste man van zijn tijd, en zou blijven leven als type van den lofredenaar der dwaasheid.

By Staring kry ons (en hulle is tegelyk epigramme en teëstellings):

De rijpe Kennis hoort;
 De onrijpe neemt het woord.

De Meester, in zijn Wijsheid, gist.
 De Leerling, in zijn Waan, beslist.

't Is Naarstigheid, die vroege Kennis gaart;
 Ervaring is 't, die spade Wijsheid baart.

Hier volg 'n paar van A. G. Visser:

Getroue liefde is die eis
 Van beide man en vrou.
 En tog, hoe menig troubewys
 Is geen bewys van trou?

Wie t^{er} w^{er}eld verstaan ooit die v^rou,
 En wie sal haar geheimenis weet?
 Haar verjaarsdae moet jy onthou,
 Maar haar ouderdom moet jy vergeet.

Oud vergeet reeds wat hy moes geweet het;
 Jonk die weet steeds wat hy moet vergeet.
 Oud, die Vrek, kwel oor wat hy ge-eet het;
 Jonk, die Vraat, lol oor wat hy sal eet.

Die rykaard moet sy geld laat staan:
 Die aardryk hou sy geld.
 Maar goed ook. As dit mee kon gaan,
 Sou dit misklen tog smelt.

SARKASME EN IRONIE

Sarkasme is 'n meer bytende, Ironie 'n sagter, vorm van die skerts of spot waarmee opsettelik die teenoorgestelde gesê word van wat bedoel word, maar op só 'n manier dat die onderleënde bedoeling, altyd goed raakgesien word. Hulle kan maklik oorgaan tot die insinuasie of skimp wat deur 'n skrywer of spreker behoort geag te word as benede hom.

Uit die oorfloed van Multatuli haal ons enkele aan:

Ik lêg me toe op 't schrijven van levend hollandsch. Maar ik heb schoolgegaan.

Ik ken zeer weinig menschen die lezen kunnen.

De hoogste graad van moed is hoogmoed.

Een ruit^{er} viel van 't paard, en sints die tijd
 Noemde ieder die van 't paard viel, zich 'n ruit^{er}.

Men is 'n dier met veel koppen. 't Voedt zich met bloemen en vruchten—de fijnsten!—en 't spuwt venijn, precies andersom dan bijen die honig zuigen uit gif. *Men* is ijzer als i slaat, wolk als ge hem wilt terugslaan. *Men* is de man die er niet is. *Men* spreekt waar-i niet geyraagd wordt, en zwijgt waar-i wordt aangesproken. *Men* schuilt in hoekjes die

kleiner zijn dan hijzelf, en als ge 'm daaruit wilt halen is-i weg, juist als wandluizen.

Ik wou myself gaarne eens ontmoeten, om te weten hoe ik mij beviel. Maar 'k moet goed gehumeurd wezen dien dag, want ik hou niet van onaangenaamheden.

In die hande van 'n meester soos Multatuli kan sarkasme en ironie kragtige wapens wees. Maar hyself kan dien as 'n goele voorbeeld van waarom hierdie skryfwyse nie aan te beveel is nie. Dis die openbaring van 'n hatelike gees. Multatuli kon groot invloed uitgeoefen het want sy vermoë om 'op die raakste manier te sê wat hy te sê had, was onoortroffe. Maar wat hy te sê had was lelik en afstotend; behalwe in sy eerste werk, die mooi roman "Max Havelaar," had hy vir niemand ooit 'n goeie woord nie as vir homself. En daarmee het hy sy eie saak bederwe.

Soos in die daelkxse omgang, so met wat ons skryf: as ons ons ewemens wil beweeg, moet ons sy hart steel.

DIE EUFEMISME

Die Eufemisme is 'n versagting of verfyning van die wyse waarop 'n bittere of onaangename saak of daad of gebeurtenis letterlik sou beskryf word. So, in plaas van *iemand is dood*, sê ons *hy is ontslape*, *hy het sy rus ingegaan*. Die ou Romeine, vir wie die gedagte aan die dood baie onverdraaglik was, had sulke uitdrukkings soos *vivit*, *hy het (klaar) geleef*. 'n Mooie was *animam efflaviv*, *hy het sy gees uitgeblaas*.

In plaas van te sê *iemand het gelieg*, of selfs *hy het onwaarheid gepraat*,* sê ons *hy het hom nie met juistheid uitgedruk nie*. Waar dit nodig is om 'na heimelike liggaams-werkings te verwys, of na die plekke of ge-

* Die twee is natuurlik nie dieselfde nie. Enigè mens kan onskuldig sê wat onwaar is, soos deur onwetendheid. 'n Leuen is 'n opsettlike onwaarheid.

leënthede waarmee hulle verbonde is, gebruik ons fatsoenlikheidshalwe beelde waarin daar regstreeks geen growwigheid is nie. Maar dan gebeur dit dikwels dat die fatsoenlike uitdrukking so verbonde raak aan die handeling wat hy weergee, dat hy ook langamerhand as verboole geld en 'n nuwe onskuldige term gesoek moet word. Die werking van die assosiasie is onverbiddelik. Die taal is nie net 'n logiese nie maar 'n psigologiese en estetiese werktuig; sy vorm en gebruik verander gestadig onder die werking van geestelike sowel as stoffelike klankwette.

Een van die beste voorbeelde van die uitwerking wat die neiging tot eufemisme op die taal het, word verskaaf deur die lotgevalle van die tweede persoonlike voornaamwoord. Dis of ons uit hoffelikheid nie teenoor die aangesproke persoon die houding wil aanneem: "Ek praat nou met jou" nie. Die Engelse het die enkelvoud weggegooi en vir alle doeleindes die dubbelsinnige *you* oorgehou (buiten die kerkelike *thou*). In Duits word vir intieme omgang die *du* behou (veral mooi is dit dat kinders hulle ouers en aanbidders die Hemelse Vader daarmee toespreek). Maar anders word die derde persoon in die meervoud gebruik, die *Sie*. Dis of ons sou sê: *Ek is bly om hulle te sien* waar ons bedoel om te sê: *Ek is bly om jou te sien*. In Afrikaans is *ji* en *jou* (teenoor die beleefde *u*) iets meer as net intiem, maar dit is nie oral, soos die Duitse *du*, vir intieme omgang geoorloof nie. Waar minderes hulle meerderes aanspreek, op min of meer intieme voet, gebruik ons die selfstandige naamwoord waardeur die betrekking aangedui word: *Het Pa my geroep? Wil Oom nie afsael nie?* Dit sou jammer wees as hierdie treffend skone idioom in onbruik sou raak. *U* begint hom hier en daar te verdring.

Die jong skrywer wat skoonheid beoog, al beoog hy nie skone kuns nie, sal hom beywer om altyd die fyne uitdrukking te verkies bo die growwe. Hy sal vind dat hy dieselfde ding kàn sê, en sterker kan sê, op 'n

mooi manier as op 'n lelike. En dit is glad iets anders as gesogte mooiskrywery.

DIE APOSTROOF

Met die Apostroof word 'n onbesielde hoorder aangespreek: *Vaderland, ons sal die adel van jou naam met ere dra.*

DIE RETORIESE VRAAG

Hierdie Vraag verwag geen antwoord nie. Wat as stellige gesegde bedoel word, word in die vorm van 'n vraag gestel: *Zou de Rechter der gansche aarde geen recht doen? Dood! waar is uw prikkel? He! waar is uwe oorwinning?* Hierdie laaste voorbeeld bevat tege-lyk 'n apostroof.

VRAE EN OEFENINGE

1. Noem Engelse ekwivalente, uit Latyn afkomstig, van 'n tiental abstrakte woorde soos die wat in die begin van die hoofstuk genoem word, en gaan ná of hulle oorsprong ook te vind is in konkrete name vir liggaams-handelinge.
2. Noem en onderskei, met u eie voorbeelde, die drie soorte beeldspraak.
3. Vind ekwivalente, soveel as moontlik, vry van beeldspraak, vir die uitdrukkings uit Prof. van Rooyen se tesis aangehaal. Welke van die aangehaalde uitdrukkings, indien enige, sou kon deurgaan as ook idiomaties Afrikaans?
4. Skryf 'n opstel oor (a) die waarde, (b) die misbruik van beeldspraak.
5. Watter nadelige uitwerking het oordrywing op (a) die werk van die betrokke skrywer self, (b) die taal in die algemeen?
6. Gee Afrikaanse voorbeelde, uit die algemene omgangstaal, van Eufemisme.

7. Skryf 'n opstel, met aanhalings, oor Bybelse beeldspraak.
8. Vergelyk en onderskei: Metafoor, Gelykenis, Allegorie. Gee u eie voorbeelde.
9. Ons het nou net "voorbeelde" gevra. Wat is die waarde van 'n voorbeeld? Sou u hom 'n vorm van beeldspraak noem? So ja, waar sou u hom in ons indeling plaas?
10. Dink 'n mens gewoonlik in woorde of beelde of albei of sonder albei?

HOOFSTUK VIII

MIKPUNTE

INHOUD

Die doel van so 'n handboek soos hierdie is natuurlik nie om die leerling te help by sy inhoud nie maar by sy vorm. Nie wat hy moet sê nie maar hoe hy, wát hy ook te sê het, behoort te sê, is wat ons probeer om enigsins aan te dui. Die inhoud moet hy self versorg. As dit 'n verslag van 'n gebeurtenis is wat hy wil opstel, moet hy die feite uit die regte bronne versamel. As dit 'n wetenskaplike verhandeling is, moet hy sorg dat hy op hoogte is van soveel as wat vir die doel nodig is in die betrokke yak (of liever, dit sal goed wees as hy meer weet as wat hy moet meedeel). As dit polemieëk of propaganda is, moet hy sy bewysgronde en argumente agtermekaar hê. Wil hy 'n roman skryf, moet hy uit sy siel, en vernamelek sy verbeelding en gevoel, en uit sy opgegaarde lewenservaring put.

Maar dis daardie inhoud wat daardie vorm moet kry; dis daardie vorm wat vir die meedeling van daardie inhoud moet deug. Dus die twee is nie van mekaar te skei nie; nie alleen is hulle albei nodige faktore tot die resultaat nie, maar hulle is wederkerig van mekaar afhanklik.

Hoewel ons ons dan in hierdie wegwysing tot die vorm bepaal, hou ons altyd in die gedagte dat, al kan jy 'n goeie inhoud bederwe met 'n slegte vorm, jy geen vorm kan hê sonder inhoud nie, al is dit maar niks beter

nie as asem om die beesblaas 'n ronde gedaante te laat kry. En hieruit volg, in die eerste plaas, wat menige skrywer versuim om te onthou, dat die vorm nie by die inhoud behoort verby te gaan nie. Jy moet die inhoud meedeel, nie meer as meedeel nie. Want dan is daar, by die inhoud verby, 'n mededeling van niks. Gebruik netsoveel woorde as nodig is, en nie een woord meer nie; die oorbodige woord is 'n orige woord; dit verkwis jou leser se tyd en dit verkwis sy aandag sodat hy minder daarvan beskikbaar het vir die essensiële. Moenie hom 'n mied gee om te eet nie; dors en maak skoon en laat die kaf wegwaai en kry die graan besonders. En dan kan jy maal (en nog weer sif ook) en bak en voorsit in die genietbare en verteerbare en voedsame vorm.

Herhaling is maar 'n ander vorm van omslagtigheid en breedsprakigheid. Daar is mense wat, in die praat-taal, 'n goeie grap sal vertel en as almal lekker daaroor gelag het, dieselfde ding die tweede maal oortel, soekende na 'n dubbele sukses maar die eerste bederwende met die platval van die tweede. So is daar skrywers wat nie tevrede is dat hulle 'n ding gesê het nie, hulle moet hom weer sê. As dit 'n goeie woord was, waarom hom gaan vervlak en verflou met 'n herhaling? As dit 'n slegte was, was hy nie eenmaal ook die moeite wêrd om te sê nie. Die oortreding van hierdie reël geskied nie gewoonlik deur letterlike verdubbeling nie maar deur ander woorde te gebruik, asof die wysiging van vorm kan dien tot uitbreiding van inhoud.

Daar is 'n vorm van skryfoefening, præcisering of saaklike saamvatting genoem, wat veral in die staatsdiens gebruik word. Die staatshoof is 'n besige man, en hy ontvang gedurig amptelike medelings oor die hele land vandaan. Maar uit sure ondervinding weet hy dat nege uit die tien medelers die gewoonte het om twaalf bladsye vol te skryf waar twee voldoende sou gewees het. Hy kan eenvoudig nie die tyd en aandag bekostig om die hele spul deur te lees nie, dan moet hy van sy ander pligte versuim. Nou hou hy klerke aan om te doen wat die skrywers in die eerste

instansie moes gedoen het—om die miede te dors en die graan vir hom uit te sonder. Ons is so vry om een van die vorms van aanwysing aan te haal wat aan die klerke voorgeskryf word by die uitvoering van hierdie plig:

Die doel van die memorandum of précis, wat in die vorm van 'n verhaal behoort te wees, is dat enigeen wat nie tyd het om die oorspronklike meedelings te lees nie, deur die précis te lees in besit gestel sal word van al die hoofsaake. So 'n précis behoort—

(a) alles te bevat wat belangryk is in die korrespondensie, en niks wat onbelangryk is nie;

(b) hierdie saamvatting in 'n agtereenvolgend aanlopende en leesbare vorm te stel, so duidelik as moontlik uitgedruk;

(c) so beknopt te wees as wat verenigbaar is met volledigheid en helderheid.

U word aangeraai om, voordat u begint te skryf, die hele korrespondensie sorgvuldig deur te lees; die waarde van die précis sal groteliks afhang van 'n juiste opvatting van die betreklike belangrykheid van die verskillende dele.

By nuusblaaië is dieselfde gebruik in swang. (Eintlik is hulle doel iets anders; hulle soek na 'n antiklimaks.) Wanneer daar 'n kolommelange verslag is van een of ander sensasie, maak hulle daar 'n "scoop" uit. Hulle vang aan met 'n rasende ophef van reusagtige hoofletters, en onder die opskrif sit hulle, in groot drukteks, 'n paar paragrawe waarin 'n opsomming gegee word van die omslagtige verhaal wat volg. Die leser wat nie oor genoeg tyd of nuuskierigheid beskik nie, lees die opsomming, nes die staatshoof die précis, en hy slaan die verslag oor.

Hierdie oefening is ons so vry om ten sterkste by die leerling-skrywer aan te beveel. Laat hom koerantstukke neem, hoofartikels, korrespondensies, verslae; volledige rapporte van toesprake, veral parlementêre en ander politieke; hoofstukke uit allerlei boeke, romans, geskiedenis, preekbundels; en laat hom dit tot die uiterste verkort.

En dan kan hy met sy eie geskifte netso maak voor

dit uit sy hande gaan om deur ander mense gelees te word. Dit sal hom langsamerhand daartoe bring om in die eerste instansie al suinig te werk met sy taalskatte, nie sy woorderykdom te verkwis nie, sodat hy eenmaal sal kan klaarskryf, kort genoeg om geen oorskrif tot verdere verkorting nodig te maak nie. En juis die beknoptheid sal hom versigtig maak by die keuse en rangskikking van sy woorde, soos 'n man versigtig is by die opstel van 'n kabelgram, soos die ou klassieke skrywers versigtig was omdat materiaal skaars was en vermenigvuldiging duur.

In verband met hierdie punt van die verhouding tussen vorm en inhoud het ons reeds opgemerk dat die gewoonte by 'n skrywer om sy sinne elk besonders logies inmekaar te sit en almal saam logies aanmekaar te voeg tot die opbou van die geheel, die verdere uitwerking het dat dit hom gewënd maak om ook sy stof, soos dit nog onuitgedruk in sy gees voorhande is, logies in te deel, te rangskik, te begryp en te beheers. Daarby kan ons voeg dat, omgekeerd, die goeie inhoud die vorm kan veredel. Dikwels vind ons by wetenskaplikes, soos regskundiges, natuurkundiges en geskiedkundiges, wat nooit 'n letterkundige opleiding gehad het nie en nie altyd 'n sterk aanleg het om letterkundige kunswerke te geniet nie, dat hulle 'n keurig-netjiese styl skryf. Hulle opleiding in hulle vak, en hulle beoefening daarvan, het hulle geleer om uiters omsigtig te werk met feite en dus met die stelling van felte. Elke tegniese term wat hulle gebruik het 'n streng-omlynde betekenis; geen ander woord sou op daardie plek deug nie want hy sou 'n valse voorstelling gee; woorde wat vir ons dieselfde betekenis het, verskil vir hulle hemelsbreed. Hulle kan dit nie bekostig om hulle vaag of troebel of verward of dubbelsinnig uit te druk nie — dan sou hulle voel hulle druk hulle gladnie uit nie.

Dus laat die leerling besef dat hoe hy 'n ding sê belangryk is namate die ding wat hy sê belangryk is.

Ons herinner daaraan dat ons hier te doen het met gewone stelkuns vir gewone doeleindes. Ons probeer

nie om reëls voor te lê vir die opleiding tot letterkundige kuns nie. Ook daar kan woordeweelderigheid te ver heen gedryf word, maar daar volg dit nie dat die beknopte vorm die beste is nie. 'n Redenaar (wat maar die susterkuns beoefen) kan 'n uur neem om te sê wat, sover as die blote feite betref, in vyf minute kon afgehandel gewees het. Maar dan sou hy sy gehoor koud gelaat het. Om sy doel te bereik, bring hy sy gehoor in 'n gevoelige, as dit kan wees in 'n hartstogtelike stemming, en hy hou hulle lank in daardie stemming sodat sy indruk oor en oor sal insink om blywend te wees. Netso die emosionele skrywer (met wie ons handboek nie te doen het nie). Maar die wat streef om na daardie hoogtes te vlieg, moet oppas dat hy nie val nie; sy val sal eweredig wees met die hoogte. Elke kunstenaar mag omslagtig wees, maar dit volg nie dat elke omslagtige 'n kunstenaar is nie.

Ons sit nie die leerling in 'n rubriek nie; hy moet self sy rubriek kies. Maar van die keuse sal die uitslag afhang.

RITME

In al sy bewegings, van die warrelende deeltjies van die atoom tot die swaal-bane van hemelliggame, is die Heelal ritmies. En alle lewe is ritmies, in sy innerlike werking en sy uiterlike openbaring. Daarom is die menselike spraak ritmies. En daarom is die menselike siel vir ritme ontvankelik.

In die gewone alledaagse spreektaal is daar 'n voortdurende op en af swaal van toon en klem. Die een spreker het 'n meer musikale modulاسie in sy stem as die ander, maar geen spreker is ooit volstrek een-tonig nie. Die aard van sy taal maak dit onmoontlik.

In die poësie het ons die natuurlike ritme van die spreektaal en van die geskrewe prosa tot metriese reëlmatigheid verfyn. Die ou Grieke en Romeine het die reëlmaat gevind in die beurtloop van lang en kort

toon-ritme saam-deurlopend met die metriese ritme of klem-ritme. Ons kan die dubbele golwing van die twee versreëls voorstel, met die ongebroke lyn vir dié metrum en die stippellyn vir die toon, soos in fig. 2 en fig. 3.

En in daardie dubbele golwing vind ons, wat die klank- indruk betref, die toorkrag van die poësie. (Die Grieke en Romeine had dus 'n drie-voudige golwing — die kwantiteits-wisseling, die klem-wisseling en die inhouds-ritme of toon-ritme. Ook ons kry 'n verder-voudige golwing, vermenigvuldig deur meerstemmigheid, by 'n toonsetting van die versreël op musiek.)

In die prosa het ons geen metriese reëlmaat nie. Inteëndeel, die prosaskrywer moet dit vermy; as hy hom betrap dat hy per ongeluk daar ingeloopt het, moet hy op sy spore teruggaan en sy woordekeus of sy sinsbou verander. Neem so 'n prosa-vorm:

En met' | die eer-' | ste oop-' | maak van' | die deur' | bespeur' |
ek daad-' | lik dat' | daar in' | die 'kor-' | te oom-' | blik wat' | ek
uit' | die huis' | uit was' |

Verbeel jou so 'n swikswaal moet aanhou — die leser sal die boek voor die end van die eerste bladsy neergooi.

Maar tog, al is die prosa in sy aard onmetries, behoort hy ritmies te wees; en dit is een van die groot verskille tussen goeie en slegte prosa. Want die geskrif, ook die prosa-geskrif, moet 'n spieël van die lewe wees — die poësie is 'n verheerlikte skildery daarvan — anders is hy vals en onnatuurlik.

Die merkwaardigheid van die Bybel (om hom hier weer as blote letterkunde te beskou) is dat jy oral voor die voet kan kies. Ons maak hom oop by die 23ste Psalm:

1. *De Heere is mijn Herder, mij zal niets ontbreken*
2. *Hij doet mij nederliggen in grazige weiden; Hij voert mij zachtjes aan zeer stille wateren.*

Fig 1.

In die aand se droe-we ske-mer in die bly-e og-gend-gloed

Fig*2.

In die aand se droe-we ske-mer in die bly-e og-gend-gloed

Fig 3.

Dek sy graf met hul-de blom-me plant 'n steen vir nooit ver-geet *

3. *Hij verkwikt mijne ziel; Hij leidt mij in het spoor der gerechtigheid, om zijns naams wil.*

4. *Al ging ik ook in een dal der schaduwe des doods, ik zou geen kwaad vreezen, want Gij zijt met mij; uw stok en uw staf, die vertroosten mij.*

5. *Gij rigt de tafel toe voor mijn aangezicht, tegenover mijne tegenpartijders; Gij maakt mijn hoofd vet met olie, mijn beker is overvloeiende.*

6. *Immers zullen mij het goede en de weldadigheid volgen al de dagen mijns levens; en ik zal in het huis des Heeren blijven in lengte van dagen.*

Sien die leser hoe elke vers met 'n rustige deining voortvloei en dan plotseling op die end 'n klank-klimaks bereik?

Neem dieselfde Psalm volgens die Engelse (Authorised Version) vertaling:

1. *The Lord is my shepherd; I shall not want.*

2. *He maketh me to lie down in green pastures: he leadeth me beside the still waters.*

3. *He restoreth my soul: he leadeth me in the paths of righteousness for his name's sake.*

4. *Yea, though I walk through the valley of the shadow of death, I will fear no evil: for thou art with me; thy rod and thy staff they comfort me.*

5. *Thou preparest a table before me in the presence of mine enemies: thou anointedst my head with oil; my cup runneth over.*

6. *Surely goodness and mercy shall follow me all the days of my life: and I will dwell in the house of the Lord for ever.*

En daar kry ons dieselfde wonder van soetheid in die saamstelling en opeenvolging van klank-effekte.

Maar nou albei vertalers, die Hollandse en die Engelse, had dieselfde een oorspronklike teks voor hulle, in 'n taal van glad ander klankwaardes, en hulle moes dit onderskeidelik in twee tale oorsit wat weer ver uitmekaar staan in hulle Klank-stelsels. Eerste voor alles moes hulle sorg om die inhoud getrou weer te gee — hulle kon hom nie aan die vorm opoffer nie; hulle kon nie soos 'n oorspronklike skrywer, woorde wat nie ritmies pas opsygool en ander kies wat beter klink nie. Waar dan moet ons die geheim van albei se voortrefflike sukses vind? By die logiese, en emosionele ritme — afgesien van die klank-ritme — van die oorspronklike Hebreeus. Die psalm het uit 'n ritmiese siel voortgekom en, gevolglik, in ritmiese taal uiting gevind.

En daar het ons gekom op die hoof-voorskrif vir ritmiese prosa. Die skrywer wat 'n oor het vir melodiese skoonheid sal hier en daar 'n woord verwerp wat, vanself of op die betrokke plek, 'n wanklank sou veroorsaak, en hom vervang deur 'n soeter woord. Maar oor die algemeen sal hy nie bewustelik na klank-effekte soek nie — en hoef hy ook nie daarna te soek nie. Sy gedagteloop is ritmies en daarom is sy woorde vanself ritmies. Die taal van die eenling, soos die taal van die volk, dra die aard van die siel waaruit hy ontstaan.

Aan die ander kant, waar jy 'n stamperige skrywer kry, kan jy gerus maar die fout by sy verwarde sinsbou soek. Hy is lomp van buite omdat hy lomp is van binne.

En dit is omdat die mensesiel 'n sy gevoel en in sy vernuf een is. Die versadiging van die een aanleg versadig die ander. Die logika self is ritmies, — lees maar 'n uitgewerkte wiskundige probleem — en daarom is 'n logiese stelling ritmies. Die intellektuele gang en die estetiese gang, soekende, die een na die ware, die ander na die skone, wieg op dieselfde vleuels en vind, op hulle hoogste, gelykelyk hulle vlug deur die hemelblou.

AFWISSELING

In ons daelikse omgang kry ons hier 'n geselser wat interessant is, daar een wat vervelig is. En die vervelige sal vervelig bly tot in sy graf, daar is geen moontlike middel wat hom sal genees nie. Tussen skrywers is daar dieselfde verskil, en daar ook is dit netso onmoontlik om een wat dit nie vanself is nie met reëls en voorskrifte boeiend te maak. Maar dis vir almal moontlik om die ergste oorsake van vervelendheid te vermy.

As die leser 'n boek (wat nie vir inspannende studie bedoel is nie) af en toe opsy sit om tussen-in afleiding te soek by ander vorms van tydverdryf, om hom, nadat hy die ontspanning geniet het, weer tot die leestaak in te span, doen hy vir homself wat die skrywer vir hom moes gedoen het. Die boek moes self die afleiding verskaf het.

En dit het ons meteens gebring tot die hoofsaak van verving — die vermoelende werking van eentonigheid. Die menselike gees is tot lang-aanhoudende inspanning instaat, baie meer as die liggaam, mits hy nie die inspanning voel nie. Hy moet maar net aangespoor bly deur voortdurende belangstelling. Maar in ou nuus, ou gewaarwordinge, ou indrukke, is daar geen belangstelling nie: die gees soek maar, soos die Atheners toe Paulus daar was, altyd na iets nuuts — en netnou is dit nie meer nuut nie en dan soek hy na 'n nuwer nuwigheid. Elke geestestoestand is al die tyd besig om te verflou; die skerpte van elke indruk word gevolg deur verstomping, en hoe skerper hoe gouer; die opgewonde gemoed loop af soos 'n opgewende oorlosie. Maar die oorlosie kan jy weer en weer opwen met dieselfde sleutel; die gees kan jy nie aanhoudend opwin met dieselfde prikkeling nie. Die sleutel was stomp en hy bly stomp; die prikkel was skerp en hy is elke slag stomper. Probeer maar om dieselfde grap aan dieselfde gehoor tweemaal oor te vertel.

Insteede van die eenselfde grap te herhaal, kan jy so 'n voorraad van grappe hê dat jy elke slag met 'n

varse kan tē voorskyn kom. Maar ook selfs dan vind jy aanstons dat die gelag nie meer so hartelik en spontaan is nie. Al was die reeks prikkels nie dieselfde nie, hulle was van dieselfde soort, bedoel om dieselfde geestestoestand slag vir slag terug op te dryf na dieselfde hoogte. Wat jy moes gedoen het was om hier en daar tussen-in 'n paar ernstige dinge mee te deel; dan kon jy weer met 'n paar grappe gekom het.

'n Tragiese verhaal moenie van begin tof end niks as rouklagte en trane behels nie. Dis eenvoudig onmoontlik om enige leser oor so 'n lang afstand heen aangedaan te hou met oorvertelde verdriet. En omdat daardie poging dan nie slaag nie, en daar is niks anders nie, gooi hy die boek neer — om eers weer tussen-in die afleiding elders te soek wat die boek hom nie verskaf het nie, of hy gooi hom heeltemal neer.

So is dit met 'n avontuurstorie of 'n skrikverhaal, sê nou van 'n spokery. Die held of slagoffer moenie uit die een gevaar in die ander inloop nie. Daar is geen platter eentonigheid nie as die van eentonige sensasie.

Hierdie voorbeelde had te doen met die inhoud. (Maar die bewerking en saamstelling en indeling van die inhoud is 'n saak van vorm.) Wat die blote vorm betref, geld dieselfde beginsel. 'n Aanhoudende reeks lang sinne is 'n vermenigvuldiging van vermoenens want elkeen besonders is reeds vermoeiend. En buiten nog die inspanning wat hulle vereis, maak hulle die indruk van slaperige langdradigheid. Al is hulle nie werklik omslagtig nie dra hulle die voorkome van omslagtigheid. Aan die ander kant kan 'n opeenvolging van kort stakkato-sinne nog meer vermoeiend wees. Die indruk wat hulle gee is van 'n rusverstorende gestamp en geklap. So kan daar eentonigheid van bou-metode wees, gebalanseerde sinne van dieselfde patroon, een op die ander; 'n aanhoudende opeenvolging van epigramme en teëstellings; oortollige beeldspraak; ophopings van byvoeglike naamwoorde voor elke self-

standige naamwoord, oorvloede van klimakse en apostrowe.

Dis om hierdie rede dat poësie, wanneer dit nie meer is as metriese rymelary nie, so maklik vervelig kan word deur die nooit-afwisselende reëlmatigheid van rym en metrum en vers-lengte. Oor die middel wat die digter ter hand kan neem om die eentonigheid te vermy deur 'n saamlopende verskeidenheid van ritme sê ons iets in die afdeling onder daardie hoof. Die punt is hier dat eentonigheid, waar jy hom ook aantref, in die wolke of op die grond, oral en altyd dodend is.

En dis geen wonder nie. Die gevoelige ontvanklikheid van die mensegees is bepaal en gevorm deur sy omgewing, en hy gaan sy hele aardse bestaan deur in 'n natuurlike en medemenselike omgewing van oneindige verskeidenheid, oneindig van plek tot plek, oneindig van oomblik tot oomblik.

In elke geskrif behoort daar 'n eenheid te wees, 'n eenheid van plan en doel. Maar ook in die verskeidenheid van die Natuur is daar eenheid — die verskeidenheid dien juis om die eenheid en die eenheid om die verskeidenheid te meer indrukwekkend te maak. Dáar is die skrywer se model.

GOEIE SMAAK

Die teenoorgestelde van goeie smaak is verspottigheid; of as dit erger is, ongeskiktheid; of op die uiterste onfatsoenlikheid.

Dit kom ons almal by tye oor, of ons moet dik van vel wees en stomp van gevoel en ongewoond aan self-onderzoek, dat ons agterná skaam voel oor iets wat ons gesê het, hetsy omdat dit oral uit die pād sou gewees het of omdat dit onder die besondere omstandighede uit die pad was. 'n Man wat 'n stuitlike of onbetamelike storie vertel, wat hy gladnooit moes vertel het nie, of in alle geval nie by daardie geleënthed sou vertel het, had hy rekening gehou met die gehalte van sy

geselskap nie, en niemand lag of glimlag eens nie maar aïmal laat hulle hoof in doodse stilte sak, voel verpletterd. Maar dit is nou die ergste geval. Dikwels sê 'n mens 'n ding wat nou nie eintlik kwaad was nie, maar jy voel jy moes hom darem maar liewer nie gesê het nie. In alle geval was hy oorbodig; jy sou daar niks by verloor het as jy hom binne gehou het nie. Daár was, soos jy jousef oor en oor sal verseker, eintlik geen kwaad by nê. Maar daar was hierdie een, nee twee, oortredings van die reëls van goeie smaak: vereers, dat jy kortgekom het aan behoorlike eerbied en konsiderasie vir jou hoorder; en ten tweede, dat jy jou eie waardigheid geskend het.

Vir die spreker wat hom aan so 'n mistrap skuldig maak is daar, so nie 'n verskoning nie dan tog 'n uitleg. Dit was in die haastigheid dat hy sy mond verby gepraat het. Miskien is dit sy ongelukkige aanleg om vinnig en impulsief te wees, miskien hou hy daarvan om geselskappe op te wakker* met knappigheid — smartness — al hou sy gehoor nie altyd so veel daarvan as hy nie. Maar vir die skrywer is daar nie so 'n uitleg om tot versagting van oordeel in te bring nie. Sy woord kom met tyd vir oorweging en beraad; as hy ook dan nog haastig was, kan hy môre deurkyk en wysig of skrap wat hy vandag geskryf het. Hy weet die geskrewe woord staan, staan vir baie en nie vir een nie, staan onder bewaring nie van wisselvallige geheuens nie maar op blywende skrif gegraveer. Vir homself, hoe sal daardie selfde geskrewe gesegde oor 'n week lyk, oor 'n jaar, oor twintig jaar?

En ons het maar die klein sondetjies behandel. Oor growwe aanstotelikhede, vuiltaal, lastertaal, skindertaal, behoort dit nie nodig te wees om hier te preek nie.

*Hoewel ons *opfris* en *opvrolik* en *aanwakker* het, is *opwakker* nie 'n erkende werkwoord nie. As die gebruik navolging vind, sal hy langamerhand erkenning verwerf.

Uit die aard van die saak is dit onmoontlik om met reël en voorskrif te bepaal wat goeie smaak is, in 'n man se geskrif soos in sy gedrag. Om dit te beoefen hoef 'n mens maar jou eie beste ingewing te raadpleeg; as jy dit jou lewensgewoonte maak om suiwerheid en reinheid van gevoel aan te kweek, vir jouself waar jou woorde vandaankom en vir jou ewemens, waar dit heengaan, sal jy die wysheid (glad iets anders as slim-migheid) verwerf wat hier soos elders jou altyd betroubare gids sal wees. Gelukkig is die meeste van ons nie slim nie; dis die slim mense wat hulle die ergste aan slegte smaak besondig.

Weer — hoeveel maal het ons nou op dieselfde slotsom uitgekom? — weer is ook die sonde teen goeie smaak 'n sonde teen die groot skryfbeginsel: Moenie uit jou pad gaan om te soek nie.

HELDERHEID

Van alle vereistes by 'n skrywer, is helderheid die eerste — eintlik van meer gewig as al die ander saam, want as die helderheid ontbreek, is al die ander hoedanighede saam met hom van die baan af. Elke geskrif tog is 'n meedeling. Dit kan kennis wees wat meegedeel word, soos in 'n wetenskaplike verhandeling. Dit kan 'n leermetode of dinkmetode wees, soos in 'n handboek by die opleiding van onderwysers of 'n teksboek oor logika of psigologie. Dit kan indrukke of aandoenings of gevoelens wees, soos in 'n digwerk of roman. In elke geval is daar iets in die siel van die skrywer wat hy deur middel van sy woorde beoog om oor te dra tot in die siel van sy leser. In sover as wat hy onhelder is, dra hy dit nie oor nie, deel hy dit nie mee nie, mis hy sy hele doel, netso goed asof hy hom sou bedien het van 'n vreemde taal, aan die leser onbëkend. Die onverstaanbare spreker of skrywer sê eintlik niks, want sê is van iemand aan iemand; hy bring letters of klanke

voort. So doen 'n bobbejaan en 'n donkie ook*—maar hulle doen maar een van die twee.

Dis een van die kenmerke van 'n goeie hoedanigheid dat hy nie alleen staan nie maar ander goeie hoedanighede met hom saambring. Waarheidsliefde, byvoorbeeld, bring eerlikheid mee, want die skelm kan dit nie bekostig om die waarheid te praat nie. So behels helderheid by 'n geskrif ook ondubbelsinnigheid, want in twee moontlike betekenis is daar geen een betekenis nie; juistheid van woordekeus en noukeurigheid van uitdrukking, want die verkeerde woord of woordegroep dra die verkeerde begrip oor; suiwerheid van idioom, want dis die kern van die gemeenskaplike medium waardeur aanraking tussen skrywer en leser hoegenaamd moontlik gemaak word; ordelikhed van sinsbou, want die verwarde sin is verwarrend; diepte van gevoel, waar dit op gevoel aankom, want anders is die fles nie geskud nie en die beste van die medisyne bly in die afsaksel agter.

Ons is almal lesers, hoe min of hoe veel ons almal skrywers mag wees. Laat die leerling wat by sy lees getref is deur 'n besonder heldere styl in een of ander boek, homself afvra (want dit is mos waarvoor hy hom laat oplei, om self ook helder te kan wees) hoe daardie helderheid bereik is. Laat hom soek na die ander hoedanighede wat met helderheid gepaard gaan. Laat hom nagaan watter middels die skrywer by der hand geneem het om so 'n resultaat te bereik. En hy sal vind dat die opvallende voortreflikheid in een opsig 'n menigte ander, bedekte, voortreflikhede insluit. Hy het voor hom gehad 'n voorbeeld van die kuns wat so maklik en spontaan lyk omdat dit volmaak genoeg is om sy eie kunsgeheime te verberg.

Sê van 'n skrywer dat hy helder is, en jy het baie meer gesê as net dat hy helder is.

*Doen ons hulle nie onreg nie? Word hulle geluide nie begryp deur hulle gelykes nie?

Daarom, moenie dink dat ons in hierdie boek te min ruimte bestee het aan wat ons self hier noem die allervernaamste skryfeienskap nie. Al die aanwysings van die hele boek is maar bedoel om ander vereistes te behandel op die weg na die een hoofvereiste.

EENVOUD

Eenvoud is self maar weer 'n voorwaarde van helderheid; 'n ingewikkelde ding kan immers nie helder wees nie. Ons behandel die vereiste hier as 'n besondere onderdeel omdat hy so uiters belangryk is.

Eenvoud is 'n natuurlike hoedanigheid, en dit is die eerste waarborg van sy deugdelikheid. Want die natuurlike ding is die bestendige ding en wat nie deug nie kan nie bestendig wees nie. Van ons suielingskap af leer ons ons taal eenvoudig praat want ons hoor hom eenvoudig praat. En daarvandaan gaan ons ons lewedeur in die omgang met eenvoudige mense. Ons deel die klein dingetjies en die groot dinge wat om ons of met ons gebeur, aan mekaar mee in eenvoudige taal. *Dis 'n heerlike dag; ek voel siekerig, ek sal maar nie kan werk-toe gaan nie; Sannie het haar aan my verloof en sy het my so gelukkig gemaak; my moeder is dood:* dis die soort gesprekke wat ons al die dae van ons lewe met mekaar voer. Wie van die eenvoud afwyk, sit dus iets by; hy het na iets gesoek wat nie vanself kom nie. Met inspanning het hy 'n deugdelike ding verwerp om 'n ondeugdelike aan te skaf. Dit het geleerdheid gekos by Quiller Couch se joernalis om te skryf: *He was conveyed to his residence in an intoxicated condition.* Die ongeletterde navvy sou gesê het: *He was carried home drunk,* en in sy ongekunstelde woorde sou daar groter krag en waardigheid gewees het. Herhaaldek kry ons 'n roman in die hande waarin daar bladsye-vol gesprekke voorkom, uitgedruk in paragraaf-lange, ingewikkelde sinne, saamgestel uit woorde en woordverbindings wat die soort mense wat daar

voorgestel word nooit sou droom om te gebruik nie. So 'n voorstelling van die lewe is dus 'n wanvoorstelling, eintlik gladde voorstelling nie. Dis 'n prent van wat in die werklikheid nie bestaan nie. Maar al haal so 'n skrywer ook nie denkbeeldige ander mense se woorde aan nie, al praat hy wat hy as sy eie woorde gee, dan mismaak hy homself met wat hy daar stel as 'n beeld van sy sielsbesitting; of anders het hy hom vooraf deur pynlike inspanning mismaak om die soort verwronge siel in sy binneste om te dra waarvan daardie segswyse 'n uitvloei is.

Laat ons 'n paar voorbeelde aanhaal uit die onuitputtelike bron wat vir ons almal beskikbaar is, die hoogste model van die majestelt van eenvoud in al die letterkundes van die wereld. Die allereerste reël beskryf 'n ontsaglike gebeurtenis, die Skepping van 'n Heelal. Kon daar ooit skrywer of digter instaat wees om aan so 'n gebeurtenis te laat reg wedervaar? Ja, die skrywer van Genesis I het dit reggekry: *In den beginne schiep God den hemel en de aarde.* En kort daarop word die woorde van God aangehaal—dis die Almagtige wat daar praat: *En God zeide: Daar zij licht.* Drie woorde.

Die Bybel is vol dialoog, altyd treffend, altyd kragtig. Maar daar kom nie 'n gesprek voor waar daar aan die sprekers woorde in die mond gelê word wat gewone mense, soos ons hulle vandag nog ken, onder die gestelde omstandighede nie sou gebruik het nie. Daarom is die Bybel in sy menselike vir alle tye en vir alle volke waar.

Maar ook waar dit nie dialoog is nie, neem die gesegdes wat deurloop. Hoe sal ons uitsoek?—*Want gelijk de hemelen hooger zijn dan de aarde, alzoo zijn mijne wegen hooger dan uwe wegen, en mijne gedachten dan ulieder gedachten . . . De Heere is mijn herder, mij zal niets ontbreken . . . Waar gij zult heengaan, zal ik ook heengaan, en waar gij zult vernachten, zal ik vernachten; uw volk is mijn volk, en uw God mijn God . . .* Hoe sou ons uitsoek? So, wat die vorm betref, soos die Bybel praat, kon 'n kind of 'n ongeletterde

gepraat het. En met so 'n eenvoud van medium bereik hy sy verhevenheid.

So 'n leerboek soos hierdie het natuurlik met godsdienslike oorwegings niks te doen nie. Maar as 'n blote saak van die veredeling van die skryfkuns beskou ons dat dit diep te betreur is dat die Bybel in hedendaagse tye so min gelees word, ook op ons skole en hoërskole. Dis geen teken van kultuur nie maar van gebrek daaraan.

Tot sover het ons die eienskap van eenvoud uit 'n verstandelike oogpunt beskou. Ons het voor oë gehad die eenvoudige stelling wat met die minste uitgawe die meeste inkomste lewer. Aan beide skrywer en leser bespaar hy inspanning. Hy bespaar tyd en hy bespaar ruimte; die eenvoudige skrywer sê meer op een bladsy as die ingewikkelde op tien.

Maar daar is ook die estetiese kant van die saak. 'n Mooi nooi is 'n pronkstuk van die Skepper; binne in haar is daar 'n beengeraamte wat nes 'n ander beengeraamte lyk. Is dit 'n beskrywing van die nooi om die geraamte te beskryf? In 'n mediese teksboek, in 'n algebraïese verhandeling, verwag jy nie kleur en lewe nie. Maar in ons alledaagse omgang, hetsy ons praat, hetsy ons skryf, deel ons nie net harde feite en droë kennis aan mekaar mee nie. Ons deel ook gevoel en aandoening mee. En ons deel ook skoonheid mee sodat ons dit saam kan geniet. Dis daarmee soos met die gemakke en toerusting van die lewe waarmee ons ons omring. Ons het stoele om op te sit en tafels om by te skryf of te lees of naaiwerk te doen of te eet. Solank as die stoel gemaklik sit en die tafel nie wikel nie, is hulle volkome doeltreffend vir hulle diens. Maar daarmee is ons nie tevrede nie. So goed as ons dit kan bekostig, kies ons meubels wat 'n plesier is vir die oog, netsoos 'n mooi nooi 'n plesier is vir die oog. En ons hou hulle skoon en blink, en ons sit verder nog 'n blomruiker op die tafel. Op ons nederige manier volg ons die Here ná. Hy het nie vir ons net 'n wereld gemaak van skone nuttigheid nie maar van nuttige skoonheid.

En so gebruik ons woorde waarin daar meer vervat word as net informasie. Daar moet ook skoonheid in wees. En hulle is tot twee soorte skoonheid instaat. Daar kan 'n skoonheid in die klanke en klankverbindings self wees, soos daar is in die musiek van 'n soetvloeiende gedig. En dan ten tweede kan daar skoonheid wees in die beelde en gedagtes en gevoelens wat deur die woorde opgeroep word in die gees van die ontvanger. Dus, al is ons nie digters en kunskeppers nie, al gebruik ons maar ons woorde vir alle-daagse doeleindes, soek ons meer as net nuttigheid. Ook van ons alledaagse lewe, met die enigste middels tot sielegemeenskap wat daar vir ons is, streef ons om 'n hemel op aarde te maak.

Maar dan, is eenvoud dan nie onvoldoende nie? Bring dit ons by die skoonheid van die nooi? Laat dit ons nie by die naakte geraamte nie? Kom ons toets die saak met voorbeelde.

Hij zal zijn als een boom, geplant aan waterbeken. Nadat jy die sin gelees het, maak jou oë toe, leser. Sien jy die prent? Ja; en jy sien nie net 'n prent nie, jy sien jôu prent. Skrywers wat hulle kuns minder verstaan as die digter van hierdie eerste psalm, is nie tevrede dat die leser sy eie prent uit sy eie siel haal nie; hulle wil hulle prent aan hom opdring met 'n omslagtige inventaris van besonderhede. En hulle misluk hopeloos. Hy ontvang nie wat hy tot sy eie kan maak omdat dit aanpas by wat reeds sy eie is nie; hy kry hore-sê. Hulle gee hom juis daardie beskrywing wat verstandelik begryplik is maar die gevoelige siel nie raak nie. Dis nie hier die eenvoud nie maar die gebrek aan eenvoud wat met die geraamte aankom in plaas van met die lewende nooi. Of liever, dis nie eens 'n geraamte nie; dis 'n hoop deurmekaar gebeente. En die beskrywing, beskou as 'n meedeling, is nie eens by sy onskoonheid nuttig nie. Die psalmis leer ons beter. Met die nederigste bereik hy die hoogste.

In 'n ou skoolboek oor "The Art of Writing" haal die skrywer, Professor Meiklejohn, parallel passasies aan

uit Homerus en Homerus se metriese vertaler Pope. Hier is een uittreksel in die twee lesings:

Homerus (letterlik in prosa oorgesit): *He fell upon his neck and kissed him.*

Pope:

*He ran, he seized him with a strict embrace;
With thousand kisses wandered o'er his face.*

Hierop laat Meiklejohn volg:

In no long time people got tired of this sort of thing. It was artificial (whereas poetry ought to draw its nourishment from the elemental and eternal feelings of human nature), it was fashionable, it was forced. Cowper began the reaction; and, in his translation of Homer, used a simpler and a manlier English.

Laat ons nog 'n foets toepas. Onder die gemakke en benodigdihede van ons lewe beklee die woonhuis 'n eerste plaas. Ons het hom nodig vir skulite en beskerming. Maar hy is meer vir ons as wat die grot was vir die wilde Troglodiete. Hy is 'n tuiste met smaak en skoonheid ingerig. Nou kry jy 'n eenvoudige rietdak-huisie wat byna wegkruip onder die bome by 'n riviértjie. Die skaduwees op die gras en die gefluit van die voéltjies en die murmel van die stroompie gee aan die verbyganger 'n indruk van soetheid en vrede en liefde. Hy kan weer en weer daar verbygaan; altyd streel die prentjie sy hart. En as hy ver in die wêreld heen weggaan en hy dink terug, sal die herinnering aan daardie toneeltjie altyd 'n heerlike gevoel by hom verwek.

Neem daarteenoor die nuwerwetse paleis van die ryke met meer geld as smaak, vol blikblomme en konkreet-versiersels. Elke slag wat jy weer daar verbygaan maak hy jou meer moeg; jy kyk naderhand weg om hom nie te sien nie. Miskien was hy die eerste maal indrukwekkend, meer indrukwekkend as die huisie daar onder

die bome. Maar hy is soos die nooi met die luidskreeuende bontrok. Bestendige genot vir die oog verskaf hy nie. En bestendigheid is die rigsnoer van skoonheid. Keats se reël is 'n definisie:

A thing of beauty is a joy forever.

Laat die leerling dink aan die versies en tekste en gesegdes wat in sy geheue vasgegrif bly en wat dit altyd 'n genot is om te voorskyn te roep. Laat hom dink aan die verhaal wat hy nooit vergeet nie. By sy gewone lees laat hom vergelyk die hoofstuk wat hy onthou nadat hy die boek toegemaak het, met die hoofstuk uit die ander boek wat niks nalaat nie as 'n mengelmoes van verwarde begrippe. Hy sal vind dat dit die eenvoudige dinge is wat hy onthou. Die indrukke wat ons op ons lewensweg ontvang en in ons siel bewaar, is die indrukke van die groot dinge en die diep dinge — ook van die klein dingetjies wat groot is en die gewone dinge wat diep is.

Weer en maar weer, en in hierdie verband veral, druk ons dit op die gemoed van die leerling dat hy tog sy Afrikaanse skat moet hoog ag — en homself so hoog ag dat hy die skat wêrd is. Hy is bo die skrywers in ander tale bevoorreg. Want eenvoud is die wese van Afrikaans. Vir die diens van die skrywer is daar nie nog sulke gereedskap nie.

OPGEWEKTHEID

Hier praat ons nie van eintlike humor nie. Daar is plekke waar 'n grap te pas kom. Daar is plekke waar hy uit die pad is — daargelate dat daar soorte grappe is wat oral uit die pad is. In 'n preek verwag jy nie geestigheid of in 'n doodsberig gekskeerdery nie, en jy kry dit ook nie daar nie. Verspottigheid verwag jy nêrens nie hoewel jy gewend is om dit op baie plekke te kry.

Om 'n grapmaker te wees kos 'n natuurlike aanleg. Of dit 'n begeerlike eienskap is of nie, aangekweek word kan dit nie. Maar elkeen van ons, al is hy ook van geaardheid geneig om somber te wees, kan hom deur aanhoudende oefening daartoe bring om van opgeruimdheid 'n gewoonte te maak. Van die altyd swaarmoedige en bedrukte en die suurvroom Fariseër hou ons geeneen nie en ons is ook nie geroepe om van hulle te hou nie; hulle is wolkvlekke op Gods sonnige Skepping. Die opgeruimde maak sy eie lewe gelukkig, en geluk straal van hom uit op dié met wie hy in aanraking kom. Daar is plek vir trane in die lewe — en genoeg plek om hulle daar te hou. Daar kom donker nagte, maar die daeraad breek weer aan en dan gaan ons nie in onderaardse kelders wegkruip om die duisternis te behou nie.

So word daar tragedies geskryf en daar word oor tragiese dinge geskryf en dan mis die skrywer sy doel as hy die leser laat glimlag. Maar daardie is die geskifte van die nag. Mooi kan hulle wees, soos die nag sy eie skoonheid het. Maar hier praat ons van dagwerk. En daardie gewone alledaagse skryfwerk, in die brief of in die bydraag of in die opstel, hoef nie ligsinnig of baldadig te wees nie, maar die toon daarvan behoort blymoedig te wees. Soos die sagte, vriendelike glimlag, sonder uitspattendheid, op die gelaat van die liefdevolle, behoort hy te getuig van 'n opgeruimde stemming by die skrywer, en hy sal soetheid bring in die hart van die leser en, tot getuienis, dieselfde glimlag op sy gesig en 'n fonkel in sy oë. O skrywer, as jy *dit* vir hom gedoen het, wat het jy nie vir hom gedoen nie!

Die Here het 'n blymoedige gewer lief, lees ons. Op sy beste is die skrywer 'n gewer uit liefdadigheid: laat hom blymoedig gee en homself met die liefdedaad geluk verskaf. As hy minder is — as hy sy woorde verkoop, ons moet almal lewe, die een uit die ander — laat hom die voorbeeld van die glimlaggende winkelier volg. Die sure bly sonder klandiesie.

Maar ons hoef nie tot kommersiële motiewe af te daal nie. Skryfwerk is geesteswerk, vir die wat gee en vir die wat ontvang. Leer jou leser om jou lief te kry; steel sy hart; maak van hom jou boesemvriend. En jou woord sal vir hom 'n tere woord wees en 'n innige woord. Somtyds verwonder ons ons waarom hierdie skrywer of daardie skrywer bokant wat ons as sy verdienste beskou, as volkskrywer aangenêem en erken word. Sy geheim was baie eenvoudig; hy het liefde gebring en liefde gekry.

NATUURLIKHEID

Die leerling wat met die baie reëls en voorskrifte van hierdie boek kennis gemaak het, kan sê: "Maar as ek al hierdie gebodte en verbodte moet in ag neem dan kan ek gladnie skryf soos my hart vir my voorsê of my woorde neem soos hulle vanself kom nie. Dan lê ek vasebind in duisend boeke van kunsmatigheid en gemaaktheid."

My liewe man, om mee te begint het jy die abc geleer en toe leer spelle en al-spellende met groot inspanning leer lees. Nou lees jy sonder om ooit aan die besonderse letters of lettergrepe te dink of bewus te wees van die verskil van voorkoms tussen 'n *n* en 'n *u*.

So het jy die musieknote geleer en met stadige gesukkel deur pynlike vyfvinger-oefeninge een vir een in verband gebring met die ooreenkomstige klawer op die klavier. Nou speel jy met ongelooflike snelheid vier-vyf-ses note gelyk, twaalf-vyftien drukke in die sekonde, sonder om ooit aan die naam of plek van 'n noot te dink.

En so het jy leer skrywe, wat die blote voorstelling op die papier betref. Nou dink jy nooit daaraan dat jy hier 'n *f* moet sit en daar 'n *v* en hoe jy hulle tot lettergrepe bymekaar moet voeg nie. Jy bereik jou resultaat sonder om jou aandag aan die proses te gee.

Eintlik is dit die doel, en uit ondervinding weet ons dat dit die uitwerking is, van alle opleiding en oefening.

Die bevoegde ambagsman en beroepsman doen sy werk maklik en vinnig en degelik juis omdat hy reëls toepas sonder om daarvan bewus te wees. Die onopgeleide sukkel omdat hy met bewuste inspanning probeer om reëls toe te pas. Dis sy werk wat die spore van kunsmatigheid dra; die geskoolde se werk loop met gladde natuurlikheid. Maar reëls en voorskrifte is daar vir albei.

Netso is dit met taalreëls en stelreëls. Met bewuste inspanning leer 'n mens die vorms en verbuigings van woorde en die verskillende middels wat aangewend word om hulle betekenis en verhoudings aan te dui, sodat jy 'n vertroubare maatstaf het om te bepaal wat reg is en wat verkeerd is. (En dit geld netso goed vir die studie van die teoretiese spraakkuns van ons moedertaal wat ons vooraf prakties aangeleer het sonder om van spraakkunstige reëls te weet.) Daarná kom die oefening om die kennis toe te pas, en ná die oefening die gebruik (wat tegelyk 'n voortdurende voortsetting en versterking van die leeroefening is). En dan ontleed jy nie meer jou woorde en jou sinne nie — inteëndeel, komposisie is reëreg die teenoorgestelde van analiese. Maar die voorafgaande en nou so te sê vergete analiese het die komposisie moontlik gemaak. Die gewoonte van gehoorsaamheid neem die besef van die gebod weg — en dis die hoogste gehoorsaamheid wat daar is.

Geen skrywer wat in die tyd van sy oefening sulke voorskrifte as vervat is in ons hoofstuk oor sinsbou met bewustelik gespanne aandag in toepassing gebring het, dink ooit, wanneer hy later 'n ervare en bedrewe skrywer geword het aan daardie voorskrifte nie. Hy sit nie 'n klomp woorde, sinsele, ondersinne en sinne in afsonderlike groepies op die tafel van sy gees neer en skuif hulle dan, hier probeer en daar probeer, rond en rond tot hulle gesamentlik 'n patroon vorm nie. Hy rangskik sonder om te weet dat hy rangskik. En sy rangskikking is degelik omdat die onbewuste bekwaamheid groter is as die bewuste.

En daardie rangskikking, aanvankelik langs kunsmatige weë bereik, is op die ou end degelik en doeltreffend omdat dit die beste natuurlike rangskikking is. Dit, en niks anders nie, was die doel van die voorskrifte. As daar in hierdie boek, of in enige ander skryfboek, 'n stelreël voorkom wat berekend is om weg te lei van die natuurlikheid af, dan is so 'n reël verderflik en verwerpelijk.

Die leerling sal dan, wanneer hy nie meer 'n leerling is nie, aan geen reëls of voorskrifte dink nie maar skryf soos sy hart hom neig. Dis waar, nadat' hy sy stuk klaar geskryf het, sal hy dit oorgaan, en dan met bewustheid en ingespanne aandag oplet of hy nie hier of daar met 'n ongeluk oortree het nie, en self sy korreksies aanbring omdat daar nie meer 'n meester is om dit vir hom te doen nie. Maar by die eerste skrywe sal hyself maar net dien as amanuensis, so te sê, om af te skryf wat van binne gedikteer word. Daarom sal hy nie soek nie maar neem wat hy ontvang soos hy dit ontvang, en so dit weer uitdeel. En so sal hy natuurlik wees.

Natuurlikheid is nie net, soos ander vereistes, op 'n intellektuele en estetiese beginsel gegrond nie maar op 'n etiese. Aanstelling, gemaaktheid, gekunsteldheid is vals en misdadig. Misdadig by die motief en noodlottig in die resultaat. Die suksesvolle skrywer behaal sy effek sonder om daarna te soek. Hy bly aan sy eie ingewing getrou. Hy is eg en nie vals nie; gelouterde goud en nie 'n namaaksel nie; want hy is wat hy is.

Hierdie eenvoudige vraag behoort afdoende te wees: As jou eie gereedskap nie in jou hande deug nie, verwag jy dat wat nie jou eie is nie sal deug? Die onnatuurlike kan nie jou eie wees nie; jou eie kan nie onnatuurlik wees nie. Die onnatuurlike word gesoek.

WAARHEID

Dis treffend hoedat die verskillende eienskappe van 'n deugdelike geskrif maar by nadere ondersoek lyk of

hulle een en dieselfde is. Telkens vind ons dat wat onder een van die hoofde gesê is, netso goed onder 'n ander kon gesê geword het. Die doel van die besonderse onderdele is dan ook maar om deur die afsondering besonderheid van aandag te soek.

So het ons onder die voorgaande hoof, "Natuurlikheid", gesê wat ons hier kon gesê het, en hier sê ons wat ons daar kon gesê het.

Dis nie hier die plek om oor die algemene (dit wil sê die seldsame) deug, waarheidsliefde, te praat nie. Wat ons hier mee te doen het is die noodsaaklike vereiste van 'n geskrif dat hy eerlik behoort te wees, dat hy behoort te wees wat hy hom voor uitgee en nie iets anders nie. As dit 'n betoog is, is dit sy doel om te oortuig, en in daardie doel sal die skrywer die waarskynlikste slaag as hy self oortuig is. As dit 'n stuk geskiedenis is, moet hy ooreenkom met die werklikheid van wat daar gebeur het.

In 'n roman of dergelyke verdigsel kan daar natuurlik nie hierdie soort letterlike waarheid wees nie. Daar is ook nie 'n voorwendsel dat die persone wat daar beskryf word met die woorde wat hulle gepraat het en die dinge wat hulle gedoen het en wat daar met hulle gebeur het, ooit bestaan het nie. Maar hulle moet so beskryf word asof hulle werklike lewende mense was, so praat en so handel soos sulke mense onder sulke omstandighede sou gepraat en gehandel het. In 'n geskiedkundige roman of drama word werklike karakters en omstandighede beskryf, maar geïdealiseer en verheerlik tot meer as hulle was. Tog, dit moet nog al die tyd *hulle* wees, nie 'n verheerliking van wat nie bestaan het nie.

In 'n gewone alledaagse verdigsel moet daar nie onmoontlike dinge gebeur nie. Waar dit opsettelik 'n verhaal is van 'n onmoontlikheid, soos 'n kindersprokie waar toornaars en feeë wonders verrig, moet ook die loop van die verhaal binne die perke van die grondveronderstelling gehou word. En so, in 'n spookstorie vir grootmense of 'n buitensporige fantasië waar 'n

natuurwetenskaplike, soos in H. G. Wells se "Island of Dr. Moireau," diere tot halfmense omwerk deur chirurgiese operasies, sal die skrywer, as hy sy ambag verstaan, juis die bykomende voorgrond en omgewing en agtergrond met die allergeewoonste alledaagse toestande en omstandighede vul. Dit alles is bloot gemeenplaas; dis maar 'n saak van aannemelikheid en oortuigendheid. Anders sal die leser die boek weggooi voor hy halfpad gekom het.

Tot sover het ons te doen gehad met waarheid, of waarskynlikheid, van inhoud. Daar is 'n ander vereste, en dit is waarheid van vorm. Die vorm moet eg en opreg wees, nie aangesit of nagemaak nie. Onder die dooie drukwoorde deur moet die leser die skrywer se eie stem hoor klink.

En dit bring ons maar vir die soveelste maal weer terug tot die ou waarskuwing, dat dit niks help om voëls te wil vang met strikke wat jy voor hulle oë span nie. Die skrywer wat uit sy pad gaan om na effek te jag en die leser wil vang met allerlei kunstgrepies, verdiedel juis sy doel. Sy mombakkies is deurskynend. Dit bederf sy gesig sonder om dit te verberg.

DEFTIGHEID EN WAARDIGHEID

Flenters en vuil klere is nie deftig nie, maar 'n bont menigvuldigheid van linte en strikke en franjes is ook nie deftig nie. Wat 'n mens byna van kleredrag kan sê kan jy met volle juistheid van lettere sê: Hoe meer versiersel, hoe minder versiering. Wanneer die jong skrywer homself betrap op 'n poging tot mooiskrywery, laat hom stop of skrap. Welsprekendheid kom nie met soek nie; hy kom gladnie of hy kom ongenooïd, vanself. En wanneer hy dan kom is dit wonderlik hoe nederig sy gedaante is. Maar in daardie nederige gedaante is hy onmiskenbaar.

Daarom kan ons nie almal daarin slaag, en die talentvolste van ons nie altyd, om welsprekend te wees nie

Die goddelike vuur daal maar op die uitverkorenes, en op uitverkore tye, uit die hemel. Maar deftigheid en waardigheid, in ons skrif soos in ons gedrag, is binne almal se bereik. Te meer binne ons bereik omdat hy nie bestaan in wat ons bysit nie maar in wat ons weghou. Al wat nodig is, is die selfbeheersing wat weet om die vodde en die flenters, die vloekwoorde en vuil woorde en growwe woorde, eenkant te laat lê en die opsmuksel en opskiksel anderkant.

VERANTWOORDELIKHEID

Ons het aangehou om daarop aan te dring dat die skrywer die leser moet in ag neem. Hy moet so te sê skryf met sy een hand op die papier en die ander op die pols van sy leser. Want hy skryf om gelees te word; as hy nie gelees word nie, of gelees word en nie begryp word en ter harte geneem word nie, het hy eenvoudig sy werk verkwis.

Maar, aan die anderkant, die skrywer is met 'n groter verantwoordelikheid belas as om net die leser na die mond te praat. In die politiek kry 'n mens die demagoog wat van geen beter oogmerk weet nie as om die verbygaande grille en seksie-belange van begeerde ondersteuners uit te buit. In die daelikse omgang kry ons die ja-broer wat met almal se menings saamstem en op niemand invloed uitoefen nie. In die skouburg kry ons die harlekyn wat nie vir hom ten doel stel om die smaak van sy toeskouers te veredel nie maar die smaak neem wat hy kry, al is dit op die laagste, en hom daarna rig vir byval. In die dagblaale en tydskrifte en romans van onderste gehalte word die ware na die mark gemaak, word daar selfs 'n studie van gemaak om die gehalte van die aanvraag al-gaande verder en verder te verlaag ten einde die voorsiening te vergemaklik en tog die afset te vergroot. Sensasie-lus word geprikkel en onreine drifte opsettelik aangevuur.

'n Hoër weg as dit, en na 'n hoër bestemming, lê voor die skrywer wat met 'n besef van sy verantwoordelikheid besiel is. Soos elke ander beïnvloeder van die openbare mening en smaak en gevoel, moet hy, om hoegenaamd te kan beïnvloed, *volg* om te kan lei. Maar hy moet volg om te kan lei, en om na die hoogtes te lei. Nie met didaktiese prekery nie, nog minder met fariseese aanmatiging. Maar met 'n gees wat nie nodig het om vorentoe gedring te word vir vertoning nie omdat dit as 'n vanselfsprekende eienskap die hele werk deurstraal, 'n gees van adel en reinheid en soetheid en liefde.

Dit, tot sover, omtrent die eis waaraan alle skrywers behoort te voldoen. Op ons Afrikaans-skrywers rus 'n verdere en besondere verantwoordelikheid. In die dae wat verby is het ons ongeletterde voorgangers vir ons 'n spreektaal gevorm. Aan ons, hulle geletterde opvolgers van die nuwe tyd van vandag, is die taak toevertrou om die spreektaal verder tot 'n skryftaal te vorm. Ons is die eersteling van die nuwe saaiers; die saad vir die groei van die toekoms is in ons hande. Waar ons verwaarloos, waar ons verwerp, waar ons vervals, saai ons vir die oeste wat ná ons sal kom die swakheid van verrotting en die kwaad van bederf. Om daarteen te waak het ons al ons liefde nodig. Wie nie hartstogtelik sy moedertaal eer en bewonder en bemin nie, laat hom nie die onbeskaamde vermetelheid hê om homself tot skrywer te benoem nie. Hy is die hoogte van so 'n roeping nie wêrd nie en sy werk sal die laagte van sy waarde verrai.

Die oes van woorde-saad kan nie in sakke gemeet of op skale geweeg word nie. Maar 'swaarste nog is die verantwoordelikheid by die geskrewe woord. Oor die grootste verhoor in die geskiedenis van die wêreld het 'n regter gesit wat sy regterlike verantwoordelikheid met voete vertrap het. Maar by die uitvoering van sy vonnis het hy darem een woord gesê wat as 'n ontsaglike waarskuwing vir elke skrywer staan: *Wat ek geskrywe het, het ek geskrywe.*

VRAE EN OEFENINGE

1. Dink aan 'n toneel, sê maar die huisie onder die bome, en vergelyk die verskeidenheid van indruk wat op u sou gemaak word deur (a) die werklikheid, (b) 'n foto, (c) 'n skildery, (d) 'n geheue-beeld, (e) 'n wóordelike beskrywing.

Wat is die doel van die skrywer met so 'n woordelike beskrywing?

2. Bespreek hierdie stelling: "Die skrywer sal alleen dan in sy doel slaag wanneer hy van sy leser sy medewerker maak."

3. Het 'n wetenskaplike, 'n geskiedskrywer, 'n verslaggewer, die reg om die inhoud te verander om die vorm ontwil? Vergelyk die romanskrywer. Terwyl die inhoud onder sy eie beheer is, staan hy onder geen beperkings nie?

4. Is 'n digter nie gedurig genoodsaak om die inhoud te skik na die vorm nie—byvoorbeeld om sy maat en rym reg te kry? Wat van 'n vertaalde gedig uit 'n ander gedig?

5. In watter opsigte bepaal die inhoud die vorm by (1) 'n ernstige preek, (2) 'n tragiese verhaal, (3) 'n klugspel?

6. Dui die verband aan tussen (a) juistheid van inhoud, (b) noukeurigheid van uitdrukking, (c) suiwerheid van gedagte.

7. Wat is die waarde van 'n wetenskaplike opleiding vir die aankweking van noukeurigheid van taalgebruik?

8. Maak 'n précis van wat gesê word onder die hoof "Inhoud."

9. Is daar 'n verskil tussen metrum en ritme?

10. Kan u 'n denkbeeld vorm waarom metriese reëlmatigheid in die poësie aantreklik is en in die prosa afstotend?

11. Neem 'n paar digterlike reëls wat u besonder bekoor en toon aan, soos in die teks gedoen is of op u eie manier, hoe die toon-ritme deur die metriese ritme heenloop.

12. Dit lyk of die skrywers se bedoeling is dat die indruk van uiterlike klank-ritme in die prosa eintlik 'n illusie is, teweeggebring deur assosiasie met die innerlike gedagte-ritme. Stem u hiermee saam?

13. Skryf 'n stuk prosa—'n halwe bladsy sal voldoende wees—in 'n metriese vorm, lees dit hardop, en beskryf die indruk.

14. Kies 'n stuk Engelse prosa wat u tref as welluidend. Vertaal dit in Afrikaans, so letterlik as u kan maar suiwer idiomaties. Klink u vertaling ook welluidend?

15. Is die bewerking van verskeidenheid van inhoud 'n saak van vorm?

16. Skryf 'n opstel oor verskeidenheid.

17. Vergelyk die aankweking van goeie smaak in ons alledaagse gedrag en omgang, en in ons skrywe.

18. Kan jy helderheid hê sonder eenvoud? Kan jy eenvoud hê sonder helderheid?

19. Verdedig of bestry hierdie stelling: "Sê van 'n skrywer dat hy helder is, en jy het baie meer gesê as net dat hy helder is."

20. Waarom is helderheid die eerste van alle vereistes by 'n skrywer?

21. Skryf 'n opstel oor eenvoud.

22. Op hoe 'n manier is die aangehaalde versreël van Keats 'n definisie?

23. Onderskei tussen opgewektheid en humor in 'n geskrif.

24. Kan natuurlikheid, as 'n skryfeienskap, aangekweek word?

25. Waarom lei ambags-voorskrifte nie noodwendig tot kunsmatigheid nie? Is daar groter gevaar by kuns-voorskrifte?

26. In watter opsigte kan 'n geskrif onwaar wees?

27. Is deftigheid en waardigheid nie maar dieselfde as goeie smaak nie?

28. Skryf 'n opstel in u eie woorde, oor die verantwoordelijkheid van 'n skrywer.

AANHANGSEL

ONDERWERPE VIR OPSTELLE

Wat hier volg kan dien as onderwerpe vir opstelle oor die skryfkuns. Die leerling sal in elke geval die naam van die opstel-verskaf. By nommer 1 kon dit byvoorbeeld wees: "Die Plig van Fatsoenlikheid."

Waar die leerling se sienswyse verskil word hy aangemoedig om daarmee uit te kom. Hy sal ondersteun of kritiseer of bestry volgens sy eie opvatting.

1. Daar is nie die minste meer rede om skoon, net, sêndelik, waardig, hoffelik, minsaam te wees ten opsigte van jou persoon, kleredrag en omgang nie as ten opsigte van jou skrif. In albei gevalle skuld jy dit aan jouself en aan dié met wie jy te doen het.

2. Moenie jou leser moeite aandoen omdat jy jou eie moeite ontsien het nie.

3. Die hoogste vorm van selfrespek is om eerbied te hê vir jou eie woord.

4. As ander dinge gelyk is, staan die waarde van woorde en die aandag wat hulle ontvang, in omgekeerde eweredigheid tot hulle hoeveelheid.

5. Om suinig te wees met jou woorde, wees suinig nie uit armoede nie maar uit rykdom. Hoe groter jou taalskat, hoe minder woorde sal jy nodig hê om te gebruik. Vind die een beste woord vir elke plek en jy sal geen aanleiding voel om noodshulp in te roep nie.

6. Moenie bang wees om die een beste woord te herhaal waar dit nodig is nie. Die minderwaardige plaasvervanger is 'n korrupsie van jou eie teks.

7. Maar moenie, behalwe vir 'n verdere doel, 'n gesegde herhaal nie. Sê 'n ding gladnie of sê hom eenmaal op die

beste manier. Daarná sal jy self voel dat die herhaling 'n antiklimaks sou wees.

8. Verandering van vorm beteken nie uitbreiding van inhoud nie.

9. Span jou leser se aandag sōnder om dit te oorspan.

10. Die konkrete woord word onmiddellik deur die leser geëien; die abstrakte bly rondom hom in die lug.

11. Die gedagte wat aan 'n beeld verbonde is, hoef nie nog by die leser ingang te vind nie; hy begin meteens van binne te ontwikkel.

12. Die idiome van jou moedertaal is soos die gelaatstrekke van jou moeder — en sy is vir jou en jou leser een.

13. Kweek jou vorm en inhoud ewe sorgvuldig aan. Een kan die waarde van die ander vermenigvuldig of vernietig. Tweemaal een is twee, maar eenmaal nul is nul.

14. Laat jou gewoonte om suiwer te dink jou uiting noukeurig maak; en laat jou gewoonte om jou noukeurig uit te druk jou gedagtes suiwer hou.

15. Vir elke skryfdoel het jy maar twee middels om goed te gebruik of sleg, die keuse van jou woorde en die wyse waarop jy hulle onder mekaar rangskik.

16. Dis makliker om 'n netjiese sin uit woorde saam te stel as om 'n netjiese hoofstuk uit sinne saam te stel. Maar soos die tweede taak moeiliker is vir jou is sy behoorlike versorging nodiger vir die leser. Hy ook kan makliker 'n sin vat as 'n hoofstuk.

17. Dubbelsinnigheid laat die leser onseker tussen twee betekenis; onhelderheid laat hom onseker in die oneindige.

18. Bestudeer jou leser, of hy sal jou nie bestudeer nie. Verwag jy te min van hom dan sal jy nie tot by hom kom nie; verwag jy te veel van hom dan loop jy hom verby.

19. Met jou geskrif nooi jy die leser om saam op tog te gaan. Dit kan 'n haastige tog wees vir besigheid of 'n stadige vir plesier. Maar of jy met hom wil jaag om op die end te kom, en of jy tyd wil gebruik om blomme te pluk en in skaduwees te rus, hy is jou gas, dink aan sy gerief en moenie sy smaak beledig nie.

20. Vir albei togte, die nuttige of die aangename, moet daar 'n bestemming wees. Moenie sonder 'n plan skryf nie; moenie op jou tog ronddool en jou gas nêrens heen neem nie.

21. En vir elke tog, sorg dat die pad sonder knikke en stampplekke is. Voor jy jou geskryf in die wereld uitstuur, lees hom hardop, in alle geval aan jouself en as dit moontlik is aan 'n ander. As hy nie gladvloeiend loop nie, is daar meer verkeerd as net die skurwigheid.

22. Moenie oor-punktueer nie, dan is jou interpunksie nie 'n hulp en 'n bevordering nie maar 'n oorlas en 'n oponthoud.

23. Moenie treffende gesegdes met kursief en uitroeptekens aankondig nie. Dan wys jy dat hulle nie vanself treffend is nie.

24. Moenie agter effek jaag nie; jy hardloop van jou leser af weg.

25. Moenie die prys van jou ware te hoog stel nie. Oor-drywing eis te veel geloof.

26. Jou leser het sy lewe lank met eenvoudige mense te doen gehad. Moenie van hom verwag om nou skielik van ou gewoontes af te stap nie.

27. Bly op die vaste grond staan en jy sal jou leser op jou skouers kan optel.

28. Skryf jou eie styl. Hy mag nie goed wees nie maar 'n nagemaakte sal nog slegter wees.

29. Onthou jou volk. Jou leser is een daarvan.

30. Een van jou woorde wat jou leser onthou is meer vir hom wêrd as duisend wat hy vergeet. Dink aan die soort woorde van ander skrywers wat jy self onthou het.

31. Die allerbeste skrywers kan nie aanhou met prikkel en skok nie. Maar hulle probeer dit nooit.

32. Die beste nadruk is dié wat geen klemteken wys nie.

33. Nog nooit was daar 'n skrywer van betekenis wat nie hartstogtelik verlief was op sy taal nie. Hy was nie verlief omdat hy so 'n skrywer was nie; hy was so 'n skrywer omdat hy verlief was.

34. Die skilder kan jou 'n beeld wys; die skrywer moet die leser self die beeld laat vorm.

35. Leer en beoefen jou taalreëls en stelreëls totdat jy hulle kan toepas sonder om aan hulle te dink.

36. Daar is 'n hartstog van ywer en 'n hoogmoed van degelikheid, en 'n saligheid van toewyding, wat vir geen ander dienaar in dieselfde mate as vir die skrywer bereikbaar is nie.

37. Die boekdrukkuns het jou diens vermenigvuldig. En jou loon, en jou verantwoordelikheid.

38. Eenvoud is nie eens 'n voorreg nie; dis almal se reg, om te gee en om te ontvang.

39. Die skrywer wat kla oor sy ongelese boek, veroordeel homself met sy klagte. Hy het misgeskiet — hoe het hy korrel-gehou?

40. Die bedelaar in die vodde sou sindelik gewees het as hy dit kon bekostig het; die skrywer moet slordig wees uit voorkeur.

41. Jou leser mag nie geneig wees om saam te stem met wat jy sê nie, maar jy kan hom partydig maak deur jou houding. Ons almal se oordeel loop maar die gevaar om bederf te word deur vooringenomenheid.

42. Dis nie merkwaardig dat daar so min kuns is in kuns-besprekings nie. As die skoonheid dan juis bestaan in saamstelling, hoe kan daar skoonheid wees by ontleding? Al die skryfreëls van hierdie boek is analiese; vergeet hulle by jou komposisie.

43. Omdat die skrywer nie in die oë van sy leser kan kyk nie, is hy geneig om hom te verbeel dat wat vir hom aantreklik en oortuigend en duidelik is, vir die leser dieselfde moet wees. Wees jy jou eie hiper-krietiese leser — nie by die skrywe nie maar by die oorlees, en skryf dan waar dit nodig is oor.

44. Eentonigheid is dodend, maar moenie so rondspring dat die spronge eentonig word nie.

45. Die skrywer kan 'n glimlag bring op die gesig van die wenende en met 'n verdere traan van dankbaarheid beloon

word. Hy kan 'n traan bring op die gesig van die opgeruimde en met 'n verdere glimlag beloon word.

46. Die skrywer kan tot die nederigste kringe afdal en hom nie verneder nie; hy kan tot die hoogste indring en daar verwelkom word.

47. Die skrywer kies nie net sy geselskap nie; hy maak dat sy geselskap hom kies.

48. Die skrywer kan innigheid vind by die vreemdeling, agting by die verwaande, belangstelling by die onverskillige, tuisste by die onherbergsame, liefde by almal.

49. Die skrywer verryk duisende met die uitdeel van sy skatte en raak nie verarm nie. Sy loon is by sy diens en sy geluk by die geluk wat hy gee.

50. Die skrywer roep tot aansyn wat sonder hom nooit sou bestaan het nie. Hy vul die werk van die Skepper aan.

DR. E. C. PIENAAR:

Taal en Poësie van die Tweede
Afrikaanse Taalbeweging

(Vierde Vermeerderde Druk)

Prys 11/3 posvry

C. J. LANGENHOVEN:

Die Rekenkap van 'n Dienaar

(In Twee Dele)

- Bevattende I. Die Wording van 'n Skrywer
II. My Aandeel aan die Taalstryd

NASIONALE PERS, BEPERK.

Posbus 692, Kaapstad

